


# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE





# tydskrif vir letterkunde

Redakteur:

ELIZE BOTHA

Redaksionele medewerker:

Elsa Nolte

**Skakelredaksie:**

J. J. Brits — W. A. de Klerk — Andre Demedts  
B. le Roux — Joan Lötter — Koos Meij  
Eben Meiring — Mie-jeanne Moelaert — P. J. Nienaber  
Z. J. Pretorius — P. D. v.d. Walt — M. M. Walters  
Eveleen Castelyn

Februarie 1975 Nuwe Reeks XIII:1

# Inhoud

<b>Hennie Aucamp</b>	: Die mens is 'n slaap .....	1
<b>Hennie Aucamp</b>	: Vlugsout — tekste vir pop-musiek ...	3, 43
<b>Haar Edele Regter Leo van den Heever</b>	: Oor beskawing .....	5
<b>J. C. Steyn</b>	: Op pad na die grens .....	10
<b>Theo Wassenaar</b>	: Gedigte .....	28
<b>P. G. du Plessis</b>	: Oor <b>Plaston</b> .....	30
<b>Marie Koeleman</b>	: Gedigte .....	41
<b>Laurika Wesels</b>	: Improvisasies .....	45
<b>fiennie du Toit</b>	: Indiërmark .....	51
<b>S. Strydom</b>	: “De zoldaat die Jezus kruizigde” .....	52
<b>A. J. J. Viser</b>	: “Verklaring” van die literêre kunswerk	59
<b>Christa Viljoen</b>	: Gekneus .....	65
<b>Mari' Mocke</b>	: Gedigte .....	66
<b>J. W. Jonker</b>	: Aan jou .....	67
<b>F. G. E. Nilant</b>	: Boekbesprekings .....	68
<b>M.M.B.</b>	: Kort boekbesprekings .....	73
<b>M. J. Prins</b>	: Brief aan die redaksie .....	75
<b>Ou Grietjie</b>	: Skyfies .....	76

REDAKSIE-ADRES EN ADMINISTRATIEWE ADRES:

(Vir bydraes, intekening en sirkulasie)

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, Posbus 1758, PRETORIA.

INTEKENGELD:

R4 per jaar. Los nommers: R1 per eksemplaar.

L.W.: Skole word versoek om direk by die bg. adres in te teken.

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak  
deur 'n jaarlikse skenking van


DIE DEPARTEMENT NASIONALE OPVOEDING

en van

DIE AFRIKAANSE PERSFONDS

aan die Afrikaanse Skrywerskring wie se amptelike orgaan dit is.

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook menings  
van die redaksie of van die Afrikaanse Skrywerskring nie.



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

HENNIE AUCAMP

DIE MENS WORD 'n SLAAP

('n fragment uit 'n dagboek)

Die aarde skuif onder ons uit. Die vliegtuig dring al dieper in die "blou buitenste duisternis" waarvan Ernst in een van sy mooiste verse skryf.

"Pa lê op sterwe." sê ek oor en oor vir myself. Maar ek besef nie wat ek sê nie. Die lewe bly vir my literatuur. Ek bedink selfs 'n "estetiese" reël: "Die oggendson skyn deur die wolke soos deur dun geskraapte marmor."

Joppie en Wilma wag op die Bloemfonteinse lughawe. "As ons maar betyds is," sê Joppie. Vir een oomblik wil emosie deur my verdowing dring; net vir 'n oomblik.

Die winterse Vrystaat is 'n pasteltkening, hier en daar bygewerk met houtskool en swart ink: blou berge op die horison, rooigras in die leegtes; en langs die Caledon en die Grootrivier die goudeel van Gariepwilgers. Mielies soos voëlverskrikkers, vuil en toingrig, en vuiler nog, en slordiger, die kafferboontjies in hopies op die landerye; naamborde langs die pad: Tochgekregen, Eenzaam, Jammerdrift, Aasvoëlkrans.

En vir 'n dag of twee bly die lewe vir my literatuur. Bly alles onwerklik: die vriendelike dorpshospitaaltjie, die troos van bekende en begrypende gesigte, en van blomme. Pa is nóg Pa, sê ek dikwels; hy is net tydelik siek en sal uiteindelik teruggaan plaas toe. En alles sal wees soos dit altyd was.

Geleidelik daag die vrees; maar dié suurstoftek, dié aarvoeding — dis mos die laaste sakramente?

Pa haal vlak asem; praat omtrent nie meer nie. Bêre sy asem om sy besoekers te groot. Maar glimlag nog oor grappies. Net sy een oog: hoe kyk dit dan so star?

Smiddags loop ek 'n halfuur of wat in die dorp rond. Ou vroultjies sien my vanagter hul kantgordyntjies en kom haastig op hul stoepe uit. "Breek sy oë al, my kind?" vra hulle. Of: "Word sy voete al koud?"

Almal weet dus al wat ek nie wil vermoed nie. Dis dan wat die een oog beteken wat net na een hoek bly kyk: dit "breek". (Siende die onsenlike?)

Op 'n middag sit ek alleen by Pa. Skielik sper hy sy mond oop; bly 'n paar oomblikke so lê, met sy mond wyd oop.

"Wat hinder, Pappie?"

Eers dink ek hy hoor my nie.

Maar nes ek weer wil praat, sê hy:

"My ou liggaam."

En Dinsdagaand sit ek weer alleen by hom. Dis rondom nege; elders in die hospitaal word tee gedrink. Ek hoor koppies, en die stem van die nagverpleegster.

Pa is rusteloos. Hy wil die prop van sy watersak losdraai. "Nee," beduie ek, "nie losmaak nie." Maar wanneer hy weer probeer, begin ek sy hande streel. Hy ontspan, maar net vir 'n oomblik; beur hom eensklaps

met onvermoede krag op. Gestut op 'n elmboog, lê hy muur toe en kyk en dan — angswekkende oomblik — begin hy met 'n “groot stem” praat; ja, nes Die Woord sê: met “'n groot stem”.

In die benoudheid van gees en liggaam het hy diep in sy onderlac iets gevind waaraan hy hom kan anker: Psalm 90. Enkele reëls daaruit, beswerende reëls:

“Want duisend jaar is in U oë soos die dag van gister as dit verby-skië, en soos 'n nagwaak.

Weggespoel het U hulle; hulle word 'n slaap; in die more is hulle soos die gras wat weer uitspruit:

in die môre bloei dit en spruit weer uit; in die aand sny 'n mens dit af, en dit verdor.”

Dieselfde reëls, oor en oor; en dan onverwags die slot van die psalm: “. . . en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!”

Iemand het Ma en Rina in die teekamer loop roep. Hulle het stil binnegekom; saam kniel ons om die bed: vir laas 'n héél gesin.

En nou bid my vader die gebed wat hy 'n leeftyd lank met Bockevat gebid het, en met 'n helder stem sluit hy sy lewe af: “En wees met ons almal hierdie nag.”

“Was Ma toe by tant Lucy?” vra ek oor die foon.

“Nee,” sê Ma, “die stomme Lucy had weer 'n hartaanval.”

“Wie was by Ma?” vra ek agterdogtig.

“Ek was alleen . . .”

“Maar Ma . . .”

“Nou, nie heeltemal alleen nie. Ou Marta het aangebied om te kom inslaap.”

Ek kan hulle saans voor die stoof sien sit, die wit vrou en die swarte. En ek weet dat daar lang stiltes tussen hulle was.

Ma raai my gedagtes.

“Ons was goeie geselskap vir mekaar, al het ons nie baie gepraat nie. Ons is altwee weduwees. En met jou . . .?”

“Ag, Ma, soos dit in dié dae gaan. Party nagte . . .”

“Ek weet, my kind, ek weet. Pas jou op: ek het so min oor.”

'n Eerste tuiskoms op Rust-mijn-ziel na Pa se dood. Ma wag my alleen in: 'n klein, verskriklike oomblik waarin die hartseer van 'n leeftyd saamtrek.

Die wind is in die droë riete. Die riete skuur teen mekaar met 'n raspende geluid.

“Laat ons binne toe gaan, Ma: vannag kom die ryp.”

'n Paar nagte later sneeu dit.

Miskien is dié ewigheid: 'n wit wat oornag kom en alles gelykskakel, en uiteindelik uitwis tot net wit bly: “witter as sneeu”.

Die populierbos is silwer van die sneeu. En 'n swart kraai vlieg uit dié silwer bos.



Teen twee-, drie-uur die nag is ek uitgeslaap. Dan raak die kamer vir my te nou. Ek trek my warmste klere aan, en Pa se ou kakiejas. Met pantoffels aan klim ek deur die venster, baie versigtig, want Ma slaap lig of glad nie. Eers as ek buite hoorafstand is, trek ek my bergklimstewels aan. En dan loop ek ure oor die rypwit veld.

Ek word nie siek nie, maar word ek gesond?

Ek slaap in die kamer en op die bed waar ek die eerste tien jaar van my lewe geslaap het, want vandat Ma alleen is, slaap ek nie meer in my buitekamer nie.

Snags hoor ek duiwe; soggens, voor koffie, word hul gekir al dringender.

Ek steek die kers in sy bont blaker aan en luister na die duiwe en hane tot die dag breek en die bediende kom.

Wanneer ek gaan more sê, sien ek tien, twaalf uitgebrande vuurhoutjies in Ma se blaker.

“Het jy weer vannag jou dood loop soek?” vra Ma.

“Nee, Ma, dis nie meer nodig nie.”

“Ek gaan vandag my bolle in sit,” sê Ma met bedrieglike ongeërgdheid.

“Ma bedoel . . .” vra ek na 'n rukkie, bang dat ek verkeerd verstaan het.

“Ek gaan voort,” sê Ma. “Die skaap wil ek verkoop — ag, net jammer van die grootuier-ooie! Maar my Friese gaan ek hou. Verder kan die plaas 'n slag uitrus. Jou pa wou dit altyd so gehad het.”

En Ma word vyf-en-sewentig.

---

HENNIE AUCAMP

VLUGSOUT.

(tekste vir pop-musiek)

NAAK IS DIE MENS GEBORE.

*hommage á Sandy Bay*

Na beur teen wind en duine  
'n strand se bloots dekreet:  
die waarheid ken geen windsels  
erken geen lendekeed

*Klee jou in soet gedagtes  
'n oorring of 'n bril  
wat bykom raak ondraaglik  
en strem die gocie wil*

Die waarheid is rondborstig  
ontboesem sonder vrees  
maar bulte sonder wering  
kan bra gevoelig wees

*Klee jou in soet gedagtes  
'n oorring of 'n bril  
wat bykom raak ondraaglik  
en strem die gocie wil*

Die son, gesoute minnaar,  
vertroetel jonk en oud  
ook dié wat welik bruin is  
betaal nie vir hul fout

*Klee jou in soet gedagtes  
'n oorring of 'n bril  
wat bykom raak ondraaglik  
en strem die gocie wil*

Wat swambleek was raak bronstig  
tot huid en huid onthou:  
té blank is onbesonne  
en kan verhoudings knou

*Klee jou in soet gedagtes  
'n oorring of 'n bril  
wat bykom raak ondraaglik  
en strem die gocie wil*

OOR BESKAWING\*

Mnr. die Visekanselier; Mnr. die Rektor; hoogwaardigheidsbekteërs;  
dames en here; en graduandi;

Dis 'n les-bes aanhef; want die belangrikste persone vandag hier teenwoordig is die graduandi. Bekroning van hulle lang en vlytige arbeid deur die toekenning van grade is die rede vir almal se same-syn hier vandag.

'n Graad is dokumentêre bewys dat die houër 'n sekere universiteitsrang besit, 'n bepaalde trap van geleerdheid bereik het. Dit dui op die inname en eie-maak van 'n bepaalde hoeveelheid kennis. Maar dit is nie slegs bewys van 'n feit nie. Aan verkryging daarvan kleef normaalweg ook sekere regte; die wat L.I.B ontvang kan toegelaat word tot die Balie en hulle brood en moontlik mettertyd 'n bietjie konfyt daarby as advokate verdien. Dié met M.B. Ch.B. kan siektes diagnoseer en medisyne voorskryf teen vergoeding.

Maar julle alma mater en die samelewing beskou julle as meer as net getjapte worsies wat woeps uit die masjien uitplons; want 'n universiteit is nie slegs 'n kennisfabriek nie, sy doel is nie om slegs soveel moontlik feite in sy studente se koppe te prop nie.

Die oorsprong van die Universiteit van Pretoria, soos van enige ander moderne universiteit, lê doer ver in die middeleeuse onderwys-inrigtings waar mense met gemeenskaplike belange bymekaargekom het nie alleen om kennis te deel en te versprei nie, maar ook om self-dissipline te beoefen deur vrywillige aanvaarding van minimum norme; ook etiese norme.

Universiteite is daar nie slegs om kennis te versprei nie maar om sy studente te beskaaf.

Aanvaar argumentshalwe wat sommige wetenskaplikes leer; dat ons aardbol al 5 biljoen jaar oud is; dat die mens maar 'n kwartmiljoen jaar daarop woon; dat geskrewe geskiedenis rekord hou van maar ongeveer die jongste 5 000 jaar van hierdie kwart miljoen; en dat amper alles wat ons vandag koop en verkoop en gebruik en aanskou in die jongste 50?, 60? jaar ontwikkel is: balpunte en kreukeltrae materiaal; stofsuiers en mikrogolf oonde; kompers en beeldradio; duikbote en maantuie; pille wat geboortebeperkend en kiemdodend en anti-verwend werk.

Elke nuwe uitvindsel skep verandering en nuwe probleme; wat lei tot uitdaging en navorsing en ontdekkingkwadraat en verdere verandering. Die reis vanaf die Wright-broers tot op die maan het soos 'n maantuig self, betreklik stadig begin maar al gaande al sneller gevorder. En daardie reis duur nog voort.

---

\* Rede uitgespreek by 'n promosieplegtigheid van die Universiteit van Pretoria, 14 September 1974.

'n Vier of vyf eeue gelede kon die universiteite volleerde manne met hul tjak en hul seën by hul voordeur uitstuur die wêreld in; want kennis wat daar destyds was, was lankal al daar en verandering was stadig en gering.

Het julle al ooit daarvoor nagedink hoe veelseggend portrette geskilder vòòr die industriële revolusie is? 'n Driejarige dogtertjie het selfs 'n sleep aan haar rok. Liggaamlik was kinders nog nie volwasse nie, maar sosiaal wel. Die kennis benodig om deel te neem aan volwasse arbeid — boer, timmer, koskook, ens. — het hulle gou en pynloos hul eie gemaak.

Maar met die industriële en tegnologiese rewolusie wat nog steeds aan die gang is, kan kinders pas uit luiers nie meer deelneem aan volwasse arbeid nie: om met die hand te saai is een ding, trekkerbestuur 'n ander.

En almal besef dat die goeie ou dae van volleerde mense vir ewig verby is. Ons is noodgedwonge vasgevat in 'n tydperk van verandering en uitbreidende kennis in so 'n mate dat spesialisasie onvermydelik is en kinders kleintyd al moet kies: prakties of akademies; humanisties of wetenskaplik; fisika of biologie; plantkunde of dierkunde; ens. ens.

Waar geen Universiteit daarop kan aanspraak maak om 'n volleerde student die wêreld in te stuur nie word primêre waardes noodwendig beklemtoon: Opvoeding is meer as kennisversameling. Dit is om te lei uit die donkerte na die lig deur sistematiese vorming van gewoontes, maniere, bekwaamhede: 'n omskepping van die hele persoon na 'n beter mens, beskawing. Joseph Addison het gesê dat "what sculpture is to a block of marble, education is to the soul".

T.o.v. hierdie ware betekenis van opvoeding het H. G. Wells gesê:

"Human history becomes more and more a race between education and catastrophe".

En die Afrikaanse woord **beskaaf** sluit na my mening soveel meer veelseggend aan by Addison & Wells, as die Engelse "civilize".

Waarin bestaan beskawing as dit nie in blote kennis opgesluit is nie? Wat moet van die oermens weggeskaaf en reggeskaaf word om van hom 'n beskaafde wese te maak?

Die woordeboek sê iemand is beskaaf as hy ontwikkel is, nie meer in die natuurstaat verkerende nie; wellewend; goedgemanierd, opgevoed. Beskawing is die toestand van beskaaftheid, in teenstelling met barbaarsheid.

Dis sommer woorde, wat elkeen kan interpreteer soos hy wil. Is 'n geneesheer nie beskaafd nie omdat hy niks weet van Roodeberg en Pieter Wenning en Breyten Breytenbach nie, hoewel hy met deernis 'n siek kind se pyn kan verlig? Is 'n Priester beskaafd wat vanweë sy fluoësserende geloof in Christus en die hiernamaals Islam wil òf bekeer òf uitmoor? Is 'n ateis onbeskaafd slegs vanweë sy gebrek aan geloof, wat ure, dae en maande bestee aan die ontwerp en vervaardiging van 'n masjien om 'n kwadripleeg se lewe op te helder deur aan hom dië onafhanklikheid te gee dat hy met 'n tong-tik 'n boek kan omblaai of 'n draadloos aanskakel?

Woordeboeke help mens nie om te besluit wat beskawing is nie.

Dan na die ensiklopidieë. Nog meer interessant. Die wat ek geraadpleeg het, erken dat die woord gebruik word

“in a variety of vague and often emotional senses. The same word is used by anthropologists and historians in a technical sense that should be more precise, but unfortunately there is no complete agreement among those social scientists as to the proper usage”.

Volgens sommige as mens eet wat die natuur verskaf is jy nog nie op die leer van die beskawing nie. Indien jy jou daaglikse brood wen deur landbou, en nog 'n oorskot het om te ruil vir andermans arbeid — dan is jy beskaafd, waar ookal op die trap.

Ander sê dat as minstens sommige mense in 'n groep kan skrywe, het ons die begin van 'n beskawing. Maar waar klassifiseer mens dan die Incas wat 'n groot ryk beheer het vanuit aansienbare stede met 'n goed-georganiseerde staatsdiens, sonder behulp van skrif?

Kenneth Clark in sy beeldradio-reeks oor “civilization” erken “What is civilization? I don't know. I can't define it in abstract terms — yet! But I think I can recognise it when I see it”.

Hy soek dit dan deur die eeue heen deur nasporing van kuns en argitektuur as uitvloeisels van die skeppende menslike gees in sekere tydperke.

Die mens verskil van ander lewende wesens op hierdie aardbol van ons in twee vername opsigte.

Hy het 'n vernietigingsdrang en kapasiteit tot wreedheid wat geen dier in so 'n mate besit nie. Daarbenewens het hy bo en behalwe twee hande met vyf vingers elk, die intelligensie en verbeeldingskrag om op groot skaal en effektief uiting te gee aan hierdie drange. 'n Luiperd sal soms meer bokke doodmaak as wat hy wil eet — verstaan ek — maar kan nie 'n masjiengeweer hanteer en bydra tot rassemoord nie. 'n Kat sal 'n muis martel voor hy hom eet, maar martel nie iets wat hy nie wil eet nie, en ken nie die gesofistikeerde martelkunsies wat die jong paar wat in Engeland skuldig bevind is aan die sg. “Murders on the Moors” ontdek het nie.

Aan die ander kant het die mens ook 'n skeppings- en ordeningsdrang wat geen dier in so 'n mate besit nie. Miere maak 'n nes en voer 'n geordende bestaan wat mik slegs op 'n ewige lewe vir daardie nes. Die bewer knaag bome af om damme te bou en 'n geskikte terrein te skep waarin hy kan visvang en sy kroos grootmaak. Maar geen dier het die hande en intelligensie en verbeeldingskrag, en drang tot skepping om skoonheidsontwil nie, om 'n orkes van verskillende musiekinstrumente te vervaardig en die Eroica te komponeer.

Dis egter nie slegs deur uiting te gee aan sy skeppingsdrang, en sy vernietigingsdrang in toom te hou, dat die mens geregtig word om te sê “nouja, nou's ek beskaafd” nie. Dis juis die skepping van masjine wat sosiale omstandighede tot gevolg gehad het wat niemand vandag as beskaafd sou wou beskryf nie: dink maar aan stedelike armoede en die siellose burokrasie in die lewe geroep om (sonder wel-

slae) dit te probeer verhelp, soos beskrywe in Dickens se boeke, vanaf **Nicholas Nickleby** tot **Hard Times**.

En dis nie materiële welvaart, gebrek aan hongersnood, wat gelykgestel kan word aan beskawing nie. Tot dusver kon die mensdom dit nog nie bewerkstellig dat almal ewe veel besit en ewe min honger ly nie; maar pogings in daardie rigting, om aan elkeen 'n dak en 'n maaltyd per dag te besorg, lyk vir my nie besonder belowend nie.

Ek self vind Andy Capp gladnie amusant nie. Hy is by uitstek die produk van die verwronge soort van Welfare State waarin dit net so lonend is om nie te werk nie as om te werk; en waar 'n groep wat steeds krimp in òf getal òf kwaliteit weens die gebrek aan aansporing om meer produktief te wees, verwag word om die massa te dra. Andy Capp onderstreep wat ons almal in elk geval weet: alle mense word nie gelyk gebore nie, want die een erf meer liggaamskrag en intellek en persoonlikheid en karakter insluitende deurstellingsvermoë as die baba in die wieg langsaan.

En pogings om Andy Capp deur wetgewing uit sy amorele skemer bestaan te skop kan ook geen beskawing teweegbring nie. 'n Gemeenskap gefundeer geheel en al op gehoorsaamheid van buite af verkry, dus onderdrukking, kan nooit werklik beskaafd wees nie. Andy Capp sal nooit ordentlike werk verrig nie, nooit weet daar's iets anders om te geniet as sokker en bier nie, wat mens ookal aan hom doen. Dis vir hom te laat, arme Andy, hy's waarskynlik onbeskaafbaar.

Daar is ander verskynsels van ons Westerse beskawing wat ek persoonlik nie as beskaafd beskou nie: nie skeppend van die soort van wêreld wat ek graag vir my kinders wil nalaat nie. Afgesien van wat onmiskienbaar barbaars is byvoorbeeld weens wreedheid en sinnelose vernietiging, het al die verskynsels moontlik die een gemeenskaplike faktor: erge wanbalans bestaande in die negering van menswees deur die weiering of, nog erger, sommer net versuim, om die verpligtinge en verantwoordelikhede te aanvaar wat onafskeibare metgesel behoort te wees van sekere voorregte.

In regsleer is die eerste aksioom wat jy leer dat elke reg as keersy 'n plig het: my reg op 'n salaris het as keersy die Staat se plig om dit te betaal. Dit klink so elementêr dat dit nie nodig is om dit uit te druk nie. Wat nog meer elementêr is (so eenvoudig dat baie mense dit nie raaksien nie en ons daaglik gekonfronteer word met steeds spreidende velde waar dubbele norme geld) is dat elke reg nie net gebalanseer word deur 'n plig wat op iemand **anders** rus nie, maar dat (behalwe in barbaarse gemeenskappe waar mag die enigste reg is) elke reg gebalanseer is, of behoort gebalanseer te word, deur 'n verpligting in verhouding tot sy reg wat die bevoorregte beswaar. As hy werklik beskaafd is aanvaar hy daardie verpligting nie omdat hy daartoe gedwing word nie, maar vrywillig, juis **omdat** hy beskaafd is.

As konkrete voorbeelde: 'n werktuigkundige kry 'n salaris van Rx per week. Dit is nie net sy werkgewer se plig om hom Rx per week te betaal nie, maar sy eie plig om dit te verdien en vir die volle 8 uur per dag waarvoor hy gekontrakteer het, sy arbeid aan sy werkgewer se belange te bestee; nie 'n kwartier hier te steel vir tee en daar 'n halfuur om skelm aan sy eie kar te werk nie.

Hoe groter die voorregte, hoe groter die verpligtinge.

'n Parlements lid kan vanweë sy parlementêre privilegie dinge sê wat die leek daarbuite duisende rande aan skadevergoeding sou kos. Hy behoort des te versigtiger en meer verantwoordelik te praat. 'n Regter kan nie soos 'n lui werktuigkundige sommer afgedank word nie. Hy moet des te harder werk en meer noulettend wees dat hy nie self die regsreëls wat hy aan ander moet afdwing, verbreek net omdat niemand kyk nie. Die advokaat of geneesheer vir wie besondere (en dikwels besonder lonende) arbeidsvelde gereserveer is, moet nie net maai nie maar saai ook; in sy eie belang sowel as die van die gemeenskap wat in sy opvoeding belê het.

Ek sê in sy eie belang omdat die mens nie gemaak is om deur die lewe te gaan met sy handpalm na bo nie. As Andy Capp gelukkig is wil ek sulke geluk gespaar bly. Maar ek kan ook nie insien hoe ek geluk sal bekom uit aanvaarding van verantwoordelikheid vir Andy Capp nie. Hy's nie belastingbetaler nie, hy't niks in my belê nie. Ek skuld vanweë my menswees en strewe na beter as wat tot dusver geken is, heelwat aan dié wat hulself wil help maar 'n hupstootjie benodig; heelwat aan diegene wat hulself nie kan help nie; maar niks aan die Andy Capps wat nie hulself wil help nie. Mens wil dat jou talente gebruik word, nie misbruik word nie, deur jou medemense.

Vir almal van julle wat vandag grade ontvang wens ek toe 'n gebalanseerde en derhalwe genotvolle en beskaafde toekoms, met verpligtinge in verhouding tot julle voorregte; en omgekeerd. Dan sal die opvoeding waarvan die verrigtinge vandag getuig, bydra tot sukses in daardie reises waarvan H. G. Wells praat, tussen opvoeding en katastrofe.

Grens toe. More grens toe. Magtig man, wat neuk jy die heel tyd met die gegrenstoegangery? Raak jy nie ergerlik vir jousef as jy een gedagte so laat aanhou maal en maal en vermenigvuldig en vrugbaar word en vermeerder tot die ek weet nie hoeveelste mag kwadraat nie! Maar kry nou klaar gesanik?! Netnou nog het jy vir jousef gesê: Stop nou jou ge-bleddie-neul oor die grens-besigheid — dis skaars 'n minuut terug dat jy vir jousef gesê het: Ek moet ophou om verdomp so by myself te karring oor die grens — onthou ek nie ek het net twee, drie oomblikkies terug vir myself gesê nie: Man, hóú nou óp, hou nou bleddie-wil op . . . Kry jy nooit end nie?

More na die grens, more bosse toe, more na daardie helse wêreld: terroriste, trope, slange, masjiengewere, muskiete, malaria, landmyne. Ag, man, kry nou seblief, asseblieftoggie, as-u-bleddie-blijf tog nou end? Ek kan aan my einde kom aan die grens. 'n bloedige einde soos ou Dirk laas week. Ek kan ook doodgaan. 'n Mens kan jou omtrent vrek-skrik as dit jou so te binne skiet jy kan ook doodgaan. Nou ja? Almal moet tog? Ou mense "sterwe" en "hul kroos bloei op hul graf"; soldate "sneuwel", helde "val" . . . Maar om een van die dae te "kan" doodgaan is baie erger as om eendag te "sal moet" doodgaan. Ou Bossie het in Matriek in 'n Duits-klas gepreek oor die grammatika-boeksin: "Der Tod kommt immer ungeladen und unerwartet", "O Diep rivier, o Donker Stroom!", Hans Holbein en "Media vita in morte sumus". (’n Rondreisende C.S.V.-sekretaris hou ’n diens in die koshuis: "Bekeer julle! Loop altyd op die smal weg sodat julle eendag kan ingaan deur die nou poort — gee julle hartjies nou aan die Heer, want enigeen van julle kan sommer nou, hier op die plek, dood neerval, of oor ’n minuut, of oor vyf minute, of vannag as julle slaap, of volgende week — en waar gaan julle dan wees, in die Paradys saam met die blye engle-kore of gaan julle brand in die Groot Vuur?").

Ou Dirk het doodgebrand in die bosse. Landmynontploffing, brandende jeep. En more is dit ék wat grens toe gaan.

'n Dag wat ek dood-, dóódseker gelukkig nie self sal hoof te belewe nie: 'n wintermiddag met rukwinde en stofwolke, sand in die mense se oë, sandkorrels tussen die blaaië van die gesangeboeke — "Stof deur eeue heen vergader/hou dieselfde graf byeen . . .", verwaaide blomme van die ou paar perskeboompies hier naby die kerkhoffie. Die lang skraal sipresse se swart skaduwees en langsaan die singende mense: "Rus my siel". Daarna by die huis mense wat sê: "My simpatie met die afsterwe van . . ." Eers praat hulle gedemp, naderhand opgewekter, veral wanneer die koeksisters en die melktert aangebied en die skinkborde koffie rondgehou word. Hulle sal my seker skaars mis. Wie is hý dan dat hulle hom sal onthou? 'n Konstabel Van der Merwe. Dis iemand oor wie jy grappe maak: "By hoeveel grade kook koffiewater, Van der Merwe?" — "By negentig grade, 'sant." — "Wat?" — "Ag, ek bedoel honderd grade, 'sant, ek het vergeet — dis 'n regte hoek wat by negentig grade koo . . ."

Konstabel van der Merwe. Ek is konstabel Van der Merwe. Nie



Koos nie, Paul. En more gaan ek grens toe. Konstabel Van der Merwe gaan grens toe. Caprivi-strook. Nes arme Dirk.

Hy was so bedruk voor hy weg is; seker amper net so gevoel as ek nou. "Ag nee, Dirk, wat de vrek is dit vandag met jou? Hoeveel honderde van ons ouens gaan grens toe en kom bôgghe-rôl oor? Dis maar altyd net 'n paar wat . . ." — "Party word tog vrekgeskiet. Ja, ek is mos glo 'n harde ou, só sê julle altyd, en dit is maar seker so . . . Ek is hard, nes jy. Ons het al helse gevaarlike dinge saam gedoen. Partykeer het ek geweet iemand kan my maklik met 'n panga of 'n byl doodkap, maar soos nou het ek nog nooit voor 'n ding gevoel nie. Moet jou net nie vrek lag as ek dit sê nie . . . Ek is g'n ou-vrou wat met die helm gebore is nie, maar ek het 'n voorgevoel ek gaan nie terugkom nie." — "Ag, nee, man, kaf met jou, almal wat oorlog of so iets toe gaan, voel seker maar so 'n bietjie met 'n gat . . ." — "Ek sal nie terugkom nie. Belowe my, Paul . . . Jirre, ek het nooit gedag ek sal ooit met sulke softie-praatjies te koop loop nie . . . Belowe my jy sal 'n ogie hou oor Elsa en die kind as . . . as . . ." — "Ek belowe, maar daar sal g'n iets gebeur nie, nie met jóu nie . . ."

Dirk wás 'n harde man. As ek 'n kaffer was wat drooggemaak het, sou ek nie graag onder sy hande wou deurloop nie. Daardie Ramabulana het hom mos natgemaak toe hy weer gevang is en hulle bring Dirk na hom toe oor hy nie sy bek wou oopmaak om te praat nie. 'n Harde man, enne . . . maar tog, die dag van die doodgaanpraatjies het hy half, half . . . wel, gegrenserig . . . Nou ja, g'n getjankery nie . . . Ek donder die ou wat sou sê Dirk het getjank, maar daardie blinkerigheid in sy oë en die getrek aan sy onderlip . . . So iets krap jou so om ek het 'n week lank elke dag daaraan gedink: Dirk het tog ook 'n safte kant . . . nou ja, "gehad", seker, 'n sagte kant gehad.

Verlede week hoofberig in **Die Volksblad**: "Nog 'n Suid-Afrikaanse konstabel sterf aan die grens" . . . Volgens sy vriende een van die knapste in die mag en een wat 'n sesde sintuig vir gevaar gehad het . . ." Eergister militêre begrafnis: adjunk-minister, burgemeester met ketting en toga, 'n predikant: Dié jong man wat in die fleur van sy lewe weg-geneem is . . . die essensie van ons volkslied . . . Kluitklap op die kis, weet jy waar jou kinders is . . . met ons land en met ons nasie sal dit wel wees . . . Ek was een van die drie polisievriende van Dirk wat saam met 'n paar familieledes die kis met die verminkte lyk graf toe gedra het — 'n paar stukke Dirk, 'n paar stukke drek, soos hy 'n paar weke voor sy vertrek spottend gesê het: "En die dominee sal seker praat of 'spreek' oor die jong man wat in die 'fleur' van sy lewe 'weggepluk' is uit ons midde, broeders en susters, hy't geantwoord op die roepstem en ja gesê vir sy land en volk . . . Dawerende ap-plous . . . O, gits, nee, dis mos nie 'n vergadering nie . . ."

En nou is dit my beurt, Gisteraand van Bloemfontein af vertrek en vanmore vroeg op Fouriesburg-stasie afgeklim, en vanaand sewe-uur gaan ek van Bethlehem af — Reitz, Tweeling, Frankfort . . . al die ou plekkies waar ons altyd rugby gespeel het, en dan Johannesburg, en dan . . . Dis sommer om jou die moeder in te maak vir jouself, maar ek kan dit nie help nie: ek is vrekbang. Dis soos vroeër in die skool — 'n soort Maandagmore-naarheid en tamheid en geaanhoudgaperij, of ek kort-kort aan die slaap wil raak (daar was ook vannag soveel dronk

donders in die kompartement) en dan soos “julle ou mense drome droom en julle jong mense gesigte sien” . . . of iets.

Kyk, vent, nou ruk jy jou reg! Jy dwaal al van vanmiddag se tradisionele gemeste kalf af hier rond. En is dit nie al erg genoeg dat jy hier by die ou plaaskerkhoffie kom sit het nie? Nou moet jy jou ook nog as't ware in jou graf staan en in dink.

Gits, 'n mens kan amper skrik. Daardie man op die kerkhofmuurtjie . . . Hóm nooit opgelet nie, ook nie sien aanstap hiernatoe nie. Iemand wat ek van g'n kant af ken nie. Seker 'n boer — hy dra hoed. Moet ek maar oorkant na hom toe stap? Ek wil asseblief tog nou maar met enigiemand oor enigiets anders gesels. Maar ek kan my aan die ander kant nou ook nie weer gaan opdring aan iemand wat dalk dink of hartseer voel oor familie wat dood is nie.

Hêi, dit lyk my hy wink my nader? Ek weet ook nie; laat ek maar gaan hoor?

“Middag, meneer!”

Ook maar snaakserig aangetrek, dié vent. 'n Soort takhaar byna met sy ouerige klere; dis omtrent soos goed wat uit Noag se ark kom of wat sy oorle' grootjie saamgebring het met die Groot Trek.

“Dag, neef!”

'n Takhaar, ja-nee; wat “neef” hy nog, of is hy van die soort wat die Engelse Oorlog wil oorveg met “neef” en “ons volk” en “Boeretroos” en al sulke uit de oude doos woorde?

Maar laat ek my voorstel: dis óns plaas en 'n mens moet seker maar die tradisionele Boeregasvryheid “betoon” of “betuig”. Op Sondagsskool het ons eenkeer die teks gehad: “Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.” Dus:

“Van der Merwe is die van. Paul van der Merwe.”

En hy hou sy regterhand op sy knie terwyl ek my groethand soos 'n gek staan en uitgestrek hou.

“Sampie Viljoen. Bly te kenne.”

As hy net weet hoe ek die soort mens pes wat nie sy hand kan uitsteek om jou te groet nie, en jou net met 'n kopknik en 'n “Haai!” dagsê — en hy is nogal takhaar, 'n mens sou dag . . . Kyk, ek hou my hand uit en as jy verseg . . .

“Ou neef, ek sou jou nou graag met die hand wou gegroet het, maar . . . e . . . ek . . . dink dis beter as ek nie met my hand aan joune kom nie.”

So iets maak my grenseloos die duiwel in.

“Waarom nie? Makeer jou hand miskien iets? Is jy melaats?”

Dis nou seker “sarkasties” gesê — as iemand so met my praat, sit ek hom gou-gou op sy plek.

“Sê maar so.”

Nou toe, “neef”, kry nou maar jou sê’tjie gesê? Dis mos jy wat mý hier wou hê?

“Dit gebeur nie juis baie dat mense hiernatoc kom nie — lê hier altemit van jou mense begrawe?”

Jou wragtig! Dis tog iets wat ék aan hóm moet vra?

“Nee, maar ek hou maar net daarvan om partykeer hier te kom sit en kyk waar niemand mens kan lastig val nie. En jy? Is hier van jóú mense?”

Wel, hy kan darem glimlag.

“Nee, ek is die enigste.”

“Nee, ek bedoel of hier van jou mense begrawe is?”

“Ek hét reg verstaan.”

“Maar wat bedoel jy dan?”

En toe? Nou bly jy stil? Sukkelaar! Orraait, miskien is die ou maar net ’n bietjie toeërig. Vra hom tog maar iets anders.

“Woon jy hier naby?”

“So op ’n manier, ja.”

“Waarso?”

“Om die waarheid te sê — dís eintlik my lêplek hierso.”

Wat sou hy bedoel as hy na die ouerige grafsteen hier skuins voor ons wys? Miskien moet ’n mens hom liever met ’n langklip dood-slaan — soos hierdie sandklipsteen.

“Wat bedoel jy?”

Ja, sug maar. En hoekom lag jy? En as jy lag, hoekom lag jy nie behoorlik as jy reken dis ’n grap nie? Hierdie half verleë laggie . . .

“Ek bedoel maar net wat ek sê — dit is my tuiste.”

Nee wat — ek loop maar. Vir dié takhaar-tipe met sy verkreukelde en ouderwetse soort klere en die kinderagtige praatjies het ek g’n tyd nie.

“Orraait dan maar. Wil jy my verskoon? Ek moet huis toe, my mense wag seker al vir my. As jy wil, kan jy netnou, as jy klaar gekyk is, kom koffie drink hier by ons.”

“Wil jy nie maar nog so ’n rukkie bly nie? Jy dink seker ek is ’n bietjie mallerig?”

Nou ja, as jy dit darem sêlf ook besef . . .

“Dit is my grafsteen dié.”

Samuël Jacob Viljoen.

Geboren 31 juli 1884

Gesneuveld 12 november 1914

“Daar is de vreemdingeschap vergeten

En wij wij zijn in’t vaderland!”

Is hy nóg nie klaar met sy eenvoudige grap nie? Onder watter Filistyne het ek vandag op hierdie godverlate plek verval? Dié man is óf half mal óf hel-uit eenvoudig.

Maar sy gesig lyk regtig nie na 'n takhaar s'nne nie. Dis wat 'n mens kan noem 'n "intelligente" gesig — skraal, 'n hoë voorkop, lewendige helderblou oë. 'n nogal goedversorgde baardjie. En dis nie 'n opdringerige soort mens nie, hy kyk my eerder verleë aan. Aan sy gesig sal mens nie sê hy is die tipe mens wat nou besig is met 'n flou grap en hom netnou gaan doodlag met 'n luidrugtige, sogenaamd "guitige" lag nie.

Sou dit dalk Oom Kerneels wees wat dié ou opgesteek het om my 'n kastige poets te kom bak? Hy het my al meermale gespot oor spoke wat nog my geselskap sal kom opsoek as ek so kort-kort hier kom sit, en dié oom Kerneels is juis so 'n platjie.

"Ek weet dis moeilik om te glo, ek sou ook nie so iets geglo het nie."

"Speel jy jy's 'n spook? Nou, weer 'n keer aangename kennis dan — gaan spook jy maar by ander mense. Of nee, wag, ek wou nog altyd 'n spook met die hand groet, 'n kaal hand sonder 'n sakdoek daarom gedraai, sodat ek kan sien of hy my rêrig gaan swart brand. Hier, groet my met jou hand . . ."

Boetie, daardie handjie van jou gaan gewaar hoe 'n Boerseun-polisieman dit vir jou papdruk!

Ek het gewéét hy gaan wegskuuwe en sy hande agter sy rug hou! Ewe ernstig hou hy hom kastig.

"Nee, moenie, Ek het nog nooit probeer agterkom of die stories waar is dat . . . e . . . sê maar geeste of goed . . . mense se hande of gesigte brand nie, maar ek dink dis beter om so iets liever nie . . ."

"Man, sê my wat wíl jy verdomp hê? Ek het nie lus om die hele agtermiddag hier te staan en luister na twakpraatjies nie."

Oor die algemeen is ek nie iemand wat mense maklik afjak nie; ek hóú selfs van geselskap. Maar dié vent maak my besonder krielwrig. Hy moet oppas vir hom: ek is g'n softie nie.

"Ek het gedínk jy sal my nie glo nie. Maar kom ons praat oor iets anders. Vertel my wat deesdae in die land aangaan."

"Lees jy nie koerante nie?"

Wat 'n lomp manier om geselskap te soek — praat oor "wat in die land aangaan"!

"As ek hierso koerante kon kry . . . Ek sou nogal graag . . . Ons het altyd **De Volkstem** gekry en toe naderhand **Het Westen** . . . Maar as 'n man hier lê . . ."

"Orraaait, man, gaan lê en lê jy maar weer tot jy klaar ge-bleddie-lê is, lê jy maar in jou malle maai in . . ."

En intussen sal ek maar geepad, want . . .

“Asseblief . . . Asseblief . . . e . . . Paul.”

So 'n rouerige stem, ernstig, pleitend . . . laat ek maar omdraai, dalk het hy nou iets te sê. Dis seker wat hulle sou noem “smekend”, die manier waarop hy na my kyk.

“Asseblief, man, moenie kwaad word nie. Hoor hierso, ons maak of ek nie die goed gesê het wat ek aan jou vertel het nie. Maar bly net so 'n rukkie sit. Ek wag al so lank vir iemand om mee te praat. Dis so eensaam hier, dis so bitter om allenig te wees.”

Amper soos 'n hond wat soebat kyk hy na my en met so 'n moedelose teneergedruktheid . . . Goed, dis teen my sin, maar laat ek dan maar weer gaan sit, solank ek darem net 'n hele entjie van hom af op die muurtjie is.

“Jy hóéf my nie te glo nie. As jy nie kan nie, wil jy nie maar spéél ek is iemand wat in 1914 doodgeskiet is en wat jy nou raakloop nie?”

“O, is dít kastig wat jy is?”

“Dit is wat ek is . . . Nee, nee, man, ek sê mos . . . ons, . . . ék . . . speel sommer maar.”

As jy met dié ou storietjie wil aanhou, moet jy maar self praat.

“Ek het al so baie gewonder oor alles, oor die Rebëllie. Ons het seker nie gewen nie, nè?”

“O, jy speel jy is Rebel gewees? Hoekom speel jy nie jy is ou Siener van Rensburg nie, dan kan jy mos goed die toekoms in sien of julle gewen het of nie.”

“Ek wás Rebel gewees.”

“So. Jý was Rebèl.”

Jy was dus Rebel, en ek sal wag en my bek hou tot jy iets sê wat die moeite werd is of anders loop ek. Ja, ek dág hý sou weer begin:

“Ek wis dis wat sou gebeur.”

Swye is glo goud. Diep en donker, swaar van swye, soos 'n siel . . . Aha!

“Luister, wil jy my nie iets oor die geskiedenis vertel nie? Ek was maar altyd vrot met geskiedenis, en nou dat ek hierdie graftes hierso sien, hierdie man wat in 1914 dood is, toe dag ek hy't met destyds se dinge te doen gehad, en nou wonder ek maar net wat hét eintlik alles gebeur — hoe sou die Rebëllie afgeloop het en als.”

“Hoekom het jy nie uit die staanspoor so gesê nie?”

“Maar die Rebëllie . . .”

“Jammer, ‘neef’ spook, julle het verloor.”

As my stem nors en ongeduldig klink en die “neef” “ironies”, soos die geleerdes sê, dan is dit soos ek dit wou laat klink het.

“Dan was alles verniet gewees. Alles, al die swaarkry was verniet. En ek is verniet geskiet. Al wat ek weet, is dat die Ingelse ons die more aangeval het, of eintlik nie die Ingelse nie, maar Botha se mense. Toe kry ek ’n koeël deur die kop.”

’n Lelike stukkende plek hoog teen sy voorkop waar hy sy hoed oplig. Dié yslike gat sôú so kon gelyk het as dit ’n koeël was . . . Gits, is hy nie dalk ’n gevangene wat uit die tronk ontsnap het en deur ’n bewaarder of poliesman in die kop geskiet is nie? Wag, nou moet mens op jou hoede wees — miskien is hy ’n misdadiger wat my aandag wil aftrek sodat hy of ’n ander ontsnapte tronkvoël my van agter af kan aanval. Maar hoekom? Om my klere of geld te roof? Nee, hier rond sien ek in elk geval niks nie.

“Wat makeer jou? Wat het jou oorgekom?”

“Jy is nie ’n man wat maklik glo nie, nè? Toemaar, ek weet dis moeilik. Jy sê dus ons het nie gewen nie. Ek het dit verwag.”

“As jy dit dan verwag het, ek bedoel: kástig verwag het, hoekom het julle of jý dan gaan veg?”

“Ek het gaan veg vir die ou republiek.”

“Maar dit was tog ’n rebellie teen die Regering?”

“Ja, dit was. Ek besef nou dit was, al het ons destyds nie so sterk oor die saak gevoel nie, ten minste nie my pa en my broers nie. Ons wou maar net die Engelse Oorlog verder veg. En natuurlik ook, omdat die Bybel sê: Vervloek is hy wat sy naaste se grenspale verskuiwe. Dis wat Botha-hulle wou doen toe hulle Duitswes wou gaan afneem vir die Ingelse. Wat hét van Botha-hulle geword? Seker ook al dood, of hoe?”

Ag, laat ek vir tydkorting maar die vent se speltjie vir hom help speel. Dit is seker maar op die een of ander manier ’n gekskeerdery; ek sal wel netnou te wete kom wat agter die ding sit. En ek het tóg lus vir gesels oor iets wat my aandag kan aftrek van die grenstoeganery. Laat ek hom maar, soos wat my “geleerde” broer sou sê, my “siening van die geskiedenis” en “Die Pad van Suid-Afrika” gee. Ek het as’t ware grootgeword met “Die Pad van Suid-Afrika” — Oupa-hulle in die Engelse Oorlog. Oupa en sy twee broers se gedurige gestryery oor die Rebellie: Kaapse Rebelle wat Bloedsappe geword het teenoor ’n bittereinder wat in 1914 Rebel was. Die Rebellie is dus ou nuus vir my, ek sal hierdie vent wel die een en ander . . . En dan is daar nog die bietjie geskiedenis van my kortstondige varsity-dae . . . Maar wag, laat ek liever nie aan die varsity-geskiedenis begin dink ook nie — die rusie oor ek ná twee jaar padgegee het: diewe, daggasmokkelaars en terroriste jag is tog belangriker en interessanter as tyd mors met sintaktiese diepte-strukture, “Schaduwen van morgen”, ’n verdieping in die fenomenologiese ontleding van allerhande verskynsels . . . “Maar, Pa, ek wil iets sinvollers en belangrikers doen as om vier, vyf jaar net te sit en prentjies van sinne se betekenis teken of sê wat is werkwoorde van handelfng! Ek doen liever iets, my ‘deeltjie’; Pa-’le sê mos altyd ons moet ons deel doen — ek doen maar liewers op dié manier my deel vir ‘land en volk’ .”

“Man, ons Boere het toe die Rebellie verloor, maar dit het help

maak dat ons mense weer begin saamstaan het. Op dié manier kon die Nattes toe in Vier-en-twintig die verkiesing wen.”

As ek darem nou “inwendig” kon glimlag: Hy spring regop — sy oë blink en hy glimlag breed.

“Rêrig? Het ons wragtig gewen? Ek kan dit amper nie glo nie! Dan was alles tog nie verniet gewees nie! Speel jy nie?”

Laat ek maar verdomp glimlag, ek kan nie anders nie, al is dit bietjie sarkastiesrig.

“Natuurlik speel ek.”

Hy speel goed toneel, die arme sot; mens sou sê dié verslaenheid en teleurstelling is eg. Maar hoekom sou hy sy talent hier in ’n plaaskerkhof kom mors voor ’n toeskouer wat sy spelery nie waardeer nie?

“Ek wis dit kon nie waar wees nie.”

“Ek speel met jôu, nie met die geskiedenis nie. Jý’t gesê ons moet speel.”

En hy speel goed: glimlag weer opgewek.

“Moenie weer sulke speletjies uithaal nie. Jy sê dus ons het gewen?”

“Gewen in Vier-en-twintig: Hertzog Eerste Minister. Toe, ná nege jaar, smelt Hertzog en Smuts die Natte en Sappe saam — een party. Maar in 1939 breek die Tweede Wêreldoorlog uit . . .”

“Die wat?”

“Tweede Wêreldoorlog. Julle s’n was die eerste. Ná julle . . .”

“O, dis nog iets anders waaroor ek altyd nuuskierig was: het die Duitsers gewen?”

“Nee, ou broer,” — laat ek maar Oupa se wysrede verkondig — “jy weet mos die Ingelse kan elke slag verloor, maar die laaste slag wen hulle — elke slag.”

“En die tweede oorlog, teen wie?”

“Maar weer die Duitsers teen die Engelse én Amerikaners én Franse én Russe . . .”

En óns?”

“Én ons.”

“Wat van ons?”

“Ons veg mos maar al Engeland se oorloë vir hom.” — Dis ook Oupa daardie.

“Magtag, maar ek dag jy sê Hertzog was Eerste Minister? Of was hy toe al dood? En was daar weer ’n rebellie?”

“Nee, Jan Smuts was slimmer gewees dié keer. Hy’t gou die ouens se gewees afgevat en die gevaarlikstes opgesluit. Maar daar was darem

'n soort 'rebellie sonder gewere' soos party dit genoem het — telefoon-  
drade geknip, pale van elektriese drade opgeblaas . . .”

“Maar Hertzog . . .”

“Nee, Jan Smuts was te slim vir ons. Ek het jou mos gesê die Sappe  
en die Natte het naderhand een party geword, maar party Natte wou  
nie saamwerk nie . . .”

“Seker ons Vrystaters en die Transvalers?”

“Nee, wil jy glo? Dis die Kaaplanders en party Vrystaters . . . maar  
op dié manier het die ou gewese Sappe, Smuts se mense, die sterkste  
geword in die nuwe regering, en toe die Oorlog begin, was die Smuts-  
manne die meeste . . .”

“En die Duitsers? In die Oorlog?”

“Mooi geveg aan die begin, maar daarna . . .”

“Dan het hulle weer verloor, nes ons.”

“Hulle het weer verloor, ons nie. In Agt-en-veertig het ons weer  
'n verkiesing gewen, enne . . . Hêi, waarin jy seker belang sal stel: Ons  
het weer 'n republiek geword — die Republiek van Suid-Afrika.”

“Wat?!”

“Die Republiek van Suid-Afrika.”

“Is dit waar? Speel jy nie?”

Die man laat my nou rêrig vreeslik ongemaklik voel. Hy het 'n  
trek van . . . ek wil amper sê kinderlik-naïewe dankbaarheid oor sy  
gesig, só, of dit werklik waar is wat hy beweer: dat hy nou, vir die  
eerste keer ná die Rebelle, van al hierdie dinge hoor, amper soos die  
soldate wat hulle partykeer in die Verre Ooste opspoor wat dan vir die  
eerste keer hoor die Tweede Wêreldoorlog is oor. Maar hierdie kêrel  
is seker maar so dertig jaar en hy kan tog nie iets meegemaak het wat  
al by die sestig jaar gelede gebeur het nie? Of glo die man regtig wat  
hy voorgee, en is hy maar net mallerig? Maar hy lyk nie mal nie.

“Maar my magtag, jong, hoekom lyk jy dan of jy hier op moedver-  
loor se vlakte sit? Mense soos ek, wat omtrent elke dag van ons lewens  
gedink het aan die onreg van 1902, óns sou gedink het iemand sou  
ten minste bly gewees het om vir iemand van die republiek te vertel,  
soos wat jy vir iemand gelukwens met sy verjaarsdag of as hy 'n seun  
het . . . Maar hier sit jy of die honde jou kos afgevat het? Skort daar  
iets? Familie dood?”

“Nee, nie dood nie. Maar, more gaan ek grens toe.”

“Grens? Watse grens?”

“Suidwes.”

“Duitswes? Om wat te gaan maak? Man, dit wou ek ook nog  
altyd wees — het Botha se mense toe Duitswes afgevat?”

“Hulle het.”



“En die Union Jack waai seker nog altyd daar?”

“Nee, ou vriend, dis nou so half en half ons grond, hoewel: ek weet nie vir hoe lank nog nie. Suid-Afrika het die seggenskap daar, en dis maar goed ook. So agterna kan 'n mens amper sê dit was 'n goeie ding wat Botha vir ons gedoen het — Suidwes vir ons gekry het.”

“Maar wat gaan jy by die grens doen? Watter grens?”

“In die noorde. Ek is poliesman en ons kry almal beurte om daar te gaan veg teen . . .”

“Veg? Is daar dan al weer oorlog?”

“Dis al weer oorlog.”

“Kry dit dan nooit end nie? Moet ons dan maar vir altyd en ewig gaan veg en veg? Kry ons nooit klaar nie?”

“Nee, ons oorlog kry nooit end nie, lyk dit my.”

“Gaan ons wen?”

Vandag, in my swartgallige bui, kan ek maar seker antwoord soos Dirk 'n keer.

“Op die lang duur het ons seker nie 'n kans as hulle aanhou nie. Ons magte sal stadig by die grens doodbloei. Hulle is 'n oormag . . .”

“Hulle?”

“Die terroriste.”

“Wat? Terro . . . terroriste?”

“Kaffers wat die land van die noorde af probeer binnekom oor die grens om ons dan seker maar uit te moor of in die see te jaag.”

“Wil hulle ons nog altyd in die see injaag? Hoekom, wat het ons gesondig dat ons nooit met rus gelaat word nie? Altyd maar die swartes en die Ingelse. Sal ons nooit rus kry voor hulle ons almal uitgeroei het nie? Ek wonder of die Here iets teen ons het dat . . . Nee, nee, ek is jammer, ek wou nie so lelik gepraat het nie.”

Dirk het ook eenmaal so iets gesê. Hy was 'n verbitterde man teen die godsdiens en die kerk. “Paul, kan ek jou maar weer 'n slaggie 'skok' — julle outjies wat kastig so maklik geskok word as iemand vir julle die werklike waarheid vertel oor die kerk en so. Jy sê alles is glo in 'die Here' se hande, jy moet net glo, dan sal alles tog maar goed gaan. As jy glo aan iets en dit gebeur, is dit sy wil, as jy glo en dit gebeur nié is dit óók sy wil . . . Maar wat die wil of die wil nié ook al is, hoekom is dit die wil dat ons wat skaars 'n volk is, nou al tot niet gemaak moet word tussen die kaffers?” — “Wat laat jou dink ons sal tot niet gaan?” — “As 'n mens nie toe oë deur die lewe gaan nie, kan jy dit sien. Hoe lank, reken jy, gaan die swartgoed hulle nog aan 'n mens steur? Hulle is al klaar so parmantig. Wat sal gebeur as ons eendag hiér teen hulle moet veg, en dan by die grens ook nog? Sê nou maar net ons ouens is almal opgeroep om teen 'n groot mag by die grens te gaan veg en die klomp wat hier in die lokasies is, gaan een nag terwyl ons almal weg is en hulle sny al die vrouens wat agterbly,

se kele af en moor die kinders uit en..." — "Wel, ek weet nie, maar ons sal hulle darem hel gee." — "Hel gee, ja, maar wat sal dit help? Dit sal ons mense nie weer lewendig maak nie. Julle ouens is glads te goedgelowig — julle vergeet van Piet Retief met sy gelofie en traktaatjie en al. As daar weer 'n Dingaans kom wat sê: 'Slaan dood die towenaars! Wat dan?' —

"Is dit oor jy moet gaan veg dat jy so bedruk lyk?"

"Onder andere daarvoor, ja. Ag, baie goed druk my. My broer en ek is kwaad vir mekaar, 'n vriend van my is by die grens dood..."

"Ek is jammer."

"Toe julle destyds gaan veg het in die Rebelle, of soos jy sê julle gaan veg het, hoe het julle tóé gevoel — bly vir die kans om te gaan veg vir die republiek, vir 'volk en vaderland' soos hulle sê?"

"Volk en vaderland"... daardie helse rusie van my en my broer-hulle... Hy en daardie verloofde van hom is aan die verkeerde kant... Die gespot oor ek iets gesê het van soldate wat êrens soos helde op die slagveld gesterwe het. "O, jirretjie tog", dis my broer, "nog 'n ou wat waardig en heroïes wil gaan sterwe vir ons 'volk en vaderland', of vir die Führer en Grossdeutschland soos die Duitsers glo sou gesê het! Kyk, my liewe Paultjie, dis 'n mite, net so 'n mite soos die hele rasse-waansin van die Derde Ryk. Soldate vrek soos vlieë; in die modder, in hul eie drek, tussen die lyke van ander soldate. As hulle vrekgeskiet word, dink hulle aan hul liewe mammies, vrouens en kindertjies, verloofdes, minnaresse. Julle moet in hierdie land minder sulke onsin verkoop. 'Heroïes sterwe!', 'Sterwe vir volk en vaderland!' — daardie heldedompies of -dommetjies van soldate wat sterwe met die volkslied op die lippe het al in die Eerste Wêreldoorlog gesterwe, maar soos dit in hierdie arme land van ons gaan, is daar nog mense wat daaraan ook glo!" Sterwe 'n mens dan nie meer vir volk en vaderland nie? Is daar nie meer helde nie? Hierdie ou is darem seker aan die regte kant...

"Nec, vreeslik vrolik was ons natuurlik nie. My Ma het 'n voor-gevoel gehad een van ons sal nie terugkom nie. Ons was drie — ek en my twee jonger broers. Die een het my vasgehou ná die kopskoot. Nec, laat ek só sê — ten minste ék was nie danig vrolik om te gaan nie. Ek het darem half geweet ons het g'n kans nie. Nec, ek het ook maar terneergedruk gevoel. Maar aan die ander kant is dit darem 'n troos as jy weet jy móét gaan, dis jou plig wat jy moet gehoorsaam. Met dié soort ding moet 'n mens maar net voortgaan en hoop vir die beste."

"Jy sê jou ma het 'n voorgevoel gehad. En jy?"

"Wel, hoe 'n voorgevoel nou eintlik is, weet ek nie eintlik nie, maar ek sal jou sê hoe dit die dag vir my was. Ek was verskriklik terneergedruk die middag en aand net voor ons weg is. Ons moes wag vir ander mense en die middag het ek orals op die plaas rondgestap en naderhand na hierdie selfde ou kerkhoffie geloop en gewonder hoe sou my begrafnis wees as ek doodgaan. Seker 'n warm somermiddag, miskien 'n donderstorm en so aan. Ag, dit was natuurlik nonsens om vooraf te kom sit en myself wys te maak ek gaan vrekgeskiet word, maar tog... Ná so 'n rukkjie het ek ingesluimer, of séker ingesluimer,

want dit was anders as 'n gewone soort droom wat ek gedroom het. Dit was of ek met my oorle' Oupa praat. Hy is in die Oorlog dood-geskiet en is daarna hier herbegrawe. Hy't my gevra waarnatoe ek op pad is, en toe ek sê, vra hy of hy dink ons gaan wen. Ek het iets gesê soos: 'Ek het nie veel hoop nie, Oupa, ek glo nie eintlik nie, maar ek hoop darem', en ná 'n rukkie ook 'Ek hoop darem die opoffering is nie verniet nie.' Maar dit moes ek nie gesê het nie — hy was dadelik boos en beginne my sleg sê. 'Iets wat jy vir jou land doen, is g'n opoffering nie, nes iets wat jy vir die kerk doen.' Net toe ek 'n oomblikkie wegkyk, het hy heeltemal weggeraak en ek het wakkergeword.

"Toe het ek maar huis toe gestap en op pad soontoe allerhande dinge gedoen wat ek anders nie doen nie. Ek is nie die soort mens daarvoor nie, maar ek het dit tog gedoen — van die goed op die plaas gaan 'groot', kan jy amper sê: die bome se bas het ek aan gaan vat, my gaan skuur teen die rotse op die spruit se wal, ek het aan een van die makste koeie se lyf gaan vrywe — haar boude, bietjie haar pens gekrap, aan die een speen getrek, 'n horing vasgehou in my hand, maar sy het net so half geskud-skud met haar kop en aangehou met herkou. Naby die opstal het ek 'n takkie van een van die peperbome gepluk, dit tussen my vingers stukkend gevrywe en daaraan geruik.

"Die anderdagmore vroeg, dit was seker so tweec-uur se kant dat ons opgestaan het, het ons koffie en beskuit geëet en my pa het 'n stukkie gelees en gebid. Hy het gebid dat die bewarende hand oor ons gehou word en dat ons algar met gespaarde lewens mag terugkom. 'En onse Vader, as dit so in u raad besluit is, bring ons seuns en die ander almal weer veilig na ons toe terug en blyf Gij met ons wat agterblyft.'

"Tóé, onthou ek, toe hy só bid, toe kry ek op die een of ander manier die gevoel iets gaan met my gebeur, maar snaaks genoeg, ek het tog darem tot bedaring gekom gehad. Voor dit was ek so omgekrap en onrustig — ek het die hele nag nie 'n oog toegehad nie. Ek was die enigste van ons drie broers wat... ek is 'n bietjie skaam om te sê... ek was die enigste wat 'n bietjie gegrens het."

Is my gevoel dieselfde as dié wat Dirk gehad het toe hy weg is, of dié van hierdie man? Voel 'n mens só as jy moet gaan sterwe? Is dit dié wat vanmiddag hier in die kerkhof aan die gang is, 'n voorbode? Here, ek wil nie nou al sterwe nie — ek het nog so min gelewe! 'n Mens het kwalik gelewe of jy moet al weer van die toneel verdwyn? Nog nie halfpad gelewe nie, en ek is al halfpad na die dood?

Ek wil lewe! Daar is nog so baie dinge wat ek wil doen, sien, voel, hoor, ruik, dinge wat ek maar altyd in die haas gedoen het oor daar nie tyd was nie. Ek wil oor Springbok na die Hit Parade luister: "I want someone to lean on, someone to understand...", ek wil 'n dronk paartjie hou met my pelle, ek wil streel aan 'n wang, 'n bors, 'n dy, ek wil trou en kinders hê — ek wil hê dat iets van my moet bly leef, my bloed moet in 'n ander mens vloei soos die bloed van my Pa-'le en hulle Pa-'le in my. Hoeveel honderde voorouers se bloed loop nie in my nie, hoeveel duisende jare geskiedenis kom nie tot 'n einde as ek maar sommer vrek en kry klaar nie? 'n Dooie punt, 'n dooie einde, 'n doodgerypete vyetak wat doodgaan van sy punt af as ek so doodgaan sonder dat my bloed êrens, in 'n nuwe geslag, sal vloei.

Dis of ek skielik lam voel, lam van bangheid om dood te gaan. Dis soos kere toe ek nog klein was, toe ek my lamgeskrik het vir 'n vreemde ding wat jy nie kan sien nie wat jou wil wegdra en afgooi in 'n diep gat waarin jy aanhou val en val en val. Daardie skrikdroom van destyds . . . dit verlam my soos . . . waarom sou ek nou daaraan moet dink . . . verlam my soos Saul by die heks van Endor. Saul val op die grond neer nadat Samuel uit die dood uit opgeroep is en hy geprofeteer het Saul sal sterwe. "Daar was geen krag meer in hom nie". "Hy het baie bevreesd geword." Saul was lam van bangheid en die ou heks het hom 'n gemeste kalf en goed gegee sodat hy kon regkom. Die velde van Gilboa waarop Saul dood is . . .

Die vreemdeling hier op die kerkhofmuurtjie sit nou voor hom uit en staar, sy gesig meer ingevalle as netnou. Ek sou wou opstaan en weg-hardloop as ek maar kon, maar dis soos in 'n nagmerrie. Jy besef nie dis 'n nagmerrie nie, en as jy wil weghardloop soos in die gewone lewe, dan kán jy nie, jy kan skaars jou voete roer. Ek kan my nie verroer nie — ek sit seker soos 'n mummie; ek soos 'n mummie en die vreemdeling . . . ek kyk vir hom of hy 'n gees is.

My mond is so droog dat ek 'n paar maal moet sluk, maar nou móét ek praat oor iets anders.

"Het julle dan ook op dié plaas gewoon?"

"Ja, ons het. Ná die geveg by Mushroom Valley is ek eers daar begrawe, maar ná die tyd het hulle my hier kom herbegrawe soos my Oupa. Naderhand het die plaas maar seker uit die familie se hande geraak . . ."

"Ek is jammer."

"Oor?"

"Dat jy doodgeskiet is."

"Dink jy dit was papbroekig gewees om te gegrens het die more toe ons weg is? My een broer het gesê: 'Man, jy sien nou hoe Ma voel, en jy's nogal die oudste, en daar moes jy wragtag ook gaan staan en grens om alles te vererger? Is jy dan g'n man nie?' Dis iets wat my baie laat skaam kry het."

"Vrocër sou ek miskien gedink het dit was papbroekig en softierig, maar nee: nou dink ek nie meer so nie. Die belangrikste is tog dat jy gegaan het."

"Ek is bly jy sê dit. Dis iets wat my baie gekwel het."

"Nee, soos ek sê, ek kan verstaan hoe jy gevoel het. Dis seker soos ek nou ook maar voel, nou dat ek op pad is na . . ."

Wat wil hy nou doen as hy sy hand so oplig en . . . o, gits- hy bring dit na my kant toe, so half of hy dit op my skouer wil sit. Is hy dan nie . . . ? Ek geepad maar liewer 'n entjie. Mens kan amper sê: Foeitog, want lyk my hy kom self agter . . . — weer daardie ou verleë glimlaggie.

"Ag, jammer, jong, ek het vergeet. Ons mag nie aan mekaar raak

nie, ek mag nie aan jou vat nie. Ons leef in twee wêreldes. Maar ek is darem bly om te sien jy beginne my te glo?"

Glo ek hom regtig? Hy is so werklik. Wat in die ou dae belaglik gelyk het, begin sy onwerklikheid te verloor.

"Ek is jammer, jong, lyk my ek het jou nou ook al half bang gepraat. Ek dink nie mens moet jou so danig steur aan voorbodes en voorgevoelens nie — jy hoor maar altyd net van die een of twee wat uitgekóm het, maar van die ander wat nié uitgekóm het nie..."

"Dis vir my verskriklik om te dink ek moet doodgaan terwyl ek nog so bloedjonk is. Was dit vir jou maklik om te aanvaar jy moet ook... sal ek maar sê... 'snuwel' of 'val'... Kon jy jou vooraf daarmee versoen het, ek bedoel nou toe jy die voorgevoel gehad het?"

"Nee, dit was vir my ook swaar om te dink ek sou dalk nie terugkom nie. Maar kom ons laat staan die doodganerypraatjies. Daar is so baie ander goed om oor te praat, oor julle oorlog, óns oorlog, bedoel ek. Daar is dié keer seker darem nie jôiners nie?"

"Nee. Ons hét jôiners — dié keer ook."

"Wat? Van ons eie mense aan die Kaffers se kant?"

"Ons eie mense is maar weer teen ons. Ek en my broer is nie eers aan dieselfde kant nie, en hy is nie eers so erg nie. Daar is nog ander ook — een ou is 'n digter of iets... Wie is hy nou weer?"

Sy naam is op die puntjie van my tong — ek weet daar is 'n plekkie in Oos-Transvaal wat dieselfde naam het — Ermelo? Nee. Volksrust? Moenie simpel wees nie. Vrede? Nee, dis tog Vrystaat... Vryheid is in Natal... Dis meer na Swaziland se kant toe dink ek... Ag, dit maak tog nie saak nie, die ou sal tog nie in die naam belang stel nie. Boetie het nog vir my die Vrij Nederland gewys, ek onthou dit byna woord vir woord, party dinge wat hy gesê het, veral oor ons so gestry het daaroor: "Onze vrijheidsvechters in Zambia en Tanzania beginnen vandaar de infiltratie van Z.W.-Afrika. In Z.W.-Afrika is reeds gevochten, ook in Caprivi Strip... Het wordt nooit meer stopgezet... De blanke huid moet in Suid-Afrika verdwijnen." Ons moet verdwyn, sê hy, ons moet uitgeroei word soos die Engelse in die Oorlog wou doen, en tóé was daar jôiners...

"Terwyl ons poliesmanne al die vuilwerk moet doen — ons moet die strate patroleer, ons moet die Kaffers by die erwe gaan uithaal as hulle daar moles maak, ons moet op die grens gaan veg en hulle sit op hulle gatte en kies die Kaffers se kant. Hulle sê ons behandel die swartgoed sleg."

"Wat sê jy daarvan? Is dit so?"

"Wel, ek weet nie juis nie. Nee, om die waarheid te sê — ek glo nie ons doen alles heeltemal reg nie. Ons doen seker baie goed verkeerd. Daar is ander ouens in die polisie wat sommer vir enige ding die swartes wil donder. Dié dinge hinder my ook en laat my simpel voel. Ek en my broer het al 'n hele paar rusies gehad..."

Daardie aaklige rusie in Johannesburg toe ek nog daar gestasioneer

was... Diens gehad in De Villiersstraat, onderkant die stasie. Kastig die "hartjie" van Johannesburg — jy sou eerder sê dis Soweto... Swartes loop een blok aanmekaar, verkoop allerhande goed — kos, komberse, medisyne, doepa, laventel, ander mooimaakgoed, armbande... Van dié wat lisensies gehad het, het agteraf kom kla daar is verkopers wat verneuk — hulle is sonder lisensies daar, en ek moes gaan kyk. "Waar's jou pas?" Plaas dat ek nie so bars gepraat het nie, maar die swartman was ook so astrap. — "Ek het die pas gaverloor." — "Dan moet jy saamkom." — Ek raak sommer nou nog moerig as ek dink aan die stamp wat hy my gegee het, dat ek so half teen 'n swartvrou se bene geval het. Hy het begin weghardloop, maar ek was klaar en smeer hom dat sy kop sommer so klap op die teer. Toe ek hom geboei gehad het, gee ek hom sommer 'n paar klappe, meer oor ek geskrik het as oor iets anders. Net toe kom daar twee vroumense aangehardloop, en wragtig, soos die een begin om my sleg te sê: "Bloody Boer... discrimination... bloody Boer... apartheid... bloody Boer... apart hate... bloody Boer... injustice... bloody Boer... can't even speak English..." Ek het nie na hul gesigte gekyk nie en dis dié wat ek nie raakgesien het die een wat stilbly, is Boetie se meisie nie. En dat ek gesê het: "Hou jou bleddie bek, verdomde teef!" Was die hel tóe los! Agterna, toe Boetie by was, was daar soos gewoonlik 'n uitgerekte rusie: "Wet en orde het 'n teenhanger — vir jou informasie: dis reg en geregtigheid. Jy het 'n onreg gepleeg teen die man. Dis julle polisie se ongemanierde hardhandigheid wat maak dat ons so gehaat word in hierdie land. Wat, dink jy, sal gebeur, as julle mense eendag almal ogeroep is om te gaan veg en die Bantoes val dié wat agterbly, aan en moor ons almal uit? Met die dinge wat julle aanvang, dryf julle hulle daartoe." Die bitterheid van die vervreemding daarna.

"Jy sê jy en jou broer stem nie saam nie."

"Nee."

"En jy's reg?"

Vir hierdie man kan ek tog nie lieg nie. Hy is tog 'n vreemde. Soms help dit om oor iets te praat, selfs te bieë.

"Nee, ek weet nie. Hy's nie heeltemal verkeerd nie. Ek het 'n kaffer gedonder oor ek kwaad was, en bang, en ek moes seker nie. Nee, my kant was nie altyd skoon nie. Ons saak is nie heeltemal reg nie. Ek wens baie keer ek het in julle tyd geleef of in die Engelse Oorlog. Toe was ons kant skoon gewees. Julle kon met 'n skoon gewete gaan veg, want julle het die reg aan julle kant gehad. Ek weet 'n ou wat gaan veg, moet nie twyfel aan sy saak nie, maar ek kan nie met 'n lekker hart gaan nie. Party dinge in ons land is nie heeltemal reg nie. Ek glo nie meer aan al die dinge wat ons eintlik glo moet verdedig nie."

Dis maar vrot gestel, maar dit voel asof 'n blok van my skouers afgehaal is. Vir die eerste keer kon ek aan iemand anders dié dinge sê. Dirk sou so iets nie verstaan het nie, hy is 'n kafferhater. My broer sou destyds, voor die rusie, waarskynlik hooghartig gesê het: "Aha, Boetie! Sien jy nou wie was nog altyd reg gewees? Jy moet 'n slaggie na jou ouboet luister! Maar ek is darem bly daar is ten minste een 'dienaar van die gereg' wat nie te bót en te toe is nie." Maar die man hier langs my is aan die praat...

“Ek moet sê ek verstaan nie alles waarvan jy praat nie, maar wat ek wil sê, is dat ons darem ook nie altyd so 'n danige skoon saak gehad het nie. Ons het ook maar getwyfel, of liewerster, ék het getwyfel. My ma het gedurig rondgeloop met die teks: 'Ieder mens moet zich onderwerpen aan de overheden die boven hem staan.' My ma was tog reg...”

“Maar die Boere in die Engelse Oorlog, julle — jy was tog seker ook in die Oorlog?”

“Ek was.”

“Maar tóé het julle darem met 'n skoon gewete gaan veg?”

“J-á-á-à-à, dit is seker so, ek was toe nog maar bloedjonk — ek het maar net gedink aan Engelse skiet, maar my pa en oupa, hulle was maar soos baie van die óú geslag Vrystaters nie so danig lief vir Paul Kruger nie. Altyd gepraat van Kruger en sy Jode en Hollanders en dinamietkonsessies en voorttrekkery van sy familie en dat die Transvalers nie genoeg gedoen het om die oorlog te keer nie...”

Vir laas moet ek nou seker maak of die man wêrklik is en of hy wêrklik is wat hy sê hy is. Ek sal maar lag soos iemand wat maak of hy beseft dit was die heel tyd maar 'n gekskeerdery al het hy maar saamgespeel.

“Luister, Sampie, dit was nou 'n interessante gesprek dié van vanmiddag — so iets het ek nog nie belewe nie. Maar ek bly nuuskierig: het jy toevallig hierheen gekom, of het my oom jou opgesteek om hierso met my te kom praat, of hoe?”

“Jy glo my dus nog nie heeltemal nie? Ek wil amper sê: Dis hard vir jou om teen die prikkels te skop? Toemaar, vir my ook. Ou vriend, daar's duistere dinge op die ou 'aardske tranedal', baie dinge wat ons nie verstaan nie. Wat jy vertel, verstaan ek nie alles nie. Wie is ons so danig dat ons alles moet wil verstaan? Daar is 'n soort grens tussen ons — ek verstaan nie meer wat aan jou kant van die grens afspeel nie en jy moenie dink jy sal die dinge kan verstaan wat aan my kant van die grens is nie. Eers eendag, as jy aan my kant van die grens is...”

“As ons aan dieselfde kant is?... Is jy nie besig om te spot met heilige dinge nie? Die Bybel sê...”

“Die Bybel sê baie dinge onduidelik. Hoe, reken jy, kon die heks van Endor vir Samuel laat opkom het toe Saul dit vra? Nec, ek weet daar is dinge wat swaar is om te glo, ook al sien jy hulle...”

Dit raak haas tyd om te gaan. Die mense drink hierdie tyd koffie, en netnou moet ons Bethlehem toe.

“Ek moet nou gaan. Ek sou jou graag wou groet.”

“Ons moet maar liewer nie met die hand groet nie. Miskien is dit alles maar net bygeloof, miskien... My gevoel is altyd: liewer bang Jan as dooi...”

'n Mens kan wel lag. Eintlik ons beste grap van vanmiddag, as jy aan sy lag moet oordeel.

“Alles van die beste. Tot siens.”

“Tot siens? Ek hoop nie jy wil my dalk aan jou kant van die grens sien nie? Ek is tevrede hier duskant hoor!”

“Ek is bly jy glo my nou. Jammer ons kan nie aan dieselfde kant gewees het nie. Ek dink ons sou goed oor die weg gekom het.”

“Hou maar duimvas.”

“Ek sal, maar so iets help nie juis veel nie, nè? Ma het ook gesê sy sal duim-vashou, en...”

“Hoekom moet dit só wees? Gee die Here dan nie vir ons om nie? Is ons Afrikaners dan die verworpenes van die aarde? Hoekom moet ons jonges afgemaai word? Ek het skaars gelewe en ek moet al vrek-geskiet word! Hoekom kan al die tiranne, al die diktators, al die vabonde wat agter alles sit, nie maar geskiet word nie! Nou is dit óns, ons wat wil lewe! Dis maklik om te sing: Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou, Suid-Afrika! Ek wil nie sterwe nie, ek wil lewe! Ek wil lewe!”

Dis nou seker wat hulle “histeries” noem: ék histèries. Vroeër, in die ou dae, toe’t ek en Dirk gespot met die geleerdes, die sielkundiges, die sentimenteles, digters wat dig oor “die rose keiserlyk” of “die verre sterwe op die veld, die klein begrafenis”... Vroeër sou ek gelag het of geslaan het as iemand gesê het ek sou histeries of sentimenteel raak... En wil tjank! Maar wie weet vooraf wat ’n mens alles sal doen as jy weet jy moet sterwe?

“Toemaar, Paul...”

Weer so verleë — hy het weer sy hand opgelig en seker besef hy mag nie: hy is van die ander kant.

“Ek wens ek kon iets moois aan jou sê, maar ek kan nie aan iets dink nie. Dis maar ’n paadjie dié wat ons elkeen op sy eie moet loop. Die óu mense het altyd vertel van toe die Voortrekkers destyds uit die Kolonie uit getrek het, van wat hulle gesing het toe hulle by die grens van die Kolonie kom en oor die Grootrivier moes trek. Hulle het glo gesing: ‘Komt, treën wij dan gemoedigd voort!’ Maar in dieselfde gesang, in die versie net voor dié een staan daar: ‘Als wij de doodsvallei betreën, laat ons elk aardse vriend alleen...’ Dis tog een troos, ons loop almal dieselfde paadjie, al loop ons hom alleen. Maar dit is ’n skraal troos. Doodgaan is een ding wat pas by die ou spreekwoord: ‘Praatjies vul geen gaatjies nie’.”

“Nee, wat die gaatjies vul, is die kissies...”

“Dis ’n skraal troos, maar tog: as jy wéét jy moet sterwe en jy kan kies... Kyk, ek kon ook kies — ek kon gaan rebelleer of bly. My Pa en Ma het nie saamgestem oor die Rebelleie nie, en hulle het toe ooreengekom hulle sal ons seuns self laat kies. My Ma sou bly gewees het as ons gebly het en dit was vir my swaar om teen haar sin te handel. Dit sou lekkerder gewees het om te bly — bedags in die lande, saans die lekker gesels en stories vertel. Maar as jy moet kies tussen lekker lewe en jou plig doen, dan kies jy tog seker nie die lekker lewe nie? Hoe sou ek my nie geskaam het as my broers gaan veg het en ek het by die huis gelê nie! Nee, al is dit verskriklik om te vrek — ek sterwe dan maar liever vir ’n saak wat belangriker is as ekself of ’n



lekker lewe. Liewers so doodgaan, of soos die ou martelare, as om eendag half kjens op die stoep te sit en ouvroupraatjies hou..."

Gaan my ek hoor Ma roep van die huis af. Ja-nee, dit is sy.

"Nou ja, Sampie, tot siens dan. Ek sal my ma-hulle vra om my ook hier te kom begrawe as... as..."

Net seker maak dat ek nie oor hierdie spul los klippers val nie, veral hierdie ronderige losses. Dan kan ek hom maar regtig dagsê met die hand.

"Tot sie..."

Nee, hy's weg. So skielik?

Nou moet ek maar die plaas groet voor ons moet ry. Dis winter, die dae is kort. 'n Mens groet met jou vingerpunte teen die skurwe stamme en die ruwe oppervlak van die klippe. 'n Waterdruppel op my hand en dit kom van... Ek grens dus. Só voel dit dan om afskeid te neem van die lewe: 'n eidelose hartseer, 'n selfverwyt oor alles wat ek nagelaat het om te doen en waarvoor ek nie weer die kans sal kry nie. Maar hoe snaaks dat mens so helder bewus van alles is — jy't geen toekomsplanne nie, geen gedroom oor wat jy nog wil doen nie, geen wag, geen verwag, geen afwag, geen hoop om jou aandag af te trek nie. Ek lewe en ek is bewus daarvan ek lewe. En hier dan, is die laaste bome voor die opstal — die ou peperbome. Hy is half taai, die takkie, sit vas, jy moet ruk om hom afgepluk te kry, en dan vrywe jy hom met jou vingers fyn en kry jy die skerp geur.

Nou, dan maar huis toe.

"Ons moet maar gouerig eet — ons weet nie watter teëspoed ons dalk op die pad kan kry nie..."

"Nee, Ma, ek het nie lus vir kos vanaand nie."

"Nee, dis jou laaste kansie om goed te eet voor jy grens toe gaan. Jy is al klaar so bleek. Ek het juis sulke lekker vetkoek gebak, en hier's nog van vanmiddag se beesvleis."

"Ja nee, jong" — dis my pa. "jy moet éét — julle sal hard moet spook daar by die grens as julle eers daar is."

"Ja, jy moet my nog weer sê wat die naam van die plek is — ek vergeet al."

Ma is nes ek nie juis iemand wat name kan onthou nie, ek wonder watter verspreking daar nou gaan uitkom.

"Wat is dit nou weer — die watse strook? Namibië? Nee, e... Santander... Gilboa..."

"Hemel, mamma! Dis darem vreeslik — Gilboa! Dis Caprivi! Caprivi!"

Goed, ná die gelaggery dan maar geëet en soos altyd ná ete gou die stukkie lees en bid. "Groter liefde het niemand as dit nie dat iemand sy lewe vir sy vriende gee..." Pa bid, dank vir die bewarende hand wat die hele dag oor ons gehou is en "as dit in u raad besluit is, bring ons seun weer veilig na ons toe terug en bly met ons wat agterbly."

GEDIGTE

HELLESPONT.

Ek sal vannag die Hellespont deurswem  
 al waai die wind die golwe toringhoog.  
 Daar vlam die toorts. Ek sien dit, dis jou stem  
 en ek sal, Hero, langer nie gedoog  
 dat seegevaar of nag my van jou skei.  
 Ek sal met ferme slag die branders klief!  
 Jou hart wat roep, jou toortslig sal my lei:  
 Dit brand in my, dit brand: ek het jou lief!

Angstig afwagtend sal jy in jou fort  
 voor hoë venster uitstaar in die nag  
 of jou Leander weer gespaar sal word.  
 Die stormwind raas en ruk, maar Hero wag  
 terwyl in hand en hart haar flitsvlam gloei:  
 haar held sal kom, hoe ook orkane loei.

EENSAME GEDAGTES

Ek gaan met eie eensame gedagtes  
 in stiltes skuil waar ek verskans kan wees,  
 'n teer-nabye heiligheid te wagte's,  
 wat oor my dorheid koel soos reën sal wees.

Laat my vervlugtig in die aand se vrede  
 en wegvloei oor die einders van die nag,  
 eenselwig met my innigste gebede  
 om heil en om genade af te wag.

Mak ek, O Skoonheid, jou in al jou reinheid,  
 jou heerlikheid en volheid myne maak  
 en jou gestalte in sy teerste fynheid  
 eerbiedig met my hande erend raak?  
 Verban dan uit my boesem alle kleinheid,  
 opdat jou grootheid daarin mag ontwaak.

HULDE

Wat sal ek, nou dat dit te laat is, doen  
 om wat ek dwaas versuim het en versaak,  
 deur bieg en boetedoening te versoen?  
 Sal selfverwyd sy bitter byt ooit staak?

Jou voetstap in ons woonhuis het verstom  
 en in die tuin rond, buitekant, jou stem,  
 waar jy steeds plek vir elke struik en blom  
 sekuur met jou merkstokkie af kon pen.

As'k nou, vereensaam, in die tuin ronddwaal  
 hoor ek hoe roosknoppe jou lof besing,

hoe kappertjies, gesiggies, in hul taal  
aan jou, vir al die dienste hulde bring,  
wat jy, as eerste en laaste hartewens,  
gegee't aan God en jou medemens.

#### BEDELAAR

Gewyde ure waar is jul nou heen?  
Sal ek moet aanstap met die tyd se treë.  
logvoetig, vreugdeloos en siel-alleen,  
langs al die dorre stofgetrapte weë,  
'n bedelaar met bondel op die rug,  
wat nie sal weet waar hy vanaand gaan rus nie,  
geen dak bo hom dan net die koue lug,  
geen sagte hande wat sy moegheid sus nie?

O Hemellig wat ek met vuur aanbid het,  
beskyn nog eenmaal hierdie donker pad,  
want waar ek laas my rugsak neergesit het,  
was nie die end nie: 'k moet die reis hervat.  
Maar laat dit draaglik wees, die laaste skof  
wat ek moet aanstap swetend deur die stof.

#### GESTRAND

Na verre vaart  
het hy gestrand  
nou lê die wrak  
op stormsand  
en elke brak  
kom lig sy been  
en elke brander  
spoeg daarteen  
die see se sout  
en bitter brak.

P. G. du Plessis se drama van 1973, **Plaston: DNS-kind — fantasie rondom 'n onmoontlike moontlikheid**, het by lesers en gehore uiteenlopende reaksies uitgelok. Die gesprek wat hier volg, is gedurende November 1974 met die skrywer gevoer. Hy is onder meer gevra om die doelstellings in die drama, agtergronde, motiewe, te verduidelik.

**P.G.:** Vir my is die groot probleem van my eeu, twyfel. Neem nou maar die kwessie van die lewe na die dood: die mens glo stukke waarhede. As 'n ou jou 'n spookstorie vertel, dan is jy daardie aand bang, want jy aanvaar dit as 'n moontlikheid. As jy die dag in die kerk is, dan bely jy jou sonde, want dit is ook weer 'n moontlikheid. Dan praat jy weer met 'n absolute materialis, en dan's dit ook weer vir jou 'n moontlikheid . . . maar jy't geen vaste draad, patroon, soos die mens gehad het in die Middeleeue nie: waar hy één ding geglo het, en wat "hulle" gesê het, is reg. — Ek praat nou sommer van die gewone, gemiddelde ou; nie van predikante en sinodes en dié soort ding nie. Daarnaas is daar nog die twyfel oor die bestaan van God. Want die probleem is, jy kry in ons huidige teologie alles: van absolute geloof tot by die "God is dood"-filosofie, selfs 'n teologie wat oorloop in die materialisme . . . Dit is die prentjie waarteen ek "die ding wou doen". Toe was daar die keuse, **hoe** ek die ding wou doen, as ek twyfel wil uitbeeld, moontlikhede wil gee . . . Daar was eers vir my twee dinge om oorweeg te word; die een is: ons almal aanvaar Leroux se los soort simboliek, dat niks eintlik uiteindelik vaskom aanmekaar nie. Dit kom so amper vas, maar êrens is daar 'n breukie. Toe dag ek: ag, literêr gaan dit nie probleme gee nie — mense verdra dit dan van Leroux!

Die ander oorweging was, die allegorie. Maar as ek die allegorie wil gebruik, dan moet al die simbole klop. En die oomblik wanneer hulle klop, dan kan ek nie meer twyfel uitbeeld nie — dis doodgewone, elementêre wiskunde. Want dan sê ek iets, dan gaan ek uitspraak gee oor al dié moontlikhede. Maar 'n derde ding kon oorweeg word: die fantasie, soos **Alice in Wonderland**, waarin daar talle vertolkingsmoontlikhede lê in elke stelling: groot filosofiese waarhede. Maar Lewis Carroll gee dit in die vorm van 'n fantasie, waar die patroon nie hoef te "klop" nie; in 'n fantasie is alles moontlik. 'n Fantasie kán ook allegories wees, as jy dié **Alice**-model neem, maar dan word dit in elk geval iets contra **Die pelgrim se reis na die ewigheid**.

**E.B.:** Waar alles klop.

**P.G.:** Waar alles klop, absoluut. En waar die skrywer dus 'n uitspraak maak, uitsluitel gee. Toe dag ek, goed, weg van die allegorie! Ek neem die **Alice**-patroon . . .

**E.B.:** Maar verduidelik net eers hoe dit verskil van die eerste moontlikheid wat jy oorweeg het, volgens die voorbeeld van Leroux.

**P.G.:** Leroux praat in argetipiese patrone — ek nie. My "patroontjies" is glad nie Jungiaans gefundeer nie. Leroux vat die mite, ge-

filter deur Jung, en hy gee vir jou moontlikhede binne 'n semi-realistiese, 'n gepretendeerde realistiese wêreld wat nog satire na die werklikheid se kant toe ook by het. Maar die patroon van die allegorie is by Leroux "gedraai"; en hy "breek" dit bowendien sodat jy die legkaart nooit presies bymekaar kry nie. — Goed, ek kies toe die vorm van die fantasie. Maar nou gaan ek dinge sê wat vanselfsprekend 'n soort rasionalisasie is, agterna bedink. Hierdie dinge kom per slot van sake eintlik intuïtief na mens toe terwyl jy skryf. Maar by ontleding blyk dit ongeveer die volgende te gewees het: Ek het ook probeer vasstel wat die groot twyfels in my lewe is. Vir my sit daar allerlei sake in 'n sirkel rondom my: die bestaan van God aan dié kant; hier — die wetenskap van die twintigste eeu, met die verskriklike selfversekerdheid van die fisici, ateïsme . . . En hierdie kant: die paaiboelie van ons eeu: God is dood — wat nou weer sý probleme het. Of God het nooit bestaan nie, of: God het bestaan en hom onttrek, of: God kan nie in ons bestaan soos ons op die oomblik is nie . . . Wat die Gods-begrip betref, is daar weer twee dinge wat my pla. Die een is die predestinasie; die ander die vrye wil, soos die Rooms-Katolieke dit sien. En daar kom die regverdigheidsbeginsel by: As Calvyn nou gelyk het . . . en Calvyn sê: as God almagtig is, en God is alwetend, en niks geskied sonder sy Wil nie, dan moet alles vooraf bepaal wees — ek besef, ek gee hier maar 'n baie kru weergawe van die Calvinisme!\* Dan; die Jesuïete se antwoord daarop — ás God dan almagtig is, dan kan Hy ook iets skep buite sy Wil . . . Veronderstel nou jy sien dit so: dat elke siel vir 'n "destinasie" geskep is, soms vir die hel, dan kry jy dié baie ou probleem: is dit dan nou regverdig om gemaak te word vir die hel? Om dinge nou vooruit te loop: om "geprogrammeer" te wees vir die hel? Watter vorm van vrye keuse het ons hier? En is die vrye keuse dalk die vloek wat ons opgelê is — die wil; is die wil die vloek wat ons opgelê is? Daarmee hang nog iets anders saam: noem dit maar 'n ligte teoretietjie van my, dat jy eers werklik sondig as jy wil sondig! As jy nou nie somer toevallig met n' meisie deurmekaar raak nie, maar jy gaan 'n meisie soek, en drie weke lank soek — dit is gepremediteerde sonde — En dan, daarnaas, die onskuld. In terme van **Plaston**: Joon se soort onskuld, en Kotie s'n; Plaston se onskuld.

**E.B.:** Verskillende soort onskuld . . .

**P.G.:** . . . en dit gee ook 'n patroon. Maar laat ons met die agter-nabetragting voortgaan: Nou het jy hier 'n man wat gemaak is in 'n proefbuis. Sy DNS is (so speel ons maar) sinteties gemaak; hy is in 'n sel gekloneer; hy het **geword**. Met ander woorde: hy het 'n skepper. Die Prof het hom gemaak! Ek impliseer dus daar 'n skepper. En ek sit daar twee mense saam met hom: Jan Smal en Ganske. Ek sit hulle daar in, om die simbool te breek. Want ek wil nie hê die Professor moet 'n "vaste" betekenis hê nie. Hy moet die moontlikheid in hom hê, van dalk 'n skepper, 'n Skepper te wees. Daarom kon Ganske onseker wees of die Prof wêl vir Plaston gemaak het. Daarom sê hy vir die Professor: "Jy't 'n duimsel gesteel", waardeur die proses tot gewone klonering teruggebring word.<sup>1</sup> — Jan Smal het 'n suggestie van

1. Vir die uiteensetting van die wyse waarop dr. Du Plessis wat hy self noem sy "wetenskaplike huiswerk" gedoen het, kan verwys word na die hoogs insiggewende artikels van L. C. Minnaar, Bespreking van **Plaston: DNS-kind**, in *Gereformeerde Vroueblad* Julie 1974; en C. J. Reinecke, "DNS-kind: 'n onmoontlike moontlikheid?" in *Standpunte*, Oktober 1974, pp. 50-61.

'n Christus-figuur, maar Ganske breek die simbool totaal, want hy kan geen Heilige Gees wees nie. As ek 'n allegorie wou maak, moes ek die Professor laat optree asof hy God die Vader is, Jan asof hy Christus die Seun is, en Ganske asof hy die Heilige Gees is. Maar ek het gehoop dat ek Ganske so ver van dié betekenis af het, dat geen mens dit vas sal kan glo nie. Ek wil hê, terwyl die drama **gebeur**, moet hierdie twyfel, hierdie moontlikhede wat "spring" — kom às moontlikhede, en hulle aanbied, en hulle weer onttrek; aanbied, en hulle weer onttrek. Die drama self moet dus 'n beeld word van wat aan die gang is in my soort geloofswêreld. — Nou het Plaston soms die trekke van, die onskuld van 'n Christus-figuur, maar baie min. Hy het eerder trekke van 'n Adam-figuur; hy het iets van 'n Kadmon ook in hom...

**E.B.:** ... synde die eerste mens.

**P.G.:** Omdat hy die produk van die Professor is — hy het hom gemaak, sinteties; hy is in sy "erflikheidseienskappe" deur die Professor geprogrammeer... En nou is ons by die ou storie van omgewing en erflikheid, Emile Zola se storie...

**E.B.:** Die vraag of die mens die produk is van omgewing of erflikheid; en die determinisme.

**P.G.:** Kyk, dis 'n snaakse ding: maar as jy die filosofie afkook van die naturalisme, dan kry jy: 'n ding wat geboore word (lat ons nou net die regverdigheidsbeginsel bybring) — hy kan nie help hoe hy lyk nie; hy gaan die wêreld in, hy kry die eerste prikkel. Omdat hy só is, reageer hy sus. Dardie prikkel laat hom effens veranderd ná. Maar: hy kan nie verhelp wat hy was nie, hy kan nie help dat hy die prikkel ontvang het nie, hy kan dus nie verhelp wat hy nou is nie. So gaan dit voort: die totaliteit van wat hy was, plus alles wat op hom ingewerk het, is gelyk aan 'n ding wat daar staan, gebonde, gepredetermineerd, sonder dat hy dit ooit kon verhelp. Met betrekking tot die regverdigheidsbeginsel, het ons hier presies dieselfde probleem as by die Calvinisme, wat uit heeltemal 'n ander hoek met dieselfde ding besig is.

**E.B.:** Wat die determinisme betref, sou jy dus sê, dat hoewel die predestinasieleer van die Calvinisme totaal anders gewortel is, daar tog bepaalde ooreenkomste is.

**P.G.:** In die rou vorm is daar bepaald ooreenkoms. Deesdae stel die teoloë dit natuurlik anders: hulle vat hom nie meer so letterlik soos Calvyn dit gevat het nie. Hulle sê deesdae, die wil (vir sover dit menslike verantwoordelikheid betref) en die predestinasie is twee treinspore wat langs mekaar loop, wat mekaar nooit kan raak nie, en dit is, volgens dié wat daarvoor praat, iets van 'n verborgenheid. — Dis nou soos ek die Dopper-teologie, waarna ek die graagste luister, verstaan! — Goed, kom ons beweeg nou terug na **Plaston**. Hier het ons ook 'n mannetjie wat "gedetermineerd" is. Maar nou is die vraag: gaan hy 'n slagoffer word van "gewone" determinisme, of gaan hy 'n plus-faktor hê? Gaan hy nou iets doen wat buite die Prof se programmering lê, miskien in die DNS; gaan hy sondig teen sy skepper? — En hy doen dit uit hoofde van die liefde, en uit hoofde van die wil. Die twee dinge wat die Professor in Plaston wou ontken het: die liefde, waarvan hy heelwaarskynlik 'n bietjie by Jan Smal kon gekry het, en die

wil — maar veral die wil is Plaston se doodsonde. Maar omdat hy 'n uitloper van die Professor is — onthou: hy is veronderstel om te wees **net** wat die Professor in hom gesit het — sal hy dingetjies sê soos: Godsdien is net iets om jou by die dood verby te bluf; hy sal later vir Kotie probeer vertel: Kotie, maar verstaan jy nie die neutrale vergetelheid van die materie nie? Hy sal uiteindelik kies om tussen die spesies te val, want die mens het ook 'n “plus” (Genopen en sý storie — waar ek tog ook iets wou sê oor hoe hol en cliché-agtig die openbare godsdien kan word . . . ek wou daarvoor kommentar lewer).

Aan die anderkant hou Plaston vas aan sy materialistiese opvoeding; daarom kan hy al hierdie dinge vir Kotie sê. En vir Genopen is hy 'n probleem, want Genopen weet nie of hy 'n mens is plus 'n siel nie. Hy is sinteties gemaak: het hy aan die sondeval deel? Maar Plaston self “glo” wat die Professor in hom gesit het, hy volhard in sy materialisme. Nou kry jy die situasie dat hulle vreemd teenoor mekaar staan, hierdie twee dinge. Aan die eenkant het jy Genopen se standpunt, en aan die anderkant, die kettery van die Professor, binne daardie gemeenskap. — Wat die Professor betref: hy wou twee dinge vastel. Hy wou kyk of Plaston die somtotaal is van wat hy gedink het dat hy in hom sit; hy wou sy eksperiment verder voer deur Plaston ook in 'n sosiale situasie te pas en te toets (hoe gaan hierdie wese, wat normaalweg ook 'n redelik normale soort groepsdier is, hoe gaan sy instinkte werk tussen ander mense?) Maar die Professor is ook 'n mens, en hy is reeds in die sewentig. Hy is 'n wetenskaplike en hy wil graag sy eksperiment afgerond sien. Die Professor is nie sonder liefde vir sy seun nie; hy sê: Ja, hy is 'n mooi seun. 'n Mens kan sê; die hele geskiedenis daar op Aardendal is in die Professor se onderbewussyn reeds “voorspel”. (Weer 'n aanknoping met die teologiese probleem: as daar 'n alwetende God is, sou Hy tog geweet het dat die mens sou val.) In 'n sin kan jy dan sê, vir die Professor is dit 'n perversie om so 'n situasie, so 'n “ding” te wil skep. Iemand wat so pervers is, sal die eksperiment ook graag afgehandel wil sien, teen elke prys. Daarom gee hierdie gebeure in Aardendal vir die Professor 'n rasionalisasie om Plaston dood te maak. (Hier voel ek alweer, ek is in die dieptes van die teologie!) Dan is sy eksperiment ten einde, afgerond, en hy kan die resultate publiseer . . .

So het ek dus gewerk binne die raamwerk van die fantasie, met daarby wat — Merwe Scholtz, meen ek — “interpreteerbare foute” genoem het.

**E.B.:** Foute wat tot begrip van die teks geïnterpreteer moet word; skynfoute dus?

**P.G.:** Ja — een dergelyke “fout” is: die Professor besluit te gou en te maklik dat Plaston moet dood. Dit is **klaarblyklik** te gou en te maklik. Daar was nog baie ander deurtjies vir hom oop. Daar was dus al iets in die Professor . . . hy het eintlik net 'n rede gesoek om die eksperiment klaar te maak en te publiseer. Hy stel baie prys op publikasie, dié Professor! — 'n Ander soortgelyke fout is: Saar se ommekeer is 'n bietjie te gou — haar verandering van dag tot nag, letterlik. Daar is iets in van “Hell hath no fury . . .” maar tog 'n bietjie gou. En 'n derde ding: Plaston raak te gou slim. Al drie hierdie foute is interpre-

teerbaar. Let wel: in elkeen van hierdie mense is die moontlikheid daar, dat hierdie dinge, die besluit, die veranderings, op die verhoog kán gebeur — maar dit geskied net té vinnig. Tog: omdat dit binne die fantasie geskied, glo ek, is dit aanvaarbaar: om met 'n dag-en-nag-meisie te werk, om te werk met 'n seun (boonop baie intelligent) wat by 'n ongewone situasie kan aanpas. — Al hierdie dinge, dan, probeer ek in die storie sit, en ek probeer dit so doen dat ek tog die mense wat dit hoor en sien op 'n plek raak, waar ek hoop, hul nog nie tevore presies só geraak is nie. In die proses — dit het ek gedurende die opvoerings van die stuk ervaar — het hul dikwels vir my vies geword . . . Nou, hier kom ons miskien by iets wat mens kan noem, die voorbeeld van sekere neigings in die moderne toneelliteratuur. Met betrekking tot sy gehoor praat Brecht van 'n proses van “Verfremdung”. Hy het die begrip “Einführung” verwerp . . .

...**E.B.:** Waar daar van die gehoor gevra word om “saam te voel”, om hul “in te dink” in die situasie op die verhoog . . . Hoe sou jy Brecht se Verfremdung vir die doel van hierdie gesprek verduidelik?

**P.G.:** Eenvoudig gestel, het Brecht gesê dat, indien jou gehoor té betrokke is by wat op die verhoog aangaan, jy as dramaturg dan glad nie met hulle kan kommunikeer nie. Hou dus jou verhoog só dat die gehoor nie betrokke raak by wat daar aangaan nie, dan kan hulle die sinvolheid van die spel soveel beter “lees”. Dan kry die drama interpretasiemonotlikhede by; as jy net by die heldin betrokke is, sien jy die res nie raak nie! Die teenoorgestelde van Verfremdung is Einführung — identifisering met die karakters ap die verhoog. Tog: Brecht is vir my die geslaagdeste waar Einführung deurbreek, of hy dit wou hê of nie — in **Mutter Courage**, byvoorbeeld . . . Dit nou daargelaat. Vandag is daar veel spel met die opsetlike verbreking van Einführung — een van die beste voorbeelde wat ek hiervan ken, in die hedendaagse literatuur, is John Fowles se roman **The French Lieutenant's Woman**, waar hy ons in die Einführungs-idiom (ook 'n stukkie erfenis uit die Romantiek) baie vér voer . . . en skielik staan die skrywer buite die treinvenster. Hy gryp “kunsmatig” in, hy sê vir die leser: Ek gaan vir jou twee eindes gee vir hierdie boek . . .

**E.B.:** Fowles deurspek sy verhaal met voetnote, gee daaraan 'n navenorsingsfaçade.

**P.G.:** Hy skep in elk geval die illusie van 'n wêreld waarmee jy as leser sou kon identifiseer, en dan breek hy hom; die skrywer kom staan tussen die leser en die wêreld. — Ek wou ook 'n speletjie speel in **Plaston**. Bo-op die verhoog sit ek drie persoonlikhede en ek maak hulle al drie (behalwe miskien een, effens) só onsimpatiek dat geen hond met hulle sou wou identiseer nie. Ek bring 'n vreemde siel hierin — en hoewel die gehoor gou sy suiwerheid kan agterkom, is dit baie moeilik om met **hom** te identifiseer, want, per slot van sake, hier sit ons, die gehoor, soos Plaston vir Kotie sê: gevorm uit ou vure en mutasies, nie soos hy, sinteties, nie. Daar is een plek waar ek speel met die moontlikheid van identifisering, van Einführung: dit is by die voorstelling van die dorpsmense. Die oomblik as hulle opkom, behoort die verhoog “warmer” te wees. Jy kan, uit die gehoor, saamlag, hulle “foibles” verstaan. Jy kan nie so maklik die Professor se foibles ver-



staan nie — dit is abstrak, dáár, weg uit jou wêreld uit. Jy kan nie Plaston s'n verstaan nie — hy distansieer hom in elk geval ook deur al die sosiale “blues” wat hy maak. Soos die drama nou deur sy twee bedrywe loop, bewerk jy dus tog 'n Einfühlung, van die gehoor met die dorpsmense. En dan, op 'n sekere plek in die tweede bedryf, laat jy hulle spot met Plaston op Standerd Drie-peil. Dis nou laerskool-“wit” — dis hopelik duidelik dat dit nie mý begrip van hoë “wit” is nie! — en dan kan 'n mens hóór hoe sluk die gehoor hul lag. Dis ook dan wanneer Plaston beseft dat hy 'n tussen-spesie is, dat hy nooit “van hulle” kan wees nie, en dat sy enigste uiteinde “die vergetelheid van die materie” is, om soos 'n hond dood te gaan — net 'n kopbeen na te laat en 'n paar ribbes.

**E.B.:** Jy laat jou gehoor dus eers saamvoel, hulself “invoel” in die situasie van die dorpsmense, sus hul as't ware waarmee — om hulle dan in die tweede bedryf hardhandig uit hierdie identifisering te skok; jy vervreem hulle sodat hulle helderder kan sien wat met Plaston gebeur.

**P.G.:** Daar bly nog 'n vraag oor. Dit gaan hier basies om die aard van die mens. Is ons dan net ape, primate, of is ons ape-plus? Het daar iets in die kale aap gekom wat hom meer gemaak het as net die som van 'n klomp breinselle? In die materie is daar 'n suiwerheid; maar as ek praat van drie soorte onskuld in die drama, het elkeen sy eie suiwerheid. Kotie se argelose menslike suiwerheid as sy Plaston “jaag”; Joon se dom menslike suiwerheid; Plaston se suiwerheid . . .

**E.B.:** . . . van onskuldig-wees aan die weë van die wêreld . . .

**P.G.:** Al drie is “onskuld”, al drie is “suiwer” . . . Met hierdie moontlikhede speel ek in die drama, en daarmee, hoop ek, kan ek hierdie dinge vaag by mense wat die drama sien, laat wakker word. Ek sou nie so dwaas wees om te verwag dat my gehoor ál hierdie dinge netso moet ervaar nie, maar as iemand uitloop ná 'n opvoering daarvan, met 'n vae gevoel van onrus oor sy bestaan, dan sou ek tevrede wees. Dis al wat die drama wil se; daar is nie heldedomme nie, daar is nie katharsisse nie — trouens, ek sny die katharsis af. Jy kan 'n vorm van katharsis kry na Plaston die woestyn in loop, want hy is op daardie oomblik 'n heldjie; maar dan sny ek dit af met die Professor se woorde, cutting down to size: “Ons moet die liggaam kry vir disseksie.” — Só moes dit volgens my geeloop het . . . miskien is dit nie alles uiteindelik daarin nie . . .

**E.B.:** Ek het die indruk dat, ten spyte van die oënskynlike direktheid, die eenvoud van die dialoog, die laerskool-“wit” ook — daar 'n verwikkelde wêreld van verwysings in die drama is, waardeur die ervaring van die drama, vir die ingewyde, grootliks verryk sou kon word.

**P.G.:** Daar is baie verwysings. Byvoorbeeld, as die Professor sê: “As ek 'n klei-os gemaak het, kan ek hom breek” — dan haal hy aan. As Ganske vir hom sê: “Alles wat Plaston is, het jy in hom gesit; jy't hom geprogrammeer van sy DNS af” — dan som hy daar twee dinge op: determinisme en predestinasie. En die vrye wil, die keuse van Plaston wat hy uiteindelik uitoefen: dis iets wat in hom groei binne die verloop van die drama, maar dis terselfdertyd 'n filosofiese stellingname contra die Professor.

**E.B.** En vir dié wat die verwysings kan volg, die hele wysigerige

en teologiese web voel roer: by hulle sal daar seker meer as net daardie “vae gevoel van onrus” wees waarvan jy netnou gepraat het?

**P.G.:** Soms dink ek: sommige van my lesers het nog net halfpad met my saamgedink, en dan dink hulle ek is dom . . .

**E.B.:** Het die meeste verwyte: dat jy foute gemaak het in die konstruksie van die drama se verloop, dat jy dan, soos jy sê, dom was, nie te make gehad met jou toepassing van — kom ons noem dit maar, realiteitsbestanddele nie? Is dié verwyte nie gebaseer op 'n misvatting ten opsigte van die héél basiese feit: dat 'n mens hier met 'n fantasie te doen het en nie met 'n weergawe van die werklikheid, 'n “slice of life”, nie?

**P.G.:** Wel, kom ons neem **Alice in Wonderland** en jy neem dr. John Kannemeyer se kritiek van **Plaston** wat in **Standpunte** (Junie 1974) verskyn het. Ek dink, as jy dr. Kannemeyer se eise vir **Plaston** op **Alice** toepas, gaan dit lyk asof **Alice** ook nie “werk” nie — veral nie die “tea-party” met al sy realistiese verwysings nie!

In elke fantasie is daar natuurlik grepe uit die werklikheid — dit fantasie bestaan tensy hy, al is dit op 'n aweregse manier, die werklikheid ingebou is, hier en daar, kan jy nie oor die hele werk heen, “werklikheidsgetrouheid” verwag nie.

**E.B.:** Nec, mens moet dit pertinent stel: geen fantasie kan às fantasie bestaan tensy hy, al is dit op 'n awerige manier, die werklikheid bevat nie. Jy herken 'n fantasie slegs as sodanig, omdat hy die realiteit op een of ander manier insluit, sodat jy die diskrepans tussen wat jy aangebied sien, en die “volledige” werklikheid, kan ervaar. Jy kan slegs 'n drama, of welke literêre kunswerk dan ook, herken as 'n fantasie as hy op 'n sekere manier die werklikheid wys, en hom daarvan distansieer.

**P.G.:** Ja — miskien is dit 'n fout van die drama, dat hy hom dalk nie genoeg van die werklikheid distansieer nie, dat die illusie van “realisme” dalk té sterk was. Want ek hê per slot van sake my wetenskaplike huiswerk gedoen . . .

**E.B.:** En wat dit betref, so word my vertel, het jy grondig binne die waarskynlikheid gebly.

**P.G.:** Laat ons sê, binne die verre moontlikheid van die wetenskap . . .

**E.B.:** Dr. Kannemeyer sê in sy **Standpunte**-artikel: “Daarby kom die vraag by 'n mens op of so 'n belangrike gebeurtenis as die totstandkoming van 'n mensgemaakte lewende wese in ons tyd van telekommunikasie werklik negentien jaar geheim gehou kan word . . .” Toevallig lees ek kort daarna, voorbladnuus, van 'n kongres van ginekoloë wat in Groot-Brittanje êrens gehou is, waar daar vir die eerste keer opspraakwekkende aankondigings gedoen is oor “proefbuisbaba's” wat inmiddels al groot genoeg geword het om rond te stap. Daar is toe ook verbasing uitgespreek dat dit nog nie aan die wêreld vertel is nie; en, nou ja, agtien maande is nog nie negentien jaar nie — maar dit lyk my die wetenskaplikes kàn nogal 'n ding stilhou as hulle wil.

En dan: jy sê mos, die Professor wou eers (al is dit 'n perverse, soos jy dit noem) sy eksperiment afrond, beëindig voordat hy dit publiseer!

**P.G.:** Dit is volgens die huidige stand van die wetenskap onmoontlik om die DNS sinteties te vervaardig, omdat hy net te groot is. Twee meter — soos die Professor vir Ganske sê: Het jy 'n begrip van wat alles in 'n twee-meter-molekuul kan gaan, en **reg** moet gaan! Genes kan hulle al maak, Genopen verwys daarna; maar inderdaad glo ek, soos Genopen se kerkvergadering, dat die hele molekuul nog te verwickeld is . . . En omdat dit alles so verwickeld is, kan ek my nie voorstel **hoe** die Professor dit “vir die wêreld moet sê” nie.

**E.B.:** En as 'n mens nou weet hoe dinge stilgehou kán word — met verwysing na daardie kongres van ginekoloë — dan is dié bedenking oor jou werklikheidsgetrouheid hier op twee maniere onvanpas: dié werklikheid is nie só anders as wat in **Plaston** gesuggereer word nie, en: jy **wou** in ieder geval nie in dié opsig aan jou werklikheidsgetrouheid beoordeel word nie, of anders gesê: op hierdie punt vra die drama nie daarna nie. — In dié verband: jy het te kenne gegee dat jy heel bewus jou drama van 'n suiwer allegoriese interpretasie óók wou vrywaar. Nou het ek êrens gelees dat “Genopen” 'n samestelling is uit Génesis en Openbaring. Sal hierdie uitdruklike allegoriese naamgewing nie juis vir **Plaston** aan veredere allegoriese vertolking blootstel nie, dit uitlok nie?

**P.G.:** Nou ja, Aardendal is ook so 'n soort naam . . . of soortnaam! Prof. Robert Mohr sê, dié naam is my onwaardig . . . Maar 'n fantasie is 'n spel; en Joon is tog nie allegories intepreterbaar nie! Netsoos Ganske veronderstel is om die idee van 'n “drie-eenheid” in die bokamertjie te deurbreek, en jy dus allegorie en werklikheid laat deurmekaarspeel daar, so kan Genopen en Aardendal . . . en Joon saambestaan in die drama.

**E.B.:** Ter wille van die fantasie; en ook: ter wille van die agterkom van waarheid.

**P.G.:** Ja, kyk: as “Jorik” saamgestel is uit die name Johannes en Diederik, Diederik en Johannes — Opperman se voorname: maak dit nou die hele **Joernaal van Jorik** noodwendig allegories intepreterbaar? Moet ons dan vir Wiesa met haar hare wit soos brak allerlei allegoriese vertolkings soek? Wat van Koot-Faan, en Jakoos en Renier? — As “Dabor” dalk, soos “Jorik”, iets allegories het, beteken dit nog nie dié werk is 'n “Pelgrim-se-reis” nie.

**E.B.:** En al kan Manuel beteken: Emmanuel — God met ons, hoef die ook nie nêr dit te beteken nie; selfs sy “skraal gesig en bietjie baard” is nie eenduidig nie . . .

**P.G.:** Dis net: één naam wat 'n ou uitdink as hy 'n drama skryf, 'n speletjie met name speel by sy studeertafel — ja, daar is suggesties, 'n moontlikheid van allegorie waarmee 'n mens speel. Maar jy laat daarmee nog nie jou drama vasvat in 'n allegorie nie.

**E.B.:** Kom ons stel dit as 'n feit: wat die lotgevalle van **Plaston** as drama, as opvoering betref, vir sover dit ook dié gepubliseerde kritek op die drama betref, is die werk soms misverstaan. Ek dink 'n mens kan dit as 'n feit stel dat die drama nie vir alle kommentators “gesê” het wat, soos jy nou hier uiteengesit het, dit **bedoel** was om te

sê nie; Laat ons 'n bietjie bespiegel: wat kon ruimte geskep het vir hierdie misverstand? Jy het in jou uiteensetting gepraat van sekere “interpreterbare foute” — foute waarvan jy bewus was, maar wat toegelaat is, opsetlik begaan is, omdat hulle aan die drama 'n sekere stukrag gegee het, omdat hulle die drama lat loop het. Maar dié skynfoute is ook dar, omdat jy besef het: binne die gebied van die fantasie is daar ruimte vir sulke “foute”.

**P.G.:** Ek het natuurlik 'n spesmaas dat mense soms die drama misverstaan het omdat hulle dit wou misverstaan!

**E.B.:** Laat dan maar daardie moontlikheid vir die menslikheid toe! — Maar die vol sale wat **Plaston** getrek het, het laat vermoed dat mense nie alleen in groot getalle daarnt gaan kyk het nie, maar ook oor-en-oor gegaan het: daar was trouens hier in Pretoria 'n hele tweede speelvak daarvoor. Daar moes baie mense gewees het wat met groot instemming en genot na die stuk gekyk het. Maar in die foyers en wandelgange hêt jy uiteenlopende, selfs botsende menings verneem. 'n Mens moet dit onder oë sien: die gepubliseerde kritiek weerspieël ook hierdie verskeidenheid van reaksies by geesdriftige toneelgangers.

**P.G.:** Soms leke-opinies . . .

**E.B.:** Touché. Dit is sekerlik nie die taak van die kritiek om leke-opinies te reflekteer nie; dis sy tak om besinnend en normérend na 'n literêre werk te kyk. Maar tog: die drama se betekenis het nie vir almal “deurgekom” nie . . .

**P.G.:** Laat ek dit so stel: daar was 'n sekere “gekompartementeerde” benadering. Die stuk moes dan óf allegorie óf realisme wees — of dit moes “absurd” wees. Dis ál drie stories, dink ek soms, wat my kritieken. En nou kan jy niks tussen-in doen nie! Maar as jy nou niks meer tussen-in mag doen nie, dan ontken ons 'n hele wêreld van die drama; en ons het die wêreld van die drama al te lank en teveel in Afrikaans “ontken”. Dit moet tog moontlik wees om “die dinge tussen-in” te doen: iets wat anders is as enigiets waaraan kritieken, toneelgangers tot dusver gewoond was?

**E.B.:** Daar moet ek natuurlik saamstem: dit is één werkzaamheidsreël wat die kritiek altyd voor oë moet hou — die onvoorspelbaarheid van die literêre kunswerk. Daarom is ons steeds angsvallig besig om vir mekaar te sê: daar is nie so-iets as “vereistes” vir 'n literêre werk nie. “Fantasy asks us to pay something extra,” sê E. M. Forster — en dié woorde moet die kritikus nie net vir die voor-die-hand-liggende “fantasiestukke” bewaar nie, maar vir elke nuwe, onbekende literêre werk. — Maar dink jy nie ook nie, dat jy, in die kritiek op **Plaston**, beoordeel is op grond van wat jy reeds geskryf het?

**P.G.:** Ja — heelparty mense het gedink **Siener** is 'n “slice of life” — wat dit nie was nie. Noumoetek seker nóg “slices of life” lewer! Nou kyk, ek sny één polounie net eenmaal, en hulle moet nou maar daaraan gewoon word: Piet Plesie sny elke keer aan 'n ander polounie. En al die stories van stygende lyne en dalende lyne — en wonder hóc bepaal 'n mens so 'n lyn?

**E.B.:** Jy sou wil hê die mense moet insien: jy styg nie, en jy daal

nie, jy versit net. — Maar om nou vir 'n oomblik terug te gaan na **Siener**: As dit nie 'n "slice of life" was nie, wat was dit dan wel?

**P.G.:** Vir my was dit 'n stukkie "poetry" uit die suburbs...

**E.B.:** ... en "poetry" is altyd véélseggend ..

**P.G.:** Weinig lesers het die mitologiese laag daarin raakgesien, of die kommentaar wat dit bevat het op die profetieskap, die skrywerskap — Teveel het miskien vasgekyk in Jakes en Tiemie se storie, dink ek... Die storielaag het mense miskien verlei om net die oppervlakte te sien. Soos water met olie op . . . dié kleure is so mooi dat jy nie daardeur kan kyk nie... Ekskuus dat ek dit nou só stel — dit klink vreeslik onbeskeie!

**E.B.:** Sou jy byvoorbeeld dan sê dat jy in **Plaston** 'n sekere opvallende onwaarskynlikheid probeer inbou het, sodat jou lesers en jou gehoor nie in die versoeking moet kom om die stuk gewoon as storie te beskou nie?

**P.G.:** Miskien het ek... Ek het gedink: in **Die nag van legio** het ek die "filosofiese laag" deel gemaak van die storie; dit was fisies teenwoordig, in die handeling op die verhoog. Toe is dit na my mening weer té eensydig as "ideestuk" verstaan. Toe skryf ek **Siener**. Toe bêre ek hierdie "diepgang" té diep. Toe sien g'n mens hom raak nie. Toe dag ek, in **Plaston** het ek balans gekry tussen idee en storie. Toe sien hulle dit weer nie raak nie.

**E.B.:** Toe sien sommige dit weer nie raak nie. Jy praat te maklik van "almal" en "hulle"! — Iets anders: 'n moontlikheid van jou intensies. Is dit inderdaad so (en dit het vir my so geklink toe ek na jou uiteensetting geluister het) dat jy taamlik bewustelik jou skryfwerk in **Plaston** gerig het op 'n bepaalde reaksie van jou gehoor? Met, as daar so-iets bestaan, 'n sekere "gehoorsielkunde" gewerk? Jy het selfs daarvan gepraat dat jy jou gehore se reaksie gaan dophou het.

**P.G.:** Ek glo nie mens skryf ooit daarsonder nie. As die dramaturg nie vir 'n gehoor skryf nie, waarvoor dan wel? Dan moet hy liever poësie gaan skryf... en dan sal hy nóg 'n leser is gedagte moet hê, dink ek. Enigeen wat skryf, skryf met 'n leser ingedagte... By die skryf van 'n drama is daar in elk geval soveel praktiese oorwegings; jy kán maar, volgens 'n drakerige (Romantiese?) idee van die kuns, sê, jy wil 'n groot uiting van die gemoed tot stand bring — maar jy kan nie iets skryf wat langer as twee en 'n half uur duur, vir die verhoog nie. En sê nou jou gemoedsuiting duur vyf uur lank! Daar is soveel faktore, en die gehoor is een daarvan. Dit het ek kon leer van groot meesters van die drama... en op my klein manier kan ek mos maar probeer maak soos 'n Dürrenmatt wat sy gehore skaamteloos manipuleer... hy sê dit so pragtig: hy praat van allerlei stylmiddele, kunsies as jy wil, waardeur die dramaturg met die gehoor kan "werk", en dan sê hy "(it) easily transforms the crowd of theatre-goers into a mass which can be attacked, deceived, outsmarted into listening to things it would not otherwise listen to."<sup>2</sup>

---

2. Aangehaal uit Barrett H. Clarks (red), **European theories of the drama**, 5e druk, 1970, p. 318.

**E.B.:** Wat sê jy daarvan dat daar van **Plaston** as 'n eksperiment" sal gepraat word?

**P.G.:** As "eksperiment" vir jou beteken; om óú Franse dramas oor te skryf, en om reeds geykte goed soos die teater-van-die-absurde in Afrikaans óór te doen, dan wil ek niks daarvan hoor nie. 'n Eksperiment is per slot van sake 'n poging tot iets hééltemal nuuts. Ek dink dit was ons Sestigerprobleem: dat soveel sogenaamde eksperimente te dikwels herhaling was van ander ouens se ontdekkings.

MARIE KOELEMEN

*blameer my pen*

ek sê . . .  
die ek-en-jy  
oorheers my pen  
en dis tog hý  
wat die woorde vaslê  
gee hóm dus die skuld  
as jy nie kan duld wat jy sien nie  
'n kneg kan nie twee here dien nie.

*oorsaak en gevolg*

dis aan jou wat ek my verse wy  
want jy't my tong bevry,  
losgeknoop en in idees gedoop

daarom sit ek nog met hoop,  
hanekraai, gordyne wat flap  
op stukkies los papier en krap.

*ek wonder . . .*

my bed  
— die lakens losgetrek —  
is vreemd-beskermend vannag  
wie weet wat ek sal ontdek  
in môre se vreemde dag . . .

die wekker se hart klop  
vinnig-tik-tok

sal ons dán nog glo  
— tussen sateliet, vuurpyl  
en man op die maan —  
aan die ster in die haai karo?

westclox lig sy skouers  
en tik ongesteurd voort.

*jy is die lewe self*

jou "straattoneel" het lewe gekry  
vandag  
asof die verf wat nog nie droog is nie,  
self die straat afloop, die winkels in;  
jou son wat ringe hitte en kleur uitstuur,  
se gluur kan dit nie bedwing  
en tot bedaring bring nie.

jy is die lewe self  
onbeperk en vry  
waarom mag jou skildery  
nie asemhaal en lewe nie?

*gist'raand*

my teddie hang potsierlik  
aan een been van die kas  
sou sy kraaloog sien  
die semelbrein wéét  
dat gist'raand vir my  
die éérste keer was?

*twee gedagtes*

(i). verby begeerte  
en anderkant besit  
lê die koggelgogga  
van verdriet.

(ii). die liefde soek nie  
sy eie eer nie.  
as dit so is:  
waarom lief jy my nie méér nie?

*dis maklik om te vergeet*

soms kyk ek na die plante  
en vergeet van die dae  
wanneer dinge op my toesák  
soos tien plaë,  
erger: soos 'n brak met 'n doring in elke poot  
of 'n vlooi —  
soos 'n jood  
op soek na klante.



TEKSTE VIR POP-MUSIEK

POLDERWYK-BLUES.

Die polderwyk van Kaapstad  
is nie-, is non-, is a-:  
sy nuutbou staan op nie-land  
die seevoëls wéét — en kla

Sedoos skuur oor dié maanland  
verstuif sy grint en sand  
dié land is net voorlopig:  
dis aan 'n see verpand

Die polderwyk van Kaapstad  
spalk meeuë teen die wind  
sy nuutbou staan geslote:  
beton- en mikablind

Die pleine van die nie-land  
is ook bedags ontruim  
'n hyskraan byt aan hooglug:  
verstar dan in sy luim

Die polderwyk van Kaapstad  
is nie-, is non-, is a-:  
sy nuutbou staan op nie-land  
die seevoëls wéét — en kla

PRINS RAKA RUK SY ROL.

Die kollig soek sy dye  
hy skommel openbaar:  
die vroue raak onrustig  
vermoed sy geil gevaar

*Koor: Die lewe is 'n speeltoneel  
maar amateurs verknoei hul deel  
Bely die been, beken die dy  
en trek jou dan blasé opsy*

Hy wikkel sy talente  
vergryp hom aan 'n snaar  
die vroue raak histories  
beny sy bont kitaar

*Koor: Die lewe is 'n speeltoneel  
maar amateurs verknoei hul deel  
Bely die been, beken die dy  
en trek jou dan blasé opsy*

Hy mors met sy emosies  
hy rittel uitmekaar  
die vroue hyg na lewe  
vervloek sy bont kitaar

*Koor: Die lewe is 'n speeltoneel  
— maar amateurs verknoei hul deel —  
Die regisseur bly afgeskerm  
tot hy besluit: doof dié gekerm*

#### PARADE VAN DIE TANTES.

Met voëls word hul nooit wakker  
maar meesal met Vivaldi  
en laataand na 'n slaappil  
versink hul in Tebaldi

*Koor: Die liefde is 'n mite  
wat saamtrek in 'n mik  
die liefde het geen hande  
beswyk aan eie jeuk*

Van hoop leef hul en groente  
maar stysel is verbode  
want “lyn” is die charisma  
van sekulêre gode

*Koor: Die liefde is 'n mite  
wat saamtrek in 'n mik  
die liefde het geen hande  
beswyk aan eie jeuk*

Hul radar rig dié jagters  
na klub- en bedgeriewe  
want iewers in 'n ander  
verlé hul dalk hul griewe

*Koor: Die liefde is 'n mite  
wat saamtrek in 'n mik  
die liefde het geen hande  
beswyk aan eie jeuk*

Gestrand lê hul op strande  
met sneeubril en koerante  
hul noodskap klief die eter  
vibreer na alle kante

*Koor: Die liefde is 'n mite  
wat saamtrek in 'n mik  
die liefde het geen hande  
beswyk aan eie jeuk*

Nog voor hul somer oor is  
verpulver sy vertinsel:  
hul angs is gans hul menswees  
en seks sy grondbeginsel

*Koor: Die liefde is 'n mite  
wat saamtrek in 'n mik  
die liefde het geen hande  
beswyk aan eie jeuk*

## IMPROVISASIES

*Geveinstes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie?*

*Lukas twaalf.*

Hy blaas die rook uit in die koel lug. Die teer glinster in die lig wat geel van die straatlig af val. Hy ruik die geur van die sigaret, die nattigheid van die reën, die dampe van die motors. Hy lig sy skouers effens op en voel hoe sy lyf warm skuiwe onder die kledingstukke.

Sy sit in die klein koffiekroegie.

Hulle het gelê in die gras en die lug en rivier was daar net as agtergrond vir hulle. Soetigheid was in hulle, en alles was anders as gevolg daarvan.

Vandat ek dink dat dit nou te laat is vir die Beatles om nog 'n plaat saam te maak weet ek dat ek op 'n hoër vlak begin beweeg. Alweer 'n era wat verby is. En hierdie mense wás gesofistikeerd!

Moshe Dayan het skielik ook 'n bally fool geword.

Hulle het nou die dag 'n lading planke laat val van die nuwe hoë blok woonstelle af. Here, mense, ek sê julle, hulle het 'n ou daar onder plat geval. Die arme ding. Net een hand en 'n voet het uitgesteek. So plat soos 'n donderse pannekoek.

Die kindertjies lag en die wiel draai. Die twee seuntjies hierso baklei oor wie op die trekker se sitplek gaan sit. Pa is in 'n penarie. Oudste of jongste?

Hulle lê saamgesnoer in die skippie, uitgedien. En nou die uitgediende vraag: Jy weet, ek het altyd gedink dat voëls vry sal voel as hulle net uit hulle hokke kan kom. Tot die dag toe ek daardie duif met filantropiese meerderwaardigheid uitgegooi het. Die weerloosheid, angs, ontnugtering van die dier is die grootste enkele onreg dink ek wat ek nog aan 'n medegeskapene gedoen het. Vir dae hy rondgehol om die hok. Met lang nek van die dak af gesit en kyk na die ander gebore skoothondjies in die hok, totdat die bure se kat hom kom opvreet het.

Ek dink jy is groot genoeg vir my. Maar is jy?

Hy voel uiteindelik rustig as hy aanstap in die reën. Hy is, is hy bly om te merk en om geyk te wees, nog hy. Tog gerusstellend. It was just one of those things, just one of those bells that now and then ring... Lekker. Sanity, Sanity is nog hier.

Sy lig haar kop en lig haar vinger en die kelner bring nog 'n koppie koffie.

Daar was die aand toe hulle, soos uit 'n veertig movie, die maan sien opkom het vanoor die see. Die lug was soet en die dreuning van die see 'n massageluid wat hulle siele meegesleur het, diep in die dieptes in en toe weer uitgespuug het, soos 'n dubbele Jona, hoog bokant die hoogwatermerk uit.

En om die waarheid te praat, ek dink Herbert von Karajan maak droog. Jy weet, sy kontraste is te kontrasties. Klassieke is oulik, maar hel, 'n ou moet in die bui wees daarvoor. Jy weet wat ek bedoel?

Man, ek weet nie. Een minuut was Nixon nog die ding en toe bars die Herrie los en die water...

Jissie, mense, maar waar was julle. Toe ek weer sien toe lê die ou hier voor my. Derms en breins en alles. Uitgespring van nommer drie en twintig. So plat soos 'n donderse pannekoek. Sy lyf het nog so geruk-ruk soos 'n hoender s'n, jy weet, toe's sy liggie uit. Sy worries is oor, man, ek sê jou, hy hoef nie eers sy maand se rent te betaal nie!

Die koelte val kol-kol oor die park en meeste lag en is gelukkig. Maar as jy jou verplaas sal jy sien dat hier 'n weerspieëling is. Twee honde baklei om 'n been. One-upmanship. Afguns. Plesier. Dieselfde ding. Jy oefen dit van kleinsaf aan. Moenie maak of jy nie weet waarvan ek praat nie. Ek dink as 'n reël skik die oudste hom die beste na die lewe. Tensy die pa die kleintjie toelaat om ten koste van homself eerste op die trekker te ry.

Hy het vir haar groot oë gemaak onder die water onder die rots. Toe was hy die seekat en sy was wat was sy? Sy het probeer lag en 'n groot seepborrel het uit haar mond gerol en boontoe gedrywe. Hy het dit agterna probeer sit om dit terug te neem maar het vermoed dat dit te laat is want jy kan dit nie vang en terug sit nie. Toe lag hy ook. Hy weet nie hoe hy geweet het dat dit nie moontlik sou wees nie. Hierdie dinge weet 'n mens mos sommer vanself. Hulle was nat toe hulle die dryfhout reggepak het en het droog geword van die vlamme. Hy het vis gebraaï op die kole en hulle het dit geëet in die sterrelik en die dreuning en die sout was daar op hulle lippe en op haar ooglede toe hy hulle soen. Maar agter sy ooglede was daar steeds die beeld van die borrel wat so goedsmoeds ontsnap het en boontoe gedrywe het en sy vingers wat dit laat breek het sodat hy moes lag vir sy eie onmag...

Hel, maar dis warm. Maar weet jy hoe warm dit in 'n tenk in 'n woestyn is? G'n oase gaan jou meer regsien nie, ou boy. Jy sien, water en dadels help nie meer as jy té lanklaas gelag het nie. Op 'n bliksemse kameel kan jy nog hou, jy weet. Jy't jou sakkie water en dis 'n lewenshouding en so aan. Maar sê my onder tussen. Tussen hakkies. Het jy nog lugblasies in jôu longetjies?

Hy skiet die stompie hoog in die lug in op en sien hoe die reën die koeltjie blus lank voordat dit weer terugval op die teer. Sy hare is nou heeltemal nat. Hy is bly dat hy alleen is. Dit het te lank aan-

gehou. Die hele ding het te lank aangehou. Hy haal sy droë hand uit sy broeksak uit en swiep die reën uit sy gesig uit. 'n Rooi bus dreun moeisaam by hom verby en hy bekyk die winkelvensters vanuit die geel lig van die bus.

“Tien sent, asseblief.”

Hy het nie gekyk waarheen nie, maar dit maak nie saak nie. Vir nog tien sent kan hy terug kom.

Sy dop twee teelepels bruin suiker in die skuim van die koffie in en kyk hoe dit langzaam deurval. Sy het hom probeer wys hoe om 'n koei te melk maar die speen het slap en baar gebly in sy vingers. Hy was verstom oor die bul. En naar van die reuk van die stal. En in vervoering oor die rivier waar hulle gelê het. Elke middag gaan lê het. Gelê het in die skadu van die wilgerboom. Gelê het langs die brug op ons plaas.

Ja, man, beroerte. Die einde is nie meer ver nie, sê die dokter. Ook maar genadiglik. Maar swaar, foeitog. Arme tant so-en-so. Lekker koekies gebak. Dadelkoekies. Soetkoekies. Soetbeskuit. Soentjies. Boerekos. En so aan. Jissie. Maar so 'n ding kan darem maar vinnig kom. Jy weet nooit wanneer dit jou beurt is nie, ek sê jou. Beste is om maar jou dinge reg te hou, jy weet. Kan enike tyd kom. Ja. Sug. Janee. Ai. Haai, nouja, mense, tot siens, hoor? Ons sal weer more kom hoor hoe dit gaan. Sterkte vir julle, hoor? Nag. Nag. Lekker slaap. Goebaaï, hoor? Ta-Ta.

Toe was daar die keer toe daai kar omgeslaan het en met sy neus in ou miesies Isaacs se teekamer ingeboor het. Twee pilare afgeslaan in die proses sodat die dak so half af gehang het — jy weet, so asof hy sy ontblote skaamte wou toegemaak het. Maar dit het nie gehelp nie, want die hele gedoente slaan toe aan die brand. Magtig, jy het nog nooit soiets gesien nie! Braaivleis; ek sê jou, braaivleis. G'n mens kon naby kom nie die hitte was so kwaai. Maar dit was nog niks teen wat ons gesien het toe hulle die ouens uit daai kar uitgehaal het nie. Swart verbrande stukke houtskool, elke ene van hulle.

Sy het sy hand styf vasgehou op die Groot Wiel want sy was bang vir die hoogte. Die karretjies het ook so geswaai dat sy gevoel het dat alle vastigheid en sekuriteit iets is wat sy nooit weer sal besit nie. Om en op en af en om. Twee keer, vier keer, ses keer; sy het haar oë styf toegedruk en gesit en wag vir die ergste. Maar dit het nie gekom nie.

Sy vee met haar hand oor haar oë; die koffie is 'nóg te warm om te drink.

Die musiek was so oempa oempa, soos 'n sirkus s'n. Jy het dit hard gehoor, en dan kon jy gou jou oë oopmaak want dan was die Lewe net 'n voet of twee weg van jou af. Maar dan het dit geleidelik sagter geword en dan is jy weer opgeruk in die nag in op, op en om en weer af.

Die koeëls swiep — swiep met praggeluide al om hom en oor hom en onder sy hande brand die sand met 'n gerusstellende pyniging. Hy is bly oor die pyn en klou daaraan vas met alles wat hy het,

geestelik en liggaamlik. Have no fear, Dayan is near. Shed no tear. Moses was here.

Maar het jy bytplek ooit gekry aan hierdie 'Underground'? Ja, hierdie underground! Jy weet, man — jy weet nie? Man, maar is jy uit, man, uit, ek bedoel uit?! Wakker skud, ou, jy weet, ek meen Wakker Skud! Hulle gaannie vir jou stop nie, jy weet, ek sê man, jy't afgeklim, jy weet... weet jy dit? Haai ouens, hierdie ou het afgeklim en hy weet nie eers nie! (Algemene luide gelag). Shit. Gooi hom toe. Hy's so dood soos 'n mossie.

Dis elfuur en sy sit onder 'n boom in die park. Sy waai so 'n slag en van orals af kom kleintjies aan. Vier, vyf, ses van hulle. Sy haal groot ronde koekies uit 'n bruin papiersak uit en gee vir elkeen een en dan 'n plastiekbotteltjie lemoensap ook. Kom kom drink drink dan spat hulle weer almal uitmekaar. Skadukolle, kinders, mallemeule, swaaië, gras, bome, mummies, pappies, nannies, narretjies.

Soos mirage kom die tenks oor die deining, bewend in die hitte-golwe. Dis amper mooi, soos 'n vloeibare simfonie. Mooi, soos 'n skepping, soos nuut geskape diere wonderlik aangepas in hierdie barre wêreld. Snaaks dat ek geen klank kan hoor nie. Dit is seker 'n mirage.

Die palmbome is ruig, die water soet, die koelte soos 'n uterus. Sou hulle water kom drink? Kyk hulle lang slurpe. 'n Groot trop. Vlaag na vlaag. Ry op ry. Watter sou die mannetjies wees en watter die wyfies? Watter kos sou hulle eet? Hoe sou hulle paar? Maar bowenal, watter taal sou hulle praat?

Jy kannie praat nie! Ek het dit met my eie oë gesien! Hulle het hom vasgedruk en toe het hulle die hele boksemdaais afgesny! Die een na die ander! Hel, maar die bloed! Jy kan dit nie glo nie!

Hy het haar gesig vasgehou met sy linkerhand, en met die regterhand se voorvinger haar profiel saggies gestreel. Mooi Llana. Aman-deloë het groen na hom geloer onder die swart wimpers uit. Mooi Llana. Die teer blink voor hom uit. Sy voetstappe klink dof op die nat beplaste sypaadjie. Mooi Llana. Mooi Llana. Mooi Llana se voet.

Weet jy, dis 'n snaakse ding. Jy's banger om 'n ou te skiet voor jy hom geskiet het as wat jy daarná is. Ek het al baie gewonder daaroor. 'n mens behoort mos daarná sleg te voel, nie waar nie? Lateraan is dit maar net nog 'n teiken-speletjie. Jy worrie niks meer oor die ou nie. Dis net, a! ek het hom! Dis nou as jy al 'n bietjie rond was, jy weet? Dis voor die eerste ou wat jy sweet en bang is en so aan. Daarna maak dit nie meer saak nie. Veral as hulle jou op die skouer klop, bier gee, gelukwens. Ek sê jou, jy dink aan niks anders as "nou gaan ek vir die boel nie" nie. Kadwarra. Daar lê hy! Kadwarra! Kadwarra!

Sy proe aan die koffie. Dis lou-warm. Wanneer het dit lou-warm begin word? Sy kan nie onthou nie. Sy het nooit iets agtergekom nie. Toe sy weer sien, toe's dit lou-warm. Hy het haar vasgehou langs die water en sy mond was warm op hare; hy het ingegaan by haar en dit was warm, warm soos die sand onder hulle. Alles was so verlam-

mend warm, dit was soos 'n nimmereindigende somer, by tye 'n ver-  
skroeiende hitte. Sy sluk haar koffie. Sluk — sluk — sluk. Daardie  
man staar na haar. Maak nie saak nie.

Ag nee, man, Moenie by my kom met stories van 'n nuwe wêreld  
nie. Dis al té veel keer probeer. Daar's nie so 'n ding nie. Hierdie  
studente gee my 'n pyn. Die hervormers gee my 'n pyn. Die revolu-  
sioniste gee my 'n pyn. Die religiste gee my 'n pyn. Die politikuste  
gee my 'n pyn. Wie's daar nog? Ja, hulle gee my ook 'n pyn. Wat  
doen ek? Moenie ongeskik wees nie. Die akademieskuste gee my 'n  
pyn. Die moraliste gee my 'n pyn. Die selftevredeenes?

Snaaks hoe hy gestaar het toe hulle die skaap geslag het. Die  
mis het nog dik gehang en die hane het nog gekraai. Dit was baie  
vroeg. Arme ding. Twee het vasgehou terwyl die derde gesny het.  
Toe stry hulle nog oor wie die vel gaan kry. Hy het lank daar gestaan  
en later toe sy hom gesock het, het sy hom weer daar gekry, by die  
bloedkol. Daardie was nog 'n jong skaap, baie lekker. 'n Lam. Was  
dit tóe gewees?

Hy druk die klokkie en klim uit. Alles lyk vreemd: hy het halfpad  
om die wêreld gery en kyk hoe lyk dit nou. Tog maar essensieel die-  
selfde. Paaie, karre, reën, mense. En steeds is hy alleen.

Praat van kiste. Daar was te veel natuurlik om te begrawe. Hulle  
het soos swerms gelê, duisende. Julle sou nooit van dié dinge geles  
het nie, jy weet, nee, nie naastenby nie! Maar ons het dit gesien. Ons  
het hulle toegestoot met Boeldozers. Jy moet dit doen, want as jy dit  
nie doen nie, wie gaan? Kan nie laat hulle net daar lê nie. Sleg vir  
moraal, jy weet. Nee ou Pellie, ons't hulle toegestoot. Meeste in elk  
geval. Die ander het ons net daar laat lê. Niemand gaan hulle sien nie.  
Buitendien, as jy dood is, is jy dood. Of hoe?

Liefste, liefste, mooiste Llana.

Nee, wat. Ek weet nie wie het die meeste gekry nie. Hulle of  
ons. Maak lateraan nie meer saak nie. Jy het jou ding om te doen en  
jy doen hom. So goed jy kan. 'n Ou moenie begin sag raak nie, want  
dan vrek jy. Jy moet net jou ding doen en niks anders nie.

Die see het swaar gelê, stil. Sy arm het om haar lyfie gedraai en  
haar vas teen hom gedruk. Hulle was beide so bruin soos die vrug  
van hulle omgewing. Ryp. Ryk. En hulle liefde het langsaam boontoe  
gedrywe, 'n heelal in 'n bal lug. Die lug bo het geroep om hereniging,  
en daar was niks wat hulle geweet het om te doen om die hereniging  
te stuit nie. Wat net hulle s'n was sou deel word van wat was, is, en  
sal kom. Dit was 'n Wet. En toe hy dit besef het hy gelag.

Hy glimlag vir die netheid van die diere. Hulle loop in troppies  
van drie ewe ver van mekaar af. In hulle hordes kom hul steeds oor  
die heuweltjie aangerol, dertig, veertig groepies van drie elk, met die  
ene so 'n entjie voor die ander twee. Hy het al gesien dat voëls so

vlieg. Pragtig in die skemeraand, stil en hoog en rustig. Hy wonder weer wat hulle eet, want hulle is groot en kos is skaars.

Die dag is swaar en droog daar buite. Hy voel amper jammer vir hulle. Kom hier, kan julle nie sien dat hier rus is nie? Kom uit daardie sand en brandende hitte, kom sit hier by my, kom drink van hierdie put, kom kyk na die patroon wat die palmblore gooi op die lowergroen gras. Kom lê hier by my, by die waters waar rus is. Na die waters waar rus is, moet julle kom . . .

Sy roep na die ses maar hulle is weg. Kom kom drink drink maar nou is dit stil en swart. Die hemel het geskree, haar kop het gebars en geskeur met die aarde om haar en toe het die duisternis geklim in die bloue lug op, op en om en toe weer af. En sy het geroep na die ses sonder ophou.

Hy loop. Die nag raak nou stil. Selfs die reën het opgehou. Klop-klop, klop-klop, klop-klop, klop-klop. Dit is so goed om alleen te wees, heeltemal alleen. Hy gaan staan en steek nog 'n sigaret op. Dit is ver om te loop, sy regterbeen pyn.

Pyn? Wat praat jy, man? Hel, jy dink nie eers daaraan nie! Al die ouens hier om jou lê met hulle binnegoed uit en hulle koppe af! Jy weet net dat jy lewe, en dis al wat saak maak. Jy's in die blêrrie hel, en jy moet daaruit kom! Niemand gaan jou help nie, ou Pal. Geen donderse bliksem nie. Sweet is niks anders as sweet nie, en bloed is niks anders as bloed nie. Help nie jy sit en vrek as jy dié dinge sien nie. Jy moet net hol terwyl jy kan.

Die wêreld bestaan nie, hy is herskape. Met mekaar en met hulle liefde is daar niks om te vrees nie. Langs die water lê hulle steeds in verwondering oor die wonder in mekaar se oë. Haar naeltjie is rond, so rond en perfek, so koeëlrond. Haar hare nat en swart omhels haar kop, krulletjies wat droog is in haar nek blink met die ego wat straal vanuit haar oë. Mooi Llana. My Llana. My Liefste, liefste, Llana. Verkwikte siele saamgesnoer die abstrakte van die konkrete.

Llana my liefste ons is so oud (weet jy hoe oud ons is) ons is so oud soos die mensdom, Llana, daar was nog nooit meer as ons nie, ons is die geskiedenis van die begin af . . .

Hulle het gaan staan en lateraan het hy gewonder of hulle nie maar van altyd af daar gewees het nie? Rotse, rotse en nogmaals rotse. Die vallei van die rotse. Rotse in groepies van drie, almal in netjiese formasie. Sy oë het lomerig begin toeval, twee vlieë om en om en af en op het nou geswaai en draai op die uithoeke van sy bewustheid. Hy het gehoor hoedat sy kameel met 'n sug op sy knieë gaan staan, en dan met 'n kreun sy agterlyf ook laat sak. En toe het hy gevoel dat hierdie rus en stilte uitgebrei moes wees dwarsoor die hele woestyn . . .

Skiet, Micha-el, skiet, skiet!! My Here, wat makéer jou? Skiet hulle om godsnaam, SKIET!!

Die bruin, die geel, die yster, die bloed maar o! die geraas! In my kop skree dit aanhoudend, ek weet, maar die kanonne is so hard



ek kan nie hoor nie. Ek kan my siel nie hoor roep nie, ek kan my siel nie hoor roggel nie, ek kan my siel nie hoor sterf nie.

Dawid, ek is dood! Dawid, Dawid, ek het jou lief, maar Dawid, ek is gesterwe! O Dawid, Dawid, hardloop. Hardloop weg uit hierdie hel, Dawid, hardloop en moet nooit ophou nie!!

Jammer darem van die Beatles. Jy weet, hulle het iets gehad, iets begryp wat nie baie — wel wat nie baie van die oueres begryp het nie. Tog iets treurigs daar gewees ook. Sensitief. Vinger op die pols van miljoene. Nie baie wat dit kan omskryf nie. Hulle het moontlik te véél gevoel, dêmmit! Ons is nie duikers nie maar ons duik. Nou-ja. Die ou wat te diep gaan — jy weet . . . ja, dankie. Nog enetjie sal lekker wees. Ja, dis soos ek sê. 'n Ou moet weet waar om op te hou.

“Laat die dooies hulle eie dooies begrawe.”

Heiligs kennis. Kruisig Hom! Kruisig Hom!!

---

## HENNIE DU TOIT

### INDIËRMARK.

As jy daar stilhou kom die geur van die mark' se kant:  
cers van die groente en dan  
van die vrou in 'n sari wat tjoepati's en kerriekos  
billik verkoop. Maar jy kyk na die rooi robyn voor in haar kop  
en stap na 'n ander bruin gelaat  
wat oor sy groen spinasie en ertappels praat.  
Stapels rooi tamaties, en vrugte gepak geel in rye  
is net die beste, soos Asif beduie.  
Spierwit krisante, té pragtig mevrou!  
Al's is nog vars, en goedkoper nou,  
want dis Saterdag laat.  
Nou's die kans om te baat  
voor die ysterhek sluit!  
Julle word nie uitgebuit  
en Waroena sal wel vanaand  
vir ons ook voed.

*There is a preliminary stage in reading poetry (when) . . . you have a broad impression of what it is all about, but there are various incidental impressions wandering about in your mind.*

(William Empson)

## DE SOLDAAT DIE JEZUS KRUISIGDE

Martinus Nijhoff

- 1 Wij sloegen hem aan 't kruis. Zijn vingers grepen
- 2 Wild om den spijker toen 'k den hamer hief —
- 3 Maar hij zei zaecht mijn naam en: "Heb mij lief —"
- 4 En 't groot geheim had ik voorgoed begrepen.
  
- 5 Ik wong een lach weg dat mijn tanden knarsten,
- 6 En werd een gek die bloed van liefde vroeg:
- 7 Ik had hem lief — en sloeg en sloeg en sloeg
- 8 Den spijker door zijn hand in 't hout dat barstte.
  
- 9 Nu, als een dwaas, een spijker door mijn hand,
- 10 Trek ik een visch — zijn naam, zijn monogram —
- 11 In ied'ren muur, in ied'ren balk of stam,
- 12 Of in mijn borst of, hurkend, in het zand,
  
- 13 En antwoord als de menschen mij wat vragen:
- 14 "Hij heeft een spijker door mijn hand geslagen."

Martinus Nijhoff sien homself in sy beroemde prosastuk **De pen op papier** as een van die weggelokte kinders in die verhaal van die betowerende fluitspeler van Hamelin. Die Rottevanger doen dan ook in dié stuk sy belofte gestand en gee Nijhoff raad oor die digterskap. Hierdie "Poëtiese" raad kom o.a. daarop neer dat die digter die gewaarwordinge van andere moet beskryf, m.a.w. die digter moet maskers opsit, vlugvorme buite homself skep. In hierdie ander figure moet dan die dramatiese drif gelê word en moet die gestalte die artistieke teenhanger word vir wat in sy eie hart woed. Sulke figure is dan soms 'n kind, 'n danser of 'n nar. In **De soldaat die Jezus kruisigde** sentreer die objektivering in die soldaat aanwesig by die kruisiging.

Die gedig uit die bundel **Vormen** (1924) is duidelik 'n voorbeeld van die Shakespeare-sonnet hoewel daar tipografies wit tussen die eerste kwatryne en derde kwatryn en slotkoeplet is. Die rymskema abba, eddc, efee, gg wyk egter enigsins af van die matrys (abab, cdcd, efef, gg). Waar die Shakespeare-sonnet dan ook kulmineer in 'n slotkoeplet wat epigrammaties van aard is, wil dit voorkom asof dit in die Nijhoff-gedig slegs gedeeltelik waar is.

In **De soldaat die Jezus kruisigde** is daar uiterlik die aanduidings van 'n moontlike wending voor die slotkoeplet. In die eerste twee kwatryne gebruik die digter deurgaans Verlede Tyd: sloegen, grepen, lief, wong, werd ens.; terwyl in die derde kwatryn en slotkoeplet, die

Teenwoordige Tyd voorkom: trek, antwoord, vragen. Op grond van die kunsmatige verdeling met behulp van tydsaanduiding, tree daar dus 'n wending in na die eerste twee kwatryne. Die inhoud bevestig dan ook hierdie verdeling: aanvanklik is die soldaat by die kruisigingstoneel teenwoordig en ook aandadig — later bevind hy hom elders en tree hy ook nie meer as kruisiger op nie.

Die titel van die gedig verplaas die leser onmiddellik in 'n bepaalde tyd en in 'n bepaalde situasie. Voorts stel dit ook twee persone teenoor mekaar — 'n besondere soldaat wat Jesus kruisig. Die titel is dus betekenisvol en stel ook 'n besondere situasie en verhouding tussen die twee hooffigure in die vooruitsig — Jesus teenoor Sy kruisiger. Die vooronderstelling t.o.v. die titel, juis omdat hier so 'n algemeen-bekende gebeurte ter sprake is, sou wees dat die gedig moét handel oor die soldaat wat die kruisiger van Jesus is. Die titel het egter twee diepte-strukture — die soldaat en Jesus kan in die een geval as onderwerp en voorwerp onderskeidelik gelees word. Die rolle kan egter ook verwissel word. Die titel lees as: Die soldaat wat Jesus gekruisig het. Hierdie sin kan egter verstaan word as:

Die **soldaat** wat Jesus gekruisig het (Hier is die soldaat die kruisiger)  
of Die soldaat wat **Jesus** gekruisig het (Nou word Jesus die kruisiger)

Die titel stel dus 'n moontlike tweeledigheid in die vooruitsig. “**Lees maar, er staat niet wat er staat**” is dus moontlik toepasbaar. Of die digter gaan moontlik die een of die ander betekenis aanwend, of beide.

Met die aanvangsreëls: **Wij sloegen hem aan 't kruis** word die aanvanklike vooronderstelling bevestig. Ons weet dat Christus deur die soldate gekruisig is, daarom moet die **Wij** dan ook terugwys na **De soldaat** van die titel. Hier is dus geen sprake van 'n soldaat wat deur Jesus gekruisig word nie. Die gebruik van **wij** dui onmiddellik op 'n eerstepersoonsvertelling — die soldaat van die titel vereenselwig hom egter aanvanklik met 'n groep (soldate) wat Hom aan die kruis gespyker het.

Behalwe dat daar met hierdie aanvangswoorde 'n aanvanklike vooronderstelling bevestig word, word die toneel en tyd presies afgebaken. Die leser is teenwoordig op die plek waar Christus gekruisig word en op die besondere oomblik dat Jesus aan die kruis gespyker word. In die kort, bondige beelding skuil daar vir my 'n afgemetenheid, 'n sekere ruheid en byna gevoellose distansiering van die daad. Die “**sloegen aan 't kruis**” van Jesus is vir die soldate bloot 'n ander taak, iets wat eintlik gevoelloos, sonder enige meegevoel uitgevoer word.

In die volgende sin:

... **Zijn vingers grepen  
wild om den spijker toen 'k den hamer hief ...**

word die algemeenheid en ook die anonimiteit van die ‘**wij**’ of die groep soldate verbreek. Nou word één soldaat, die ek-verteller van die gedig uitgesonder. Hy is die persoon wat die hamer ophef om die spykers in te dryf deur die hande van Jesus. Waar daar in die voorafgaande **Wij sloegen hem aan 't kruis** 'n soort distansiering t.o.v. die daad en die persoon was, raak één soldaat nou nader betrokke by die kruisiging

en by Hom wat gekruisig word. Hy is die persoon wat die wrede daad moet voltrek, maar nou bemerk hy hoe Jesus reageer op die pyn. Die soldaat staan nou meer persoonlik teenoor Jesus en aangesien hy die wilde gryp van die vingers waarneem, is daar nie meer die koue harteloosheid en gevoelloosheid nie. Vir my is dit die beginpunt van 'n persoonlike verhouding teenoor Hom wat gekruisig word.

Nijhoff wat as digter nie net meedeel nie (die fluit met die lippe van die Rottevanger), maar beeld (die towerfluit), laat die leser die pynlike aktualiteit van die kruisiging skerper waarneem. Met slegs die wilde gryp van die vingers, 'n enkele klein besonderheid van die geweldige pyn wat Jesus liggaamlik moes verduur het, herleef al die angste, pyn en benoudheid. Die digter wend hier op meesterlike wyse die enjambement aan: . . . **vingers grepen / wild om den spijker . . .** Die enjambement het hier bepaald 'n sterk visuele funksie: die grypende vingers en die spyker wat deur die hand gedryf word.

Reel 3 vang aan met **Maar**, wat 'n teenstelling in die vooruitsig stel. Dit is dan ook die geval, want na die beeld van die vingers wat wild uit angste en pyn om die spyker sluit, sal 'n mens verwag dat Hy wat gekruisig word nou verder uiting sal gee aan sy benoudheid en vrees — 'n gil of wilde uitroep van pyn miskien? 'n vervloeking op sy kruisigers . . . ? Maar juis dit wat normaalweg moes en sou gebeur, die gebeur nie: **Maar hij zei zacht mijn naam.**

Die soldaat se naam word nie uitgegil nie, maar word saggies genoem. Maar die onverwagte loop nog verder deur: Jesus noem die soldaat nie net op sy naam nie, maar sê ook: **“Heb mij lief —”**

In 'n enkele reël waarin Christus anders optree as wat menslikerwys gesproke verwag sou word na die ontsettende pyn van die spykers wat ingedryf word, het Nijhoff op unieke wyse die groot teenstellings in die Christelike leer van die kruisiging of grootste offer verbeeld. Christus praat met 'n patetiese eenvoudigheid, eintlik onskuldig verras dat mense so teenoor Hom sal optree. Dit is 'n versmelting van die groot liefde van Christus en die verskrikking van die groot offerande. Hierdie insig in die volkome Christus en in Sy vergewende leer van die liefde, en die wyse waarop Nijhoff dit vergestalt, laat 'n mens onwillekeurig dink aan die grootse gedig van George Herbert, **The Sacrifice** waarin juis op so 'n skitterende wyse van kontrasterings gebruik gemaak word:

Then they condemn me all, with that same breath  
which I do give them daily, unto death;  
Thus Adam my first breathing rendereth:  
Was ever grief like mine?

Hark how they cry aloud still Crucify,  
He is not fit to live a day, they cry;  
Who cannot live less than eternally.  
Was ever grief like mine?

Martinus Nijhoff bereik in sy gedig dieselfde skok-effek. Hy gebruik die teenstelling van Christus as die mens — die menslike angste en pyn wat ons waarneem in die wild-grypende vingers teenoor Christus in Sy Goddelikheid wanneer Hy sy kruisiger sag aanspreek en hom

versoek om Hom lief te hê. Dus menslike pyn teenoor Goddelike vergewende liefde.

Naas die teenstelling t.o.v. Jesus wat in r.3 duidelik word, tree daar ook 'n ander ontwikkeling in. Aanvanklik was die soldaat van die titel *anoniem* en een van 'n groep. In r.2 kom hy in 'n meer persoonlike hoedanigheid te staan waar hy die hamer optel om die spykers mee in te dryf. In r.3 is daar 'n volkome konfrontasie. Nou noem Jesus hom op sy naam. Die verhouding het van anonimiteit nou omgeswaai tot vertrouwdheid. Voorts sê Jesus nog: "**Heb mij lief** —". Dit is nie 'n vraag of 'n versoek nie, dit is m.i. 'n opdrag. Dit laat dink aan Jesus en Sy eerste dissipels:

"En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi, want hulle was vissers. En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan..." (Matthéüs 4:18-19)

Die woorde "**Heb mij lief** —" van Jesus aan die kruis is net so 'n dwingende versoekbevel as, "Kom agter My aan —". Waar die woorde van Jesus in Matthéüs vissers dwing om Hom te volg, sê die woorde aan die kruis in werklikheid nog meer. Die liefde is immers die diepste, sekerste, intiemste en mees-persoonlike emosie in die mens. Dit dui dan ook op die naaste vlak waarop een mens teenoor 'n ander kan staan. Jesus noem die soldaat dus nie slegs op sy naam nie — alreeds 'n vertrouens-verhouding — maar 'dwing' die soldaat in 'n nog intiemer verhouding, die van lief-te-hê.

Dié soldaat word dus van die periferie af nadergetrek tot in die binnenste kring. Met hierdie intrekking tot die persoonlikste van verhoudings, is die volgende reël:

### **En't groot geheim had ik voorgoed begrepen.**

die mees-logiese in die ontwikkeling van die verhouding Jesus — soldaat. Jesus lê eintlik Sy hand op die soldaat figuurlikerwys, maak hom dus Syne met daardie kern van die Christelike leer — die liefde. By die soldaat is daar volkome en volle aanvaarding. Hy verstaan die 'groot geheim' vir nou, vir alle tye. Daar is geen twyfel aan hierdie begrip nie — hy begryp dit vir altyd. Die 'groot geheim' van die kruisiging van Christus lê vir my in die groot 'wete' dat Christus **moet** sterwe sodat die mens kan lewe. Weer eens kom Herbert se reëls in die gedagte:

So sits the earth's great curse in Adam's fall  
Upon my head, so I remove it all  
From the earth onto my brows, and bear the thrall  
Was ever grief like mine?

Vir my skuil die groot geheim daarin dat Christus moet sterwe, self die dood oorwin, sodat ons kan sê: Dood waar is jou angel? Sy sterwe maak die lewe en die dood vir die mensdom wat in Hom glo, veilig.

Dit is merkwaardig dat daar in 'n enkele kwatryn soveel opgesluit kan lê. Daar is die geweldige groot kontras in die toneel wat ons voorgehang word — die ruwe aktuele gebeure — die hamers, spykers, pyn, bloed, die ruheid en onpersoonlikheid van die soldate teenoor

Christus in Sy sagsinnigheid. Dan die groot teenstelling in Jesus self — Sy menslikheid teenoor Sy Goddelikheid en die hele strofe oorspannend die ontwikkelende verhouding tussen Jesus en die soldaat waar hy eers die ruwe ongevoelige kruisiger is en in die verloop van die konfrontasie met Christus, Sy volgeling word, die een wat Hom liefhet vir nou en altyd.

In verband met die tweede kwatryn:

**Ik wrong een lach weg dat mijn tanden knarsten,  
En werd een gek die bloed van liefde vroeg:  
Ik had hem lief — en sloeg en sloeg en sloeg  
Den spijker door zijn hand in 't hout dat barstte.**

beweer Martien J. G. de Jong in sy **Het Nederlandsche gedicht na 1880** (Leiden, 1970) bl. 59 die volgende: “Ook het tweede kwatrijn is gebouwd op een tegenstelling, maar nu een tegenstelling in de soldaat zelf. Hoewel hij het geheim der zuiver christelijke liefde ‘voorgoed begrepen’ heeft, beantwoordt hij de tederheid van Christus niet, en onderdrukt hij met geweld zijn wederliefde” . . . “hoe de soldaat zich geweld moet aandoen om de liefde van Christus niet te beantwoorden” . . . “Hij beseft dat hij de goddelijke liefde verloochend heeft . . .”

Met hierdie bevinding van De Jong wil ek net gedeeltelik saamstem. Daar is sprake van 'n teenstelling in die soldaat self, maar dit is m.i. bloot oënskynlik en geensins 'n verloëning van Jesus se liefde en Sy leer nie. Dit word vir my duidelik uit die handeling van die soldaat.

Aanvanklik (r.5) wring hy 'n lag weg wat sy tande kners. Waarom sou daar sprake van **een lach** wees in hierdie omstandighede? Die soldaat het binne momente — die optel van die hamer, die noem van sy naam deur Jesus, en die opdrag “**Heb mij lief —**” — gekom tot by die wete, kennis en begrip van die groot geheim van die Christelike leer. Dit is 'n ontsettende en verbysterende wete en so groots heerlik, en gelukkig dat dit 'n lag op die gelaat bring. Is daar 'n gelukkiger wete as dié dat deur Christus se sterwe, daar geen dood meer is nie? Maar die moment van geluk word bykans gelyktydig vertroebel deur dié wete dat hierdie geluk (vir die soldaat, maar ook vir die ganse mensdom) slegs bekom kan word en slegs 'n sekerheid sal wees wanneer Jesus sterwe. Die wete dat Christus **moet** sterwe dwing die lag weg tot 'n gekners op die tande. Hieruit spreek vir my 'n intense verbittering, maar ook 'n pynlike doelbewustheid. Die soldaat is die instrument tot die sterwe, hy is die een wat Christus **moet** kruisig. Ek glo nie dat die soldaat sy wederliefde onderdruk en die liefde van Jesus nie beantwoord nie. Dit is m.i. nie 'n geval van dat hy soldaat bly, ru en gevoelloos en dat hy vervul word met 'n emosie wat hy miskien nie begryp en hom daarvan wil distansieer nie. Juis met die woorde; **Ik had hem lief** dink ek wil Nijhoff juis die voorafgaande moontlike mis-interpretasie uit die weg ruim. Om te vermy dat die leser wel mag dink dat die soldaat nie die liefde van Jesus beantwoord nie, is daar die versekering — **Ik had hem lief.**

So geweldig is die oortuiging van die soldaat in die wete dat die voorwerp van sy liefde moet sterwe sodat Sy bloed almal van

hulle sondes kan reinig, dat hy 'n gek word wat die bloed van die liefde vra. Die bloed is die teken van die verlossing en dit moet gestort word — dit verseël die verbond en is die finale bewys van Sy liefdesboodskap. Juis om hierdie verskriklike daad ten einde te laat snel, word die soldaat rasend. Dit mag lyk of hy die voorwerp van sy liefde wil verdelg, daarom word die spykers ingedryf sodat die kruishout bars, maar m.i. wil die soldaat hierdie marteling beëindig en die kruisiging so snel moontlik voltrek.

Merkwaardig in hierdie kwatryn is die herhaling — **en sloeg en sloeg en sloeg**. Dit is asof die hamerslae in felheid en in vaart toeneem. Die driftigheid van die hamerhoue word gesuggereer en deur die herhaling op te volg met 'n enjambement:

. . . en sloeg

### **Den spijker door zijn hand in 't hout dat barstte**

word die gedreun van die hamerslae ook ouditief sterker. Die enjambement het moontlik ook visueel-versterkende krag — dit is asof die leser nie net die hamerslae hoor nie, maar ook kan sien hoe die spyker dieper in die hout trek.

Na die eerste twee kwatryne is die kruisiging voltrek, want vanaf die derde kwatryn en in die slotkoeplet bevind die soldaat hom elders.

**Nu als een dwaas, een spijker door mijn hand  
Trek ik een vis — zijn naam, zijn monogram —  
In ied'ren muur, in ied'ren balk of stam,  
Of in mijn borst of, hurkend, in het zand,**

**En antwoord als de mensen mij wat vragen:  
“Hij heeft een spijker door mijn hand geslagen”.**

Behalwe vir die verplasing na 'n ander omgewing, is daar in die laaste ses reëls ook die tydsverandering — Verlede tyd na Teenwoordige tyd. Opmerklik is ook die rymverandering. In die eerste twee kwatryne is dit Vroulik, Manlik, Manlik, Vroulik (2x), maar nou is dit Manlik, Manlik, Manlik, vir die 3de kwatryn.

Hierdie veranderinge dui reeds op 'n wending. Daar is egter dieper in veel meer wat hierdie wending bevestig. Nijhoff het voortdurend aan sy gedigte verander en r.9 het aanvanklik gelees: . . . **een spijker in mijn hand**. Hierdie wysiging maak natuurlik die kruisigings-ervaring onvergeetliker en persoonliker. Soos Jesus deur hom gekruisig is met spykers deur die hande, so word die soldaat nou ook die gekruisigde i.p.v. die kruisiger. (Daarom **door** i.p.v. **in mijn hand**). Die rolle van die twee hooffigure word dus nou presies omgekeer en nou word die ander moontlikheid wat die titel ingehou het — nl. die soldaat wat deur Jesus gekruisig word — ook bewaarheid.

Maar die ommekeer van kruisiger tot gekruisigde word nog verder deur die digter uitgestippel. Die spyker wat in die tweede kwatryn so ingedryf is dat die kruishout gebars het, dien nie meer as 'n ontserende instrument nie, die soldaat skryf of teken eintlik daarmee. Die tekening wat hy maak is dié van 'n vis, die erkende geheime simbool van die vroeë Christene. (Die letters van die Griekse woord **ichthus** (vis) is dieselfde as die eerste letters van die woorde: **Iésos**

**Christos Theou** (h)uios sootèr). Daar is dus nie meer sprake van ont-siering nie, maar wel van versiering.

Die spyker is in die eerste twee kwatryne ook die instrument wat werklik kruisig en tot sterwe bring. In die sestet is dit die instrument wat die lewe suggereer. Die soldaat teken daarmee 'n vis — **zijn naam, zijn monogram** (Van Dale: **monogram** — figuur van dooreen-gevlochten letters, bep. de beginletters van een naam, b.v. als hand-tekening van schilders enz.). Die handtekening is iets van die lewende en staan dus in kontras met die vloei van die bloed en die sterwe as gevolg daarvan.

In r.3 lees ons, **Maar hij zei zacht mijn naam** en nou in die sestet is dit die soldaat wat die naam van Jesus, sy monogram trek. Hierdie naam van Christus word orals geskrywe — op elke balk of stam, in sy bors of in die sand. Die eerste plek wat genoem word — balk — word juis eerste genoem om die verband met die kruishout te bevestig. Die soldaat bevestig met hierdie tekening van die vis, die monogram van Christus, sy liefde vir Hom wat hy as soldaat aan die kruis gespyker het. Hy teken die vis orals, selfs in sy bors om daarmee aan te toon hoe volledig sy oorgawe aan Christus is — hy bely Hom orals, op alle plekke, onder verskillende omstandighede, openlik en met sy hele wese. Ook is die geweldenaar, die hanteerder van die hamer en die spykers, nou die man wat die vredes- en liefdes-boodskap verkondig.

Daar is dus 'n volkome en ingewikkelde kontrastering of om-mekeer aanwesig in die sestet. De Jong, in sy genoemde werk, beweer dat hierdie ommekeer plaasvind omdat:

**“Hy beseft dat hij de goddelijke liefde veloochend heeft en daardoor met waanzin is geslagen”**

Maar is hierdie soldaat werklik waansinnig? Is hy hiermee getref omdat hy Christus se liefde verloën het, nie beantwoord het nie toe hy gesê is om Hom lief te hê?

Nijhoff stel dit in r.9:

**Nu als een dwaas . . .**

Vir my is hierdie soldaat nie 'n dwaas nie. Hy is nie waansinnig nie en tree ook nie so op omdat hy gestraf of vervloek is nie. Hy is soos 'n dwaas en daarby soos 'n dwaas vir hulle wat hom sien, Hy skrywe nie in 'n verstaanbare taal nie, want hy skrywe in geheime skrif, met simbole. Vir hulle wat dit sien, is dit seker 'n dwase optrede, want niemand verstaan hom nie.

Nijhoff het die laaste reël ook gewysig. Vroeër het dit gelui: **“Hoor je den dreun van verre hamerslagen?”** Indien dit nie gewysig was na **“Hij heeft een spijker door mijn hand geslagen”** nie dan was daar 'n geringe moontlikheid om die waansinnigheid te bevestig — asof sy gewete voortdurend die kruisigingstoneel oproep. Nou roep die woorde ook die kruisigingstoneel op, maar op 'n ander manier. Nou bevestig die woorde hoe groot die oorgawe aan Christus was — soos Christus gekruisig was, so is hy nou — gelyk aan Hom. Wat Christus vir hom was, is hy nou vir Christus.

Wat my betref, dus geen dwaas, geen waansinnige, geen vervloek-



te nie, maar 'n gestalte so oorweldig deur Christus en Sy leer van die liefde, so oorweldig deur die grootsheid van die offer en die goddelikheid in dié mens — dat sy lewe na die ontsettende moment van konfrontasie, 'n lewe geword het van volkome belydenis en oorgawe.

---

It is true that no explanation can be adequate.

(William Empson)

“VERKLARING” VAN DIE LITERÊRE KUNSWERK

As verklaring/interpretasie soos vir R. Hoekstra (**Die Huisgenoot**, 24-2-1933, bl. 35) “getuig” beteken, onder woorde bring hoe die beoordelaar reageer op die kunswerk wat hy interpreteer, behoef dit geen betoeg nie dat daar verskillende verklarings van ’n kunswerk moontlik is. W. E. G. Louw (“Omgang met Poësie”, **Die Burger**, Junie 1959) beskou dit as een van die merkwaardigste feite omtrent die poësie (kunswerk), nl. dat iedereen dit anders kan verstaan, gedeeltelik selfs mág verstaan.

Nou het dit ook uit die koerante en tydskrifte van die jongste tyd duidelik geblyk dat daar ten opsigte van ’n boek soos **Kennis van die Aand** van Brink ernstige meningsverskil kan ontstaan. Dit het verder duidelik geword dat die gemeenskap t.o.v. hul houding teenoor genoemde boek hul in groepe voorgedoen het. Daar was standpunte van kultuurmense, kerkmense en kunsmense, om maar ’n paar te noem.

’n Kungroep het bv. ander groepe gemaan dat “hulle nie die wette begryp waaronder die kunswerk homself stel nie. Die gevolg is dat hul hul blindstaar teen dinge wat uit **ander oorweginge** onaanvaarbaar is.”

Wat is hierdie **ander**, nie-literêre oorweginge wat so ’n storm rondom ’n literêre kunswerk kan veroorsaak?

En die wette?

In die literatuurwetenskap is daar veral twee grondslae wat as uitgangspunte dien. Die eerste is die genetiese of oorsaaklike waar die kunswerk gesien word as “vooroorzaak” deur iets buite hom en waar die verklaring daarin lê dat die faktore aangetoon word.

Die ander grondslag is die sg. deurskouende: die suiwer literêre studie waar die kunswerk gesien word as ’n geheel en waar die verklaring daarin lê dat die geheel tot in sy onderdele deurskou word en die verband daarmee en met mekaar aangetoon word.

In die bespreking wat hierop volg, word eers op eersgenoemde grondslag met sy verskillende uitingsvorme of metodes gelet en daarna aangetoon hoe die metodes of benaderings verskil van laasgenoemde, nl. die suiwer literêre studie van die taalkunswerk.

## 1. DIE GENETIESE METODE

Dit was veral in die negentiende eeu dat die opvatting begin posvat het (by die natuurwetenskappe geleen en sonder meer op die geesteswetenskappe toegepas), nl. dat ’n kunswerk verklaar kan word, nie wanneer sy struktuur deurskou is nie, maar wanneer vir hom ’n **oorzaak** uit ’n ander gebied van die lewe aangetoon is. “The extrinsic study in the most cases becomes a causal explanation, professing to account for literature, to explain it and finally reduce it to its origins.” (Wellek and Warren, bl. 65).

Hieruit volg dan die studie van agtergronde. Van Wyk Louw (**’n Wêreld deur Glas**, bl. 86) onderskei hoofsaaklik vyf gebiede wat as **oorzaak** vir die kunswerk in aanmerking kom:

1. Die afkoms, huislike omstandighede en lewensloop van die skrywer (Biografiese benadering).
2. Die gees van die skrywer (Psigologiese benadering).
3. Die historiese en sosiale omgewing waarin die skrywer hom bevind (Historiese en sosiologiese benaderings).
4. Die ras of fisiese tipe van die skrywer (Biologiese benadering).
5. Die intellektuele of geestelike tradisie waarin die skrywer gewerk het (Wysgerige benadering).

Die ooglopende feit is, nl. dat die **kunswerk** op die agtergrond geskuif word. Die literatuurbeskouing word 'n onderdeel van die psigologie wat hom besig hou met die beperkte aantal individue wat "skrywers" genoem word. En die uitwendige omstandighede waarin die skrywers verkeer het tydens die ontstaan van die kunswerk word ewe belangrik.

Die bogenoemde gebiede is moeilik skeibaar, maar vir ons doel gaan ek tog die volgende benaderings van nader bekyk.

### 1.1 DIE BIOGRAFIESE BENADERING

Aangesien die klaarbyklikste "oorsaak" vir 'n kunswerk sy skepper is, lê dit voor die hand dat 'n ondersoek na die lewe van die skrywer as "agtergrond" vir die kunswerk sou volg en dat die kunswerk dan uit die outeur "verklaar" sou word.

'n Tipiese stelling, volgens Van Wyk Louw, is dan ook: "Hierdie werk A is deur die skrywer in dié of dié lewensomstandighede gemaak. Ons moet dit sien as sy reaksie op 'n bepaalde persoonlike situasie."

Besonderhede aangaande skrywers kan regstreeks verkry word (van lewendes), uit dokumente (van afgestorwenes) en waar niks beskikbaar is nie, word na sy werke gegryp. Erens in die dieptes, so voel die resensent, gryp hy die skrywer self raak. Maar dis 'n oop vraag of die biograaf geregverdig is om gegewens uit die werke as biografiese feite te aanvaar. Wellek en Warren beweer die teenoorgestelde: "authors cannot be assigned the ideas, feelings, views, virtues and vices of their heroes. A work of art forms a unity on a quite different plane with a quite different relation to reality than a book of memoirs, a diary or a letter." **Die verhouding tussen die privaat lewe van die skrywer en die kunswerk is net nie een van oorsaak en gevolg nie.**

Volgens die benadering onder bespreking word die kunswerke egter geïnterpreteer as brokstukke van 'n persoonlike belydenis, word die bestaan van die individu voorop gestel en word die "order of literary tradition" ontken.

Hiervolgens bly die benadering dus **eensydig**, en raak nooit die wese van die kuns nie. Van Wyk Louw (**Swaarte- en Ligpunte**, bl. 108) is van mening dat 'n baie goeie biografie selfs deel van die literatuur kan wees, maar dan van die literatuur as skepping. Dit kan alleen nie 'n hulpmiddel wees tot letterkundige begrip, verklaring of waardering nie. Dit staan naas die letterkundige werk, is nie grondslag daarvan nie — (dus kunstenaarsgeskiedenis meer as kunsgeskiedenis) — "die vertoonde lees **rond-**

om die boek — dis pogings om die skepping uit die lewe te begryp met al die opsetlikhede en vermoedens wat daaruit kan voortkom.” (’n *Wêreld deur Glas*, bl. 39).

## 1.2 DIE PSIGOLOGIESE BENADERING

C. J. M. Nienaber het in sy artikel **Die Verhouding: Taal en Letterkunde** (*Standpunte*, nr. 19, bl. 71) aangetoon dat as gevolg van die opkoms van die Sielkunde teen die einde van die negentiende eeu taal, met die slagspreuk: “taal is denke”, met verskerpte belangstelling bestudeer is as “’n werksaamheid van die menslike gees.”

Dit is veral Karl Vossler en Leo Spitzer met hul boek **Linguistics and Literary History** wat beslag aan hierdie siening gegee het. Die besondere doelstelling van die Vossler-skool was dan ook om die persoonlike spraaksisteem van die digters as uitdrukking van hul persoonlikheid te sien. So verstaan Vossler onder die styl van ’n skrywer die magneet of pool wat ’n ry taalkundige betekenisvorme . . . saamvat en tot een persoonlike taalstelsel orden.

En die kunste: is hul nie uitings van die menslike gees nie?

Nou ja, dan sal die psigologie hulle vir ons verklaar. En ten opsigte van die literatuurwetenskap is die stellings hoofsaaklik tweërlei van aard: (a) Ons moet die mens agter die boek soek en (b) ons moet die werk uit sy maker verklaar.

Wat die skrywer betref, is daar binne die raamwerk van die psigologie in verskillende periodes verskeie verklarings gegee vir sy bestaan: kranksinnigheid is een, ’n besondere “gawe” van die Muse is ’n ander. So is daar ook verskillende “tipes” kunstenaars/skrywers wat begunstig is met skerpsinnigheid, oordeel, ens. by wie die skeppende dan die proses is vanaf die onderbewuste oorsprong in sy gees tot by die konkrete kunswerk.

Die konkrete kunswerk word beskou as ’n “dokument” waaruit feite omtrent die “sielelewe” van die skrywer afgelei kan word om dan volgens die uitgangspunt dat die maker die oorsaak van sy werk is en daar ’n besondere verhouding bestaan tussen uiting en gees, die werke self te verklaar.

Die kunswerk word dus ook hier op die agtergrond geskuif en die literatuurbeskouing word ’n onderdeel van die sielkunde wat hom besig hou met die beperkte aantal individue wat skrywers genoem word met die doel, nie om die werk self volkome te leer ken nie, maar om die volledige persoonlikheid van die skrywer soos dit in sy werk gelegkaart is, volkome te rekonstrueer.

Wellek en Warren (**Theory of Literature**, bl. 86-88) toon egter aan dat, hoewel dié benadering “can obviously illuminate the creative process”, dit in gebreke bly om ’n waardeoordeel te vel en dus nie-literêr is: “Psychology is unnecessary to art and not in itself of artistic value.” Kennis van die sielkunde en sy terreine “is only preparatory to the act of creation” en sielkundige juistheid en feite kan kuns waarde hê “only if it enhances coherence and complexity.”

### 1.3 DIE HISTORIESE BENADERING

Volgens hierdie benadering word die kunswerk weer uit sy tydperk "verklaar". Tipiese stellings is o.a.: "Die skrywer verteenwoordig sy historiese tydperk." en "die digters van dertig is die mense van Hertzog."

Die bloot-historiese verklaringswyse in die literatuurwetenskap stel slegs twee dinge langs mekaar: die kunswerk en sy tyd, sonder om die aard van die verband aan te toon. Hierdie benadering gee egter bloot aandag aan die "inhouds"-kant van die kunswerk, sonder om die waardevolle (die goeie) van die minderwaardige (die swakke) te kan onderskei. "In duisende gevalle," sê Louw (*'n Wêreld deur Glas*, bl. 69) sal die "Tyd" dinge maak wat saam met hom gaan wegspoel en verdwyn; maar hier en daar kan iets bykom wat uit "gevoelens, vrees en hoop" iets anders as 'n stuk tydsgesiedenis maak. Hierdie "iets" sal meer as inhoud wees en van sy tyd bevry wees, **maar nie deur die historiese benaderingswyse van die res onderskei kan word nie.**"

### 1.4 DIE SOSIOLOGIESE BENADERING

Hierdie benadering is meer analities. Uitgangspunt hier is dat taal as kommunikasie-middel tussen mense basies sosiaal is. Literatuur groei uit die lewe en die skrywer is deel van die maatskappy. Hy skryf om gelees te word (prosa, gedigte), aangehoor te word (drama) deur die maatskappy. Vele letterkundige vraagstukke is dus by implikasie sosiale vraagstukke.

Agter hierdie skynbare eenheid soek die sosiologiese verklaringswyse egter na die aparte, feitlike bewegings (strydende groepe, partye, klassebewegings) wat hul rol in die tyd gespeel het. En uit een van die kragte (of samespel daarvan) word die kunswerk "verklaar". Die verhouding van die werk ten opsigte van 'n besondere sosiale situasie bv. die ekonomiese of 'n politieke stelsel word beklemtoon: "holds the view that literature is primarily an imitation of life as it is and of social life in particular." (Wellek en Warren).

'n Tipiese uitspraak is o.a.: Hierdie kuns is groot omdat dit tot ons met die stem van **ons** volk spreek, omdat dit **ons** ideale verkondig. En as die kunswerk dit nie doen nie, is hy by implikasie **swak**.

Nie-literêre, politieke en etiese maatstawwe word dus aangelê.

Dit moet aanvaar word dat die **norme** wat in 'n sekere **tyd** geld, gehoorsaam moet word, maar terselfdertyd moet daarvoor voorsiening gemaak word dat dinge wat 'n langer lewe as 'n sekere geslag verdien nie saam met die besondere geslag vernietig word nie. En ook: 'n Mens het 'n volk nie slegs lief omdat hy heerlik en die beste volk op aarde is nie; jy het hom lief ook om sy ellende.

Van Wyk Louw voel in dié verband dat jy sosiologies **goed** en **sleg** kan verklaar, maar dat jy vir die **goeie** altyd nog 'n aparte verklaring nodig het. En saam met Wellek en Warren kan ons tot die slotsom raak: "Literature is no substitute for sociology or politics: it has its own justification and aim."

## 1.5. DIE WYSGERIGE BENADERING

Hiervolgens word literatuur beskou as 'n vorm van filosofie en die kunswerk word ontleed en herlei tot algemene dinksisteme. In dié verband dink ek aan **Eksistensie en Gestalte** deur J. J. Degenaar, waarin die outeur die denkstruktuur in die poësie van N. P. van Wyk Louw ontleed deur dit in verband te bring met die denkklimaat van die eksistensie-filosofie.

'n Rigting dus wat die literatuur wil sien as iets waarin idees versuier word. Hier is die **wat**, en nie die **hoe** nie, in die poësie of kuns beslissend... En dit sonder om duidelikheid te hê oor vrae soos: in hoeverre hou digters hulle by wysgerige rigtings? Is poësie deurtrek met filosofie beter as dié daarsonder? en is die geldende maatstawwe vir die filosofie hoegenaamd geldend vir die poësie/kuns?

Van Wyk Louw is hier baie definitief: " 'n Onafhanklike outonome literatuurwetenskap sal **uitmond** in wysgerige vraagstellings, maar hulle is nie sy **bron** nie." (*'n Wêreld deur Glas*, bl. 45).

En Wellek en Warren is ewe oortuig: "The reduction of a work of art to a doctrinal statement is disastrous to understanding the uniqueness of a work: it disintegrates its structure and imposes alien criteria of value."

Samevattend in dié stadium dus: dis duidelik dat in al die bogenoemde oorsaaklike metodes die groot waarde-vrae ongevra bly: wat is 'n **goeie** gedig of verhaal? Is **hierdie** 'n goeie? Hoekom? Wat probeer die skrywer doen en slaag hy daarin? ens., ens. . .

## 2. DIE SUIWER LITERÊRE STUDIE OF BENADERING

Ná die aanspraak van elk van die bogenoemde metodes om nl. die kunswerk te "verklaar", stoot die vraag vorentoe: "verklaar" hulle nie almal saam 'n kunswerk nie? Van Wyk Louw meen: byna — nl. die inhoud, gevoelens en ervarings van sy maker, maar wat dit nie kan verklaar nie, is hoe uit die gegewens nie n brief, 'n outobiografie of testament ontstaan het nie, maar 'n kunswerk. En die kunswerk kan altyd nog goed wees of sleg.

Die kunswerk het dus, behalwe die ander verklarings, ook nog 'n verklaring nodig wat sy literêre deugdelikheid sal aantoon. Waar die kunswerk gesien word as 'n geheel van byna ontelbare "onderdele", lê die verklaring daarin dat die "geheel" deurskou word en die verband van die onderdele daarmee en met mekaar aangetoon word.

Die literêre studie besit 'n eie samehang en genoegsaamheid wat die gees bevredig en nie na oorsake laat vra nie. Die kernvraag hier is: is die werk goed of swak? Dis iets wat met die klank en woorde self te doen het en is aantoonbaar sonder kennis van sosiale en ekonomiese of politieke omstandighede wat daaragter lê.

Die digter/skrywer verdien lof vir die manier waarop hy met sy boustowwe die gedig/verhaal bereik: vir die feit dat hy sy kennis deurvóél het en die meeste daarvoor dat hy dit reggekry het om sy boustowwe met ander ervaringselemente in 'n formeel gawe vers of verhaal te **integreer**. In 'n geslaagde kunswerk, volgens Wellek en Warren, "the

materials are completely assimilated into the form. On one level: words — on another: human behaviour — on another: human ideas and attitudes.” En soos Daiches dit stel (**Critical approaches to Literature**, bl. 161): die “materials” in ’n geslaagde kunswerk sal so georganiseer wees “that the interplay between its elements sets up a complex of meaning in which the artist/poet wins through to his final utterance.”

In ’n swak werk: oneenheid, brokstukke van vorme, botsende elemente, ens. Die suiwer literêre kritiek wat in die geval van die goeie werk aantoon hoe alles voeg, is in die geval van swak werk ook in staat om te wys hoe onverenig en onversoen die elemente naas mekaar lê.

Samevattend dus: Hoewel toegegee word dat die deurskouende metode nie die totale samehang tot in al sy onderdele kan aantoon nie, die hooftrekke van die vorm tog wel aangedui kan word en met sekerheid. Dis prinsipiël juis, maar prakties uiters moeilik en onvoltooibaar. Hierteenoor is die genetiese metode prinsipiël onjuis en prakties te maklik.

Die beskouende kan vanuit sy standpunt goed en sleg verklaar en hy kan hulle van mekaar skei terwyl die genetiese die goeie en die slegte uit die psige, die tyd en omgewing verklaar, maar onderskei tussen hulle kan hy nie.

Ons moet dus met Van Wyk Louw tot die slotsom geraak: Die deurskouende suiwer literêre metode is primaat, die ander het elkeen onder dié primaat ’n eie en beperkte bestaansreg.

#### BRONNE GERAADPLEEG

- Degenaar, J. J. — **Eksistensie en Gestalte**, Simondium Uitgewers, 1962.  
 Kayser, W. — **Das Sprachliche Kunstwerk**, Bern, 1960.  
 Nienaber, C. J. M. — Die Verhouding: Taal en Letterkunde, **Standpunte**. Nuwe Reeks 19.  
 Van Wyk Louw, N. P. — **Swaarte- en Ligpunt**, Nas. Boek., 1958.  
 Van Wyk Louw, N. P. — **’n Wêreld deur Glas**, Nas. Boek., 1958.  
 Van Wyk Louw, N. P. — **Liberale Nasionalisme**, Nas. Boek., 1970.  
 Vossler en Spitzer — **Linguistics and Literary History**.  
 Welck, R. en Warren, A. — **Theory of Literature**, London, 1961.

#### CHRISTA VILJOEN

#### GEKNEUS.

Emosies wat dam, deurbreek  
 Ek het jou lief  
 Donkernagte en slaap  
 Vrees in hoofletters  
 ’n Berg wat groei en asemhaal  
 Dan  
 lewe — warm en onbeskermd  
 sag  
 Pienk kombersies  
 Hasies wat nie kan spring  
 Jy wat nie meer kom.

VERTOLKER VAN DIE WOORDKUNS.

— vir Marlène —

Verborge agter 'n nat rustigheid  
van jou innemende Da Vinci-oë  
borrel daar 'n Helen Keller-emosie,  
pruttel daar 'n Annie Sullivan-vermoë

om die kosbaarste kleiskatte oop te sluit  
en plaas ek in jou skoot die aktuele woord  
sodat die lippe van jou strottehoof  
'n fyn bewing rondom jou uitstuur

leef 'n verhaal van klei en klank wat uitgolf  
op al die skone pieke van nuanse en vuur  
wat oopbreek soos 'n Stravinskysimfonie  
en die skoonheid in dié seën van God ontsluit

en almal was wat met die geheim van woorde brei  
en die vleeslike begeertes agter laat bly.

MOENIE DIE KLEI LAAT KRAAK NIE

— vir Anita —

Tuis behoort jy  
aan jou ma en pa  
en oral behoort jy  
aan Hom

maar onder die jellieligeffekte  
behoort jy ook aan my  
is jy die kleibeelde  
uit my oond —  
moenie die klei laat kraak nie

jou beeld herberg die poësie van 'n Juliet  
maar ook die aardsheid van 'n Zerbinetta  
die durf van 'n Johanna die Soldaat van God —  
moenie die klei laat kraak nie

die kurwes in jou bewegende lippe  
dra die vlerke van die wit duif  
en jou gesig en jou hande  
omlyn die poësie van die psalmdigter —  
moenie die klei laat kraak nie

die Commedialyne wat ek in jou gevorm het  
vloei esteties uit jou heup,  
uit jou elmboog rond,  
uit jou vingertop,  
uit elke skikking van jou kop —  
moenie die klei laat kraak nie



jy is die pierette van my uitstalling  
wat helaas tot geen gallery kan hoort nie

maar elke ander lig  
wat jou elke nuwe beeld omring  
skyn voort in die kolle van herinnering —  
moet nooit die klei laat kraak nie

ja, tuis behoort jy  
aan jou ma en pa  
en oral behoort jy  
aan Hom

maar onder die jellieligeffekte  
behoort jy ook aan my  
is jy die kleibeelde  
uit my oond —  
moet nooit die klei laat kraak nie

J. W. JONKER

**aan jou\***

uit Sabie het jy dit gebring —  
en in my hand dit een-een uitgespel:

spoelklippie uit die Blyrivier  
'n varing van die waterval  
'n doringblaartjie fyn met druppels pienk  
'n ragfyn draadjiesplant soos spinneweb  
'n akkerdop  
'n takkie met gesaagde blaar  
'n klippie van Sudwala

en só het jy my hand geneem  
en saam het ons gewandel in die Sabie-tuin  
vol lig  
vol glanse  
vol duielsing  
om lig só lig is en skoon só skoon  
jou oë het 'n droom gedra  
ver deur Gods window  
tot aan Phalaborwas grens

sou ons eenmaal  
as die jare roep  
ons liefde klein gegroei

net eenmaal weer  
mag wandel in die Sabie-tuin?

---

\* Hierdie gedig het verskyn op bl. 68 van die vorige nommer, XII : 4, November 1974. Ongelukkig het ernstige setfoute ingesluip, en die redaksie het besluit om die gedig te herdruk.

## BOEKBESPREKINGS

Walton, James: **Water-mills, Windmills and Horse-mills of South Africa**, pp. XX, 204, 250 lyntekeninge en foto's. C. Struik, Kaapstad — Johannesburg, 1974. R12,50.

'n Boek deur James Walton oor historiese geboue in Suid-Afrika is altyd iets besonder. Die jongste boek oor meulens in Suid-Afrika is op hierdie stelreel geen uitsondering nie. Die ou meulens in ons land het reeds gedurende 25 jaar die skrywer se aandag getrek. Aanvanklik was daar meer as 2 000 meulens in ons land; vandag het slegs 'n klein aantal oorgebly en meer as die helfte hiervan is selfs nog nie gedokumenteer nie.

Meulens in Suid-Afrika is gebruik vir die maal van koring en mielies sowel as vir houtsgery, metaal en snuif. Die bedryf het begin met handmeulens, later kom windmeulens, watermeulens, horisontale watermeulens, perdmeulens en ander. Elkeen van hierdie verskillende tipes word tot in besonderhede beskryf, toegelig met tekeninge, sketse en foto's. Dis merkwaardig hoeveel Afrikaanse woorde hierby ter sprake kom: kruishoutjie, doppieshark, kruisyster, jaagbesem, skuiwer en die koringskop wat dikwels van vader op seun oorgegaan het en wat 'n kunswerk op sigself is.

Uit die aantal meulens op sekere tye kan belangrike gevolgtrekkings gemaak word: in 1840 ongeveer 250, in 1860 reeds 600. Dit wys op beter lewensomstandighede en landboumiddele. Ook op hierdie gebied het die ontdekking van diamante groot invloed gehad deurdat skielik vir die toenemende bevolking baie meer graan nodig was.

Van elke meultipe verneem ons hoe dit in die oudheid gebruik is, dan na Wes-Europa en daarvandaan na die Kaap gekom het. Party meulens, soos die Knorhoek-watermeul naby Somerset-Wes is uniek. Baie aandag is gegee aan verskillende onderdele soos die menigte kruine van Suid-Afrikaanse meulens, elkeen toegelig met 'n skets of foto. Daar word bespreek hoe met restorasie van belangrike meulens te werk gegaan moet word en ons kan kennis maak met die volledige verslag van C. Bremer in 1935. 'n Hollander wat die Mostert-Meul in die Kaap gerestoreer het en uitvoerige aanduidings verskaf het hoe om die meul te laat werk en te onderhou. Selfs die voorwaardes waaronder 'n meul van een hand in 'n ander vroeër oorgegaan het, gee partymaal ook 'n baie goeie kyk op maalkraktyke wat destyds toegepas is.

Die meulens is deurgaans in dorpe, op plase of by sendingstasies. Vandag vorm hulle 'n belangrike kultuurbesit en alles behoort in die werk gestel te word om hulle te bewaar. Deur 'n aantal instellings, soos die "Historiese Huise van Suid-Afrika" Bpk. en die Nasionale Monumentekommissie is hiermee reeds 'n begin gemaak. Maar daar kan baie meer gedoen word. Met wrywing van meulstene, hitte en vonke is brandgevaar natuurlik 'n gedurige bedreiging en menige pragtige meul het in vlamme opgegaan.

James Walton beskik oor argitektoniese kennis, maar hy het bowendien 'n skerpe oog vir historiese belangrikheid en beskik oor estetiese aanvoeling. Hy het hom verdiep in mededelings van vroeëre reisigers in

die binneland en skilderye en prente waarop meulens voorkom. Hieruit kan in veel gevalle noukeurig afgelei word hoe sekere meulens vroeër gelyk het.

Die boek het 'n bibliografie, vier landkaarte wat verspreiding van verskillende soorte meulens in Suid-Afrika aantoon en 'n opgawe van die aantal meulens in 1830, 1860, 1870 en 1880. Vanselfsprekend is daar 'n uitvoerige indeks.

Dit is 'n boek wat mens met plesier lees. Dis goed geskryf, en dit is 'n belangrike studie oor 'n onderwerp waarvan nog maar min bekend was. Die illustrasies is uitstekend. Elkeen wat belangstel in ons ou boukuns of ons kultuurskatte, behoort met hierdie boek kennis te maak.

Woodward, C. S.: **Oriental Ceramics at the Cape of Good Hope 1652-1795**; pp. XII, 228, 211 ill. (6 in kleur). Kaapstad, A. A. Balkema, 1974. R25.

Soos die ondertitel aandui beoog die skryfster om met hierdie boek 'n oorsig te gee van die V.O.K. se handel in porselein, die keramiek met die V.O.C.-monogram, die rol wat die Kaap hierby gespeel het en die moderne versamelings van hierdie porselein. In werklikheid is haar benadering baie omvattender as dit.

Plaaslike heersers en omstandighede was die oorsaak dat Hollanders en Engelse 'n beperkte handel in Canton en die Hollanders op Decima voorkeur geniet het. Die gebruik van tee, wat in Europa in die tweede kwart van die 17de eeu geweldig toegeneem het, het 'n aansienlike invloed op die porseleinhandel gehad. Waar porselein in Wes-Europa, en ook in Suid-Afrika, altyd taamlik duur was, en dit vandag nog altyd is, was dit in die Ooste volop en goedkoop. Party fabriekes in Sjina, dikwels in die binneland geleë, het naderhand begin werk volgens bestellings uit Europa. Hiervoor is meestal 'n tekening gestuur, waarvolgens die Sjinese moes werk. Na verloop van tyd het die ontwerpers die Europese aanduidings leer ken. Maar vir die tipiese Westerse sfeer het hulle nooit aanvoeling gehad nie. Ook vanuit die Kaap is bestellings in die Ooste geplaas. Daar bestaan porselein met wapens van Kaapse families en met afbeeldings van Tafelbaai. Tafelberg is partymaal nogal vervorm, soos ons dit ook van toenmalige skilderye ken. Van die porselein met familiewapens is vandag slegs 'n beperkte aantal eksemplare in Suid-Afrika: v.d. Stel, Arentz, Swellengrebel, Jan de Wit (John White), Kirstin, v.d. Graaf, v. Aerssen en Cloete. Maar watter statige rykdom aan kleur moes die volledige stelle vroeër nie gehad het nie!

Daar bestaan in Suid-Afrika besondere belangstelling vir Africana, waartoe ook porselein met die V.O.C.-monogram gereken kan word. In vergelyking met ander dele van die wêreld is ons besit aan hierdie keramiek groot. Hierby moet egter wel in gedagte gehou word dat tradisie moeilik uitsterf en dat in die Ooste porselein nog reëlmatig met die bekende monogram versier is, ook lank nadat die V.O.K. opgehef was. By die monogram kom partymaal ander letters voor, soos C.N., en die skryfster pluus die betekenis hiervan sorgvuldig uit.

Uit skerwe wat by opgrawings in die binnestad van Kaapstad te voorskyn gekom het, blyk dat ook reeds in die tyd van Jan van Riebeeck

porselein in gebruik was. Hoeveel dit was kan moeilik beoordeel word. Wel het Van Riebeeck se opvolger, Wagner, Here XVII in Amsterdam nadruklik om amptelike porselein-goed vir gebruik in die Kasteel versoek. Ewemin kan met sekerheid bepaal word hoeveel porselein uit die Ooste direk na die Kaap gekom het. In meeste ou boedelbeskrywings word nie duidelik onderskei tussen porselein en erdewerk nie. Trouens, baie porselein het deur middel van sluikehandel na die Kaap gekom, waarby daar baie siervoorwerpe en nie net gebruiksgoed was nie. Dit lyk egter asof daar in die helfte van die 18de eeu genoeg was vir elkeen... wat dit kon bekostig. Uit ou reisverhale kan afgelei word dat selfs die trekboere diep in die binneland wel een of meer stukkies porselein besit het, al was dit dikwels vol barste en krake. Party huishoudings in die Kaap het selfs oor oormatige hoeveelhede porselein beskik.

Mev. Woodward gaan na watter versamelings van Oosterse porselein in Suid-Afrika bestaan. Dit lyk asof die groot verkoping in 1913 van die Koopmans- de Wet versameling 'n voorbeeld gestel het, wat deur menige ander versamelaars noukeurig nagevolg is. Daardeur kan 'n homogeniteit tussen Suid-Afrikaanse versamelings vasgestel word, waarby nie op een of twee gebiede dieper ingegaan word nie. Die resultaat is dat daar ernstige hiate bestaan in die porseleinbesit in ons land. Vir studiedoeleindes is die meeste versamelings maar oppervlakkig bygeskryf en werklik belangstellende studente behoort die geleentheid te kry om oorsee te studeer, omdat in Suid-Afrika net nie genoeg materiaal aanwesig is om 'n minimum van kennis te kan opdoen nie.

Dit is die eerste uitvoerige boek wat oor porselein aan die Kaap en die aandeel wat die Kaap aan die porseleinhandel gehad het, verskyn het. Daar is 'n groot aantal opmerklik duidelike afbeeldings, sketse wat vergelyking moontlik maak, bespreking van versamelaarsmark, veilings en nuttige wenke oor merke en kwaliteit. Deurdadig dit nie bloot tot die onderwerp beperk nie, maar uitvoerig op baie aspekte van die agtergrond ingaan, moet hierdie boek beskou word as 'n standaardwerk, wat baie sterk aanbeveel word vir elke liefhebber van porselein, Africana en ekonomiese en sosiale geskiedenis van die eerste twee eeue van die Kaapse nedersetting.

Clark, G. & Wagner, L.: **Potters of Southern Africa**, pp. 200, 300 illustrasies (deel in kleur). Kaapstad, C. Struik, 1974. R12,50.

Dit is verblydend dat in die laaste jare belangstelling vir pottebakery in Suid-Afrika toegeneem het. Ook op hierdie gebied is natuurlik sprake van uiteenlopende rigtings en opvattinge: die tradisionele sienswyse van die vyftiger jare, die meer ekspressionistiese benadering tien jaar later. Deurgaans is erdewerk nog nie onbereikbaar duur nie, maar ook hier is, soos met alles, 'n redelike kennis nodig. Namate kuns duurder word, sal erdewerk die plek van 'n deel daarvan gaan inneem. Dit sal op sy beurt weer lei tot hoër pryse en invloed van sosiale prestige.

Dis opvallend hoe weinig invloed die Bantoe op die keramiekindustrie gehad het, met uitsondering van versiering hier en daar. Die ateljee by Rorke's Drift gebruik werkers wat grotendeels by Europese vereistes aangepas is. Ook is dit opmerklik hoeveel van ons keramiekkunstenaars een of ander tyd opleiding in Engeland ondergaan het.

Tog lyk dit asof daar vir jonger veelbelowende kunstenaars nie voldoende geleentheid bestaan om op die gebied van hul belangstelling aan te gaan nie. Baie studente wat met sukses in keramiek-kuns opgelei is, beweeg naderhand op heeltemal ander gebiede wat met hul opleiding weinig verband hou. Meeste erdewerk wat gemaak word is gebruikskerdewerk en eetgerie. Aan kunswerke word weinig aandag gegee. Die mark is ook nie baie simpatiek teenoor sulke uitings nie en dit kan nie ontken word nie dat party vorme baie onprakties is.

Dis jammer dat die skrywers hoegenaamd geen aandag gegee het aan vroeëre navorsing nie. Die feit dat die boek as eerste diepgaande navorsing op die gebied van pottebakkerie in Suid-Afrika beskou word, is 'n groteske oorskating. In werklikheid het 'n hele aantal artikels oor die onderwerp in Suid-Afrikaanse tydskrifte verskyn, terwyl "Contemporary Pottery in South Africa" (1963) 'n oorsig gee van pottebakkerie in Suid-Afrika twaalf jaar gelede, en ook ingaan op die bemarkingsprobleme. Van dit alles is die skrywers blykbaar volkome onbewus en hulle beperk hulle tot uitsprake en teorieë wat weinig oorspronklik en soms volkome onbelangrik is. Van die kunstenaars wat hulle bespreek, en wat bepaal is volgens persoonlike voorkeur en nie volgens belangrikheid nie, hoor ons deurgaans nouliks meer as 'n lewensoorsig met 'n baie kort toevoeging oor die werk. Dit is onvoldoende en die teks moet as teleurstellend beskou word.

Nogtans bevat die boek 'n groot aantal illustrasies, deels in kleur, wat 'n indruk gee van wat hier en daar in ons land gemaak word. Die toelighting by hierdie afbeeldings is grondig en meld gebruikte materiaal, die afmetings, herkoms en huidige eienaar. Hieruit blyk dat daar uitstekende erdewerk in Suid-Afrika gemaak word. Vir die leser wat minder bekend is met die gebied, is daar 'n praktiese verklarende woordelys. Bowendien is daar 'n uitstekende indeks. As ons vandag se produksiekoste in aanmerking neem, is die boek 'n goeie koop vir sy prys.

De Villiers, S. A.: **Otto Landsberg, 1803-1905, 19th Century South African Artist**; pp. 120, 58 ill. (deel kleur). Kaapstad, C. Struik, 1974. R12,50.

In 1956 het Potchefstroom in die besit gekom van 'n baie belangrike versameling skilderye deur Otto Landsberg. Die versameling was 'n erflating van A. F. E. d'Ange d'Astra, 'n afstammeling van die skilder. Daar was tot op daardie tydstip baie min bekend oor Otto Landsberg as persoon en van sy werk was nie een enkele eksemplaar aanduibaar nie. As gevolg van hierdie studie deur mnr. de Villiers beskik ons nou oor 'n goeie oorsig oor Landsberg.

Na die Napoleontiese oorloë was toestande in Duitsland nie baie aantreklik nie. Dit het Cornelius von Landsberg uit Hessen laat besluit om sy geboorteland te verlaat. Op aanrade van kapt. F. Steitz, wat reeds hier was, het die oog geval op die Kaap. In November 1817 het die familie met 'n rivierboot uit Kassel na Bremen gereis en vandaar oorsee na Delftzijl en vervolgens na Amsterdam. Hier het hulle in Februarie 1818 aan boord gegaan en na baie wederwaardighede op 9 September in Simonstad aangekom. Hier is almal baie gul en hartlik ontvang.

Hoewel Otto se kunsaanleg nie deur sy ouers teengegaan is nie,

het hulle tog daarop aangedring dat hy 'n vak moet beoefen om in sy lewensonderhoud te kan voorsien. Hy het 'n handel in snuif begin, wat in daardie tyd nog as 'n geneesmiddel beskou is. Inmiddels het hy ook privaattlesse in kuns gegee en vir 'n aantal jare was hy kunsonderwyser aan die Nut-skool. In 1864 het hy 'n reis na Europa onderneem, waar hy veral beïndruk was deur die werke van Turner, Constable, Rubens en Raphael.

Vir sover dit nagegaan kon word, het Landsberg ongeveer 200 olie-en waterverfskilderye nagelaat en 'n aantal tekeninge. Sy onderwerpe omvat landskappe, portrette en na sy Europese reis veral Bybelse taferele.

Dis nie onmoontlik nie dat Landsberg kunsklasse by die bekende beeldhouer Anton Anreith gevolg het nie. Ongelukkig het slegs 'n deel van sy werk oorgebly en hoofsaaklik uit die laaste deel van sy lewe, toe hy al nie meer oor sy volle kragte beskik het nie. Die oorgeblewe werk maak die indruk dat hy 'n talentvolle amateur was. Dis opvallend dat die invloed van die groot meesters oorsee by hom beperk gebly het tot kopiëring en donker kleure. Dis duidelik dat hy hierdie werke nie goed deurgrond het nie en waar mens moontlik 'n neiging na die impressionisme kon verwag, het juis die teenoorgestelde plaasgevind. Sy figure is dikwels uit verhouding ("Wasvrouens"). Meeste van sy tekeninge kom nouliks uit bo navolging, op skoolse manier, van die neo-klassisistiese opvatting.

Die belangrikste werk wat Landsberg gelewer het is sy landskappe. Hulle is kultuur-histories beskou baie interessant: taferele in Kaapstad, Wynberg, Rondebosch, Stellenbosch, Worcester en ander. Twee werke van Bain's Kloof gee 'n baie goeie kyk op hoe dit in die begin gelyk het. Ook in hierdie werke is die figuurtjies buite verhouding.

Tegelykertyd kan nie ontken word nie dat hierdie werke, met hul egaal verspreide lig, aantreklik van kleur is en 'n lewendige sfeer uitasem. Soms gee die figuurtjies blyk van 'n gesellige sin vir humor en 'n diep belangstelling en aanvoeling vir die pragtige natuur in die Kaap. Nogtans, ons mag nie finaal oor Landsberg se werk oordeel solank as wat daar geen werke van hom uit vroeër periodes bekend word nie. Ons vra ons wel af wat tog van hierdie werke kon geword het.

Mnr. de Villiers het baie verdienstelike werk verrig. Waar die geleentheid dit vereis, is sy oordeel grondig en hy het, ondanks beperkte bronne, daarin geslaag om ons 'n redelike beeld van die persoon en die werk van Landsberg te gee. Die afbeeldings is goed en duidelik en daar is gelukkig 'n hele aantal in kleur. Hierdie boek is 'n baie welkome toevoeging tot ons kennis van die Suid-Afrikaanse kuns in die vorige eeu.

## KORT BOEKBESPREKINGS.

Aletta Lübbe: **Die kleiperd.** 108 bl. Perskor-uitgewery, Johannesburg 1973. Prys R1,20.

Alhoewel hierdie bundel saamgestel is uit n reeks losstaande verhaaltjies, is daar 'n deurlopende draad wat saamsnoer: al die stukke gaan naamlik oor die stadseun Frans en sy bande met die plaaslewe. Sy liefde vir die grond word gevoed deur sy kontak met 'n milieu en 'n leefwyse wat by die meeste stadskinders aan 't verbygaan is. Op die Suid-Vrystaatse plaas van sy oupa en ouma leer Frans dié dinge ken wat eie is aan ons vroeëre volksbestaan: kleilat gooi en kleidiere maak: swart stoof en bossiegeurvuur, krummelpap en aangebed. Die verhaale is van oneweredige gehalte. Die bestes is juis dié wat oor die plaaslewe gaan. Die skryfster is kennelik bekend met die wêreld in dié verhaale. Die titelverhaal, **Die kleiperd**, is in alle opsigte die voortreflikste in die bundel, terwyl 'n vertellinkie soos **Een minuut voor die eindfluitjie** nie heeltemal in die sfeer van die bundeltjie pas nie. Die skryfster se grootste bydrae lê juis in die herskepping van spesifieke sfeer.—M.M.B.

Karel Schoeman: **Eroica: 'n Roman oor die lewe van Beethoven.** 164 bl. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria 1973. Prys R2,95.

Met **Eroica** durf Karel Schoeman vir die derde keer die lewensbeskrywing-in-romanvorm van 'n groot kunstenaar aan. In **Die hart van die son** het dit oor Shakespeare gegaan, terwyl Rembrandt in **Lig in die donker** aan die beurt kom. In **Eroica** is dit Ludwig van Beethoven se lewe wat beskryf word. Soos die ander twee romans kan **Eroica** met reg beskryf word as “goeie, konstruktiewe leesstof, veral vir jongmense.” Daarby bly dit egter. Van 'n boeiende, meevoerende spanningslyn wat allernoodsaakliks is, veral in 'n roman vir die tiener, is daar geen sprake nie. Selfs Beethoven se toenemende doofheid wat immers stof bied vir sterk innerlike spanning, bly onontgin en word slegs sporadies en byna toevallig bygebring. Karakterisering sowel as die daarstelling van die wêreld van die tyd van Beethoven bly vlak en daar is min van die heroïese waarop die titel sinspeel, te vinde. Tog kan die boek aanbeveel word in die lig van die skrale oes wat daar in Afrikaans bestaan t.o.v. die historiese roman vir die jeug.—M.M.B.

P. G. Hendriks: **'n Spyker vir Slypsteenkop.** 156 bl. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria 1974. Prys R3,95.

“Wat mens werklik liefgehad het, gaan nooit verlore nie: dit kleur jou siel, dit bly, dit groei en gaan met jou saam.” Met hierdie woorde dui die skrywer self die wesenselement van **'n Spyker vir Slypsteenkop** aan. Dit gaan oor die verlange na 'n jeughartland, waarvan in die konkrete sin, daar vir die skrywer slegs 'n spyker in 'n boom oorgebly het. 'n Spyker wat in 'n blinkblaar ingeslaan is cenkeer toe daar op die Bosveldplaas Slypsteenkop gekampeer is. Maar die spyker word meer as 'n spyker: “Die dinge wat 'n mens gebruik lewe soveel langer as hy. Al is dit net 'n spyker wat hy inslaan om iets aan te hang.” P. G. Hendriks se tweede boek is reeds voor publikasie met die Jochem van Bruggenprys van die Departement van Nasionale Opvoeding bekroon. Dit is nie in die volle sin van die woord 'n jeugboek nie. Of dalk juis wel: 'n boek vir ouere “jonges” ook. Want dit spreek beslis tot die volwassene

in wie daar steeds die verlange na ver, vroeë plekke en mense skuil. Vir die jong leser onthul dit 'n wonderwêreld van bosveldnagte en bosveldkampvure; van jagtogte tussen kameeldoring en blinkblaar, van verdwaal, sodat selfs die sterre onherkenbaar word. Die boek se swakheid en sy krag lê moontlik hierin: dit sny in twee wêreldes in. Die grootmens met 'n landelike agtergrond sal sy eie vae verlange daarin verwoord vind. Die jongmens wat die sin vir die klein eenvoudige vreugdes het, sal in P. G. Hendriks se boek 'n nuwe wêreld ontdek. Dis 'n boek wat Pa maar gerus vir sy seun kan voorlees.—M.M.B.

Venter, Ben: **Frik**. 121 bl. Perskor, Johannesburg 1973. Prys R3,20.

**Frik** is Ben Venter se nuutste jeugboek en dit gaan oor die kwa-jongstreke van 'n paar opgeskote seuns. Elke hoofstuk word gewy aan 'n ander eskapade en dit veroorsaak 'n gebrek aan hegtheid in die verhaal. Daarby is die seuns se avonture ietwat geïnk. Episodes wat vertel van vrugteteel en 'n jagspinnekop in die kerk is moontlik al ietwat holrug gery. Tog kom die skrywer telkens met 'n klein vinjet of 'n enkele woordvonds wat 'n mens tot onder jou vel laat lekkerkry; so is daar die uitstapjie van Frik en Stoker saam met Outa Willem Vaalrivier toe. En waar wil mens 'n beskrywende naam kry as Oom Rondom-lelik wat deur sy vriende Meermooi genoem word? — M.M.B.



Liewe lesers en leseresse,

Raai-raai, skryf ek vir Doortjie (my vriendin Mrs. Doris Worthington-Smith uit Natal, u sal onthou), wat ruik tog deesdae so snaaks in die Kaap? "Darling, remember you Milton," skryf sy vir my terug. Ongemanierd, dag ek. Wat sukkel sy nou met 'n ontsmettingsmiddel. En ek skryf vir haar so. "Really, Sweetie," skryf sy terug. "I should have thought you've got more culture. I was referring to the Poet. He tells us of the 'fishy fumes' of the Deep, and Cape Town being what it is, and what with the summer's heat and all that — one can expect quite a wave of fishy fumes, I should think." "Nee, Doortjie," sê ek, "nee; ek dink dit moet al die uitgegraafde ou koeie daar by die somerskool wees..." — "I've heard it referred to as Polley's Bergères," skryf Doortjie. Daar weet ek nou nie van nie; maar noudat jy dit sê, dit gaan bra kalerig aan daar, jy weet: met kaalkop, kaalvuiste en so, bedoel ek nou; en daar wórd nogal die een en ander blootgestel, sou ek reken. Maar wat ek nou in gedagte gehad het, is al die ou koeie wat uitgegrawe is oor Professor Van Wyk Louw en die Verkrampes se Aanslag (en is dit nie vir jou twee ou koeie nie, dié ou woordjies **verlig** en **verkramp**; skoon holrug gery al, "afgebeulde, seerrug woorde" soos Professor Van Wyk Louw inder tyd vir Gustav Preller aangehaal het toe hy gepraat het oor ons ou volkie wat maar nie van **woorde** kan wegkom nie; soos 'n ander Professor gesê het: mens kry teen dié tyd darem al van dié ou woordjies 'n paar ligte krampies.) Maar nou van vis gepraat, dié ou koeie van meneer Human... "Darling," skryf Doortjie vir my, "Is Mr. Human a poet?" — "Nee, gits, Doortjie, hy is mos 'n aangetroude digter — ag ek bedoel, aangetroude familie van die digter." Maar dié ou koeie, wou ek sê, is ook maar 'n bietjie "fishy". Ek bedoel, kyk nou maar hoe moet meneer Human so elkers sê dat hy een van die ou koeie uit 'n betroubare sloot — ag, "bron" — gekry het; is ons dan nie grootgemaak om skrikkerig te wees vir hoor-sê nie? En ek herinner my mos 'n ander ding. Of twee. Professor Van Wyk Louw was die man wat vir ons van die oop gesprek geleer het, en hy het ook gesê mens moet tog maar nie so lol met die mens-agter-die-boek nie. Maar ná wat mens nou alles in die Kaap gehoor het, moet 'n mens nie maar liever jou gesprekke, soos jou roksak, toehou nie? 'n Wag voor jou mond sit — en 'n wag voor jou deur? En dit lyk dan vir my so asof die **mense** tog deesdae die boeke so toestaan dat jy hulle sowaar nie weer maklik óop kry nie.

Maar iewers is daar tog 'n ligpuntjie, en dit by die S.A.U.K. Nou nie by Springbok-radio nie, wat ewe paslik in die Taalfeesjaar die taalmanne laat gryp het na C. P. Hoogenhout se **Fooruitgang** ("Engels! Engels! Alles Engels!") Nee, by die Afrikaans Diens, op Sondagmiddae. Want as jy beswaard sou raak oor al die moeilikhede met ou koeie en heilige beeste, kan jy jou hart daaraan ophaal dat daar nog **Vers**-vreugde is. 'n Bielie, nee, 'n bul van 'n ingewing!

"Season of mists and mellow fruitfulness", haal Doortjie aan by die kontemplasie van die natuur in Natal. Herfs, bedoel jy, Doortjie? Herfs en Hertzogpryse? Mistigheid wat hang oor die beslissings, mislikheid as die indoenas mis mik; bitter min wat ooit mellow is in die herrie wat daarop volg; en van vrugbaarheid is daar nie veel nie. Maar wie weet watter vruiggie kan dit tog vanjaar baar — vir Brink, Bartho... of Basta?

Benieud die uwe,  
Ou Grietjie.

## LITERÊR-AKTUEEL

### 'n Brief aan die Redaksie

Klercklaan 90  
Brandwag  
BLOEMFONTEIN  
13 Desember 1974.

Die Redaksie  
Tydskrif vir Letterkunde  
PRETORIA.

Geagte dr. Botha

Met verwysing na my bespreking van prof. P. J. Nienaber se DIGTERS EN DIGKUNS in die Mei 1974-uitgawe van TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE, die volgende: Na bespreking met prof. Nienaber begryp ek dat die teks wat ek vir my resensie gebruik het, verouderd is en dat DIGTERS EN DIGKUNS sedert die vyftiende druk grondig hersien en verbeter is. Daarom bied ek graag verskoning aan aan prof. Nienaber.

Billikheidshalwe wil ek darem ook net meld dat die betrokke uitgawe wat ek bespreek het die uitgawe is wat ek en my leerlinge in 1973 nog gebruik het (ek was toe aan die Hoërskool Pretoria-Noord verbonde as onderwyser). Dat die Departement inderdaad opdrag gekry het om die vyftiende druk terug te trek en met die verbeterde druk te vervang, het ek eerlikwaar die eerste keer verneem toe ek die saak met prof. Nienaber bespreek het.

Die uwe  
M. J. PRINS



